

'n Afrikaans - Handleiding

vir

STANDERD SES

deur

C. P. VAN DER MERWE, B.A., B.Ed.

en C. M. KEET, B.A.



NATIONALE PERS BEPERK — KAAPSTAD
BLOEMFONTEIN EN PORT ELIZABETH

1942

5kb
439.368
VAN

'n Afrikaans-Handleiding

vir

STANDERD SES

deur

C. P. VAN DER MERWE, B.A., B.Ed.

en C. M. KEET, B.A.



NASIONALE PERS BEPERK — KAAPSTAD
BLOEMFONTEIN EN PORT ELIZABETH

1942

Voorwoord

Die doel van hierdie boekie is om veral vir die leerling maar ook vir die onderwyser 'n handleiding te gee wat die hele leerplan sistematies kan dek. Ons het probeer om al die belangrike taalsake in te sluit en om vir die leerling die regte ding te gee. Ons glo dat dit oor die algemeen in alle opsigte beter is om vir die leerling die regte ding te gee as om hom te vra om die regte vorm te gee. Op dié manier sal aantekeninge wat die leerling so graag verkeerd neerskrywe, tot 'n minimum beperk word.

Vir leerkrigte wat sterk glo aan taaloefeninge, is 'n reeks oefeninge ingesluit. Hulle is in een hoofstuk geplaas, maar hulle is in dieselfde volgorde as die hoofstukke gerangskik. Bale van die oefeninge is onontbeerlik. Onderwysers(-esse) moet maar oordeelkundig uitsoek; dit sal trouens ook met ander dele van die boek die geval wees.

Ons is dank verskuldig aan ons kollega, mnr. J. du Toit, vir belangstelling en wenke. Ook 'n paar bronne wil ons dankbaar erken, veral die „Tweetalige Woordeboek” van dr. D. B. Bosman en mnr. I. W. van der Merwe en die „Afrikaanse Taalen Styloefeninge vir Engelssprekende Leerlinge” van mnr. A. S. V. Barnes.

Mag ons ten slotte 'n beroep op kollegas (en leerlinge) doen om daadwerklik te reageer op die gebruikelike uitnodiging om kritiek (veral afbrekend!) te lewer. Ons dank u nou al.

DIE SAMESTELLERS.

Hoërskool Dirkie Uys,
Moorreesburg,
1 Mei 1942.

INHOUD

<i>Hfstk.</i>	<i>Bls.</i>
I. DIE OPSTEL	1
II. DIE BRIEF	9
III. BEGRIPSTOETS, PARAFRASE, UITTREKSEL, DIREKTE EN INDIREKTE REDE	17
IV. GRAMMATIKA	24
1. KLANKLEER	25
Uitspraak	25
Aksent	25
Lettergrepe	26
Klanke	26
Spelling	26
Klanknabootsing	28
2. BUIGINGSLEER	29
Verbuiging en Vervoeging	29
Die Rededele	29
Dieselfde Woord as Verskillende Rededele ..	30
Die Naamwoord (Soorte, Getal, Geslag, Verklein- woorde, Naamval)	31
Die Voornaamwoord	40
Die Byvoeglike Naamwoord	42
Die Lidwoord	47
Die Werkwoord (Soorte, Tyd, Vorm, Wyse, Deel- woord)	48
Die Bywoord	54
Die Telwoord	55
Die Uitroep	55
Die Voegwoord	55
Die Voorsetsel	55

3. WOORDVORMING :	
Samestellings (Samevoeging van verskillende Rededele, Sinsiewe Byv. Nwe. of Bywe., Differensiasie, Skeibare en Onskeibare Wwe., Die Koppelteken)	61
Afleidinge (Stamverandering, Voor- en Agtervoegsels, Paronieme, Afgeleide Wwe., Afgeleide Bywe., Afgeleide Nwe., Afgeleide Bnwe., Name van Lande, Volkere, ens.)	67
4. SINSLEER	75
Soorte Sinne	75
Die Enkelvoudige Sin	76
Die Samegestelde Sin	76
Die Veelvoudige Sin	79
Voegwoorde en Woordorde	81
Ontleding	83
Sinsbou	84
Dubbele Ontkenning	85
5. BETEKENISLEER	86
Betekenisverandering	87
Sinonieme	88
Paronieme	89
Antonieme	89
Homonieme, Homofone en Kwasi-Homofone	90
Passende Woorde	92
Plaasvervangers	93
Woorde wat Verwar word	95
Woorde en Uitdrukkinge in Sinne	95
V. LEESTEKENS EN HOOFLETTERS	100
VI. IDIOME	105
Idiome en Rym	119
Idiome deur die Volk geskep	124
VII. ANGLISISMES	127
VIII. VERTALINGS	140

<i>Hfstk.</i>		<i>Bls.</i>
IX.	AFKORTINGS	147
X.	LEES	150
	Wat moet Leerlinge lees?	150
	Hoe moet Leerlinge lees?	151
	Leerlinge as Skeppers	151
XI.	OEFENINGE	152
	Die Opstel	152
	Die Brief	153
	Begripstoetse en Sy Maats	153
	Grammatika	154
	Klankleer	154
	Buigingsleer	155
	Woordvorming	163
	Sinsleer	166
	Betekenisleer	168
	Punktuasie en Hoofletters	172
	Idiome	173
	Anglismes	173
	Vertalings	174
	Afkortings	174
	Oor Literatuur	174
XII.	ALGEMEEN	175
	Hoe leer 'n Mens 'n Taal aan?	175
	Ons Taalfoute	175
	Grammatika en die Lewende Taal	175
	Handhaaf en Bou	176

HOOFSTUK I

DIE OPSTEL

Die leesperiode is verby en terwyl die kinders hulle boeke wegpak, gaan Meester na die bord en begin skryf.

Wat is dit nou weer? Nuuskierig loer hul, gebuk in die wegpakproses. 'n Sug trek deur die klas: Dis alweer 'n ou opstelskrywery! Die nare goed! Alle hoop op 'n genotvolle naweek is verydel.

Ja, ons haat opstelle, nie waar nie? Maar het leerlinge al ooit ernstig nagedink waarom? Ons kry 'n aantal onderwerpe waaruit ons een moet kies en waaroor ons ons gedagtes moet neerskryf, en dis vir ons die moeilikste en onaangenaamste taak ter wêreld. As ons nou regtig eerlik met onself is, sal ons erken dat dit darem 'n bietjie onsinnig is om so 'n onredelike haat teenoor so 'n maklike taak te koester.

Leerlinge mag miskien dié argument insien, maar die ou vrae sal nog alte seker opduik: Waarom moet 'n mens nou eintlik opstelle skryf, en waarom tel 'n opstel soveel punte in 'n eksamen? Om die vrae te beantwoord, sal ons moet verduidelik hoe belangrik die opstel werklik is:

Die vernaamste middel wat ons tot direkte kontak met die mensdom het, is deur ons spraak. Dis hierdeur dat ons vir ander mense laat verstaan wat ons dink, wat ons verlang en wat ons droom. Dis hierdeur dat ons mense leer ken en hulle vir ons. Sulwer weergawe van gedagtes in woorde is dus baie belangrik, as ons ons sulwer wil openbaar. Baie mense is lui om te soek na die juiste woorde om hul verstaanbaar te maak. Ons ken almal mense wat 'n sin nooit voltooi nie. Hul sê maar so iets van wat hul bedoel en die hoorder moet die res maar self aanvul. Sulke mense verleer heeltemal om te sê wat hul dink, en kan dus nie verwag dat ander mense hulle moet verstaan nie. Miskien het leerlinge ook al opgelet hoe baie mense daar is wat ongelukkig is, omdat hulle nie verstaan word nie. Die gebrek aan *uitdrukkingsvermoë*, d.w.s. uiting gee aan jou gedagtes en gevoelens in woorde, is 'n ernstige tekortkoming.

Aan die ander kant is daar weer min wat so 'n diep genot verskaf as juiste en suiwere uiting. Ons kan dus verstaan dat uitdrukkingsvermoë iets baie belangriks is. Maar net soos 'n mens moet *oefen* om goed tennis of klavier te speel, moet jy ook oefen as jy goed wil praat of skryf, en dis deur *die opstel* dat dié vaardigheid aangeleer word.

As ons dink aan al die dinge wat ons op skool leer: somme, geskiedenis, aardrykskunde, gesondheidsleer, dan is dit duidelik dat ons hier te doen het met werk wat van buite geleer moet word en in 'n eksamen moet weergegee word soos dit aangeleer is. Dit kom 'n mens gewoonlik baie sleg te staan as jy jou eie storiëtjie oor 'n geskiedkundige feit wil vertel! Jy moet gee wat die geskiedenisboek gee. Net so met die ander vakke. Daar is hier dus geen kans vir iets van jou eie gee nie. Die enigste geval waar jy die reg het om te skryf net wat jy wil en te sê net hoe jy voel, is in die opstel.

Ons dink mos nie almal eenders nie, ook voel ons nie eenders nie, en dis hier waar ons kans kry om uiting te gee aan ons *oorspronklikheid*. Onderwysers(-esse) en eksaminatore kry slegs hier die kans om leerlinge te beoordeel i.v.m. hul persoonlike gedagte- en gevoelswêreld wat tog maar die belangrikste deel van ons is. Dis om dié rede dat die opstel so hoog geskat word in 'n eksamen.

Omdat die opstel nou die enigste iets van ons eie is waarvoor ons op skool krediet kan kry, moet *die opstelboek as ons trots beskou word*.

'n Mens moet egter nie die fout begaan om te dink dat slegs wanneer jy vir skooldoeleindes skryf, jy jou gedagtes noukeurig moet uitdruk nie. As dit die geval is, sal die opstel in sy groot doel misluk.

Jy moet gedurig besig wees met oefen om *korrek te dink*, jou gedagtes mooi te rangskik en in die juiste woorde te stel. Dié oefening moet 'n *lewensgewoonte* word.

Dit is bepaald nie op skool alleen dat ons krediet kry vir of veroordeel word vanweë ons uitdrukkingsvermoë nie. In die daaglikse lewe is ons gedurig besig met opstelle waardeur ons ons blootstel aan kritiek: Dink maar aan die briewe wat geskryf word. Is ons bewus daarvan dat elke brief wat ons pos, 'n advertensie van ons is? Kan ons altyd trots wees op daardie advertensie? Is ons bewus daarvan dat elke storie wat ons vertel, inderdaad alles wat ons praat, 'n getuigskrif is wat ons aan die wêreld toon?

Indien leerlinge oortuig is dat die opstel belangrik is, sal hul seker graag wil weet hoe om te werk te gaan om 'n sukses te maak van die taak wat maar altyd vir hul die grootste las van die skoollewe was:

Uit 'n aantal onderwerpe kies ons die een wat ons die meeste interesseer. Natuurlik het almal nie dieselfde belangstelling nie; daarom sal onderwysers(-esse) altyd sorg dra dat die gegewe onderwerpe verteenwoordigend is van verskillende rigtings waarin die belangstelling gaan. Sommige hou van 'n opstel waarin 'n uiteensetting van 'n vraagstuk, 'n beskrywing van 'n uitvindsel of 'n bespreking van 'n geskiedkundige onderwerp kan gegee word. In so 'n geval word inligting omtrent dié onderwerp verkry deur boeke of persone wat kennis van die saak het, te raadpleeg. Kies ons egter 'n onderwerp waaroor ons 'n storie kan skryf of in verband waarmee ons persoonlike gevoelens en gewaarwordinge wil openbaar, gee ons ons verbeelding vrye teuels en probeer ons 'n oorspronklike skoonheid skep.

Dit is dan ook veral die laaste tipe opstel wat die gedagte-wêreld blootlé en waarin uiting gegee word aan die gevoelens, drange en begeertes, die gedagtes en drome wat ons oomblikke van stilte vul. Die geheim tot sukses hier is: *Wees jouself*, d.w.s. 'n mens moet vrymoedigheid en eerlikheid hê om te sê presies wat jy dink op 'n manier wat aan jou eie is. Moenie dink dat mooi woorde of gemaakte beskrywings hoë punte sal besorg nie. Alleen wanneer jy *natuurlik, duidelik, eenvoudig* en *oorspronklik* sê wat jou gevoelens en gedagtes is, is jou werk suiwer en verdienstelik.

Nadat ons op 'n onderwerp besluit het, word daar eers 'n *skema* van die opstel opgestel. Dis onmoontlik om 'n mooi, logiese geheel te gee, selfs al gee ons 'n verbeeldingsprodukt, tensy ons uitgewerk het hoe om 'n mooi eenheidseffek aan die werk te gee, en die indruk van absolute afgerondheid te skep. Die ou metode van opstelvoorligting (inleiding, liggaam, slot) bevat tog die groot waarheid. *'n Opstel is 'n probleem wat mooi uitgewerk moet word.* Gewoonlik stel die inleiding waaroor die opstel handel, bevat die liggaam die bespreking of beskrywing, en kom ons tot 'n oplossing of slotsom in die laaste paragraaf. Leerlinge stel dan 'n skema op waarin duidelik uiteengesit word wat onder elk van die drie hoofde bespreek word. *'n Raamwerk* word aldus vir die opstel gevorm waarvolgens die werk dan in netjiese paragrawe, elk bestaande uit 'n volledige gedagte, verdeel word.

Natuurlik sal ons, al tref ons al die genoemde voorbereidings, nie somaar dadelik 'n prysopstel kan skryf nie. Soos reeds gesê, moet ons oefening hê, alvorens vaardigheid kan bereik word. Die volgende hulpmiddels in dié verband kan leerlinge gerus beproef:

As ons klavier wil leer speel, gaan ons na 'n meester wat ons kan voorligting gee. As ons wil leer skryf, is dit dus ook gerade om 'n *meester te raadpleeg*. Ons letterkunde bied 'n ryk veld hiervoor aan. Deur te let op die woordgebruik en manier van vertel van ons groot skrywers, leer ons ook spontaan 'n mate van hul kuns aan.

Dit sou interessant wees om te weet hoeveel van ons leerlinge *dagboek* hou en hoe diegene wat dit wel doen, te werk gaan. Ons verstaan gewoonweg dat 'n dagboek 'n opsomming van die dag se gebeurtenisse is. Hierdeur sal ons oefening kry in skryf en vertel, maar, wanneer die dagboek veral 'n groot rol speel in die oefening van selfekspresie en skryfkuns, is wanneer ons gewaarwordings en gevoelens omskryf, of mooi of treffende dinge wat ons ondervind het, beskryf. 'n Dagboek kan 'n wonderlike troos en 'n besondere groot vriend vir ons word, as dit gebruik word vir ontboeseminge. Ons moet net onthou om ons gedagtes in ons mooiste taal en op ons oorspronklikste manier uit te druk. Indien dit 'n *lewensgewoonte* word, mag dit tot kunstenaarskap lei.

Korrespondensie bied ook 'n gulde oefenveld. 'n Brief moet 'n kunswerk wees, sodat die ontvanger dit onmoontlik met sy ander briewe kan verbrand.

Deur gebruik te maak van *skryfkompetisies*, *publikasies* in *nuusblaaie*, *jaarblaaie* of *joernale* word uitstekende skryfoefening verkry.

Die manier waarop ons egter die meeste oefening verkry, is deur *te praat*. Probeer 'n kuns maak van stories vertel. Kyk of jy mense kan boel deur die manier waarop jy iets vertel. ('n Mens kan mos maklik afeel van die manier waarop mense reageer of hul geniet wat jy vertel.) Is jy interessant en lewendig in jou vertelling, leer jy dieselfde kuns ook in jou skrywe.

('n Interessante oefenmetode wat onderwysers gerus kan gebruik, is die volgende: Die klas sit doodstil, desnoods met toe oë. Elke kind probeer alle gedagtes uit sy brein verban en spits hom op wat die onderwyser gaan sê. In die stilte word dan 'n enkele woord b.v. „nag” gegee, en elke kind skryf

nou neer presies watter gedagtes of beelde die aanhoor van die woord by hom laat ontstaan. Hier behoort 'n groot verskeidenheid van beskrywinge te wees, indien elke kind getrou is in sy weergawe van 'n eie gewaarwording en nie probeer om te soek na iets wat hy vantevore van die woord gehoor of ondervind het nie. Ons kan die mees uiteenlopende en verrassende beskrywings verwag):

Nag

1. Swart sleep 'n trae stoet verby.... Daar is geen hoop, geen lewe en geen lig nie. Gedempte snikke sleep smartvol saam. Daar is blomme wit en pers en rooi, maar die stoet verdwyn in die gapende mond van 'n pikdonker nag wat alle kleur en lewe verswelg.

2. Hoog en helder blink 'n ster. Die halms ruis sag in die wiegende wind. Oor die velde lê die slaap.... Uit die stille hemel daal 'n groot wit kalmte wat soos 'n kleed om die wêreld vou met 'n boodskap, vol rus en genade:

3. Met 'n metaalgeluid val 'n donker klad op die egalige wit voor my oë. Dit sprei en verduister die wit tot 'n pikdonker nag. 'n Duisterheid amper tasbaar vou my toe.... Ver weg hoe-hoe 'n uil. 'n Jakkals tjank.... en spookgestaltes sweef in mistige wit verby.

Deur dié metode leer kinders vrymoedigheid om oorspronklike gedagtes uit te druk en leer hul ook fyn let op gevoelselemente, gewaarwordings en flitsgedagtes.

Nou gaan ons weer 'n paar belangrike wenke i.v.m. opstel skryf opsom:

1. Leer korrek en helder dink.
2. Kies jou opstel in ooreenstemming met jou belangstelling.
3. Wees jousef. Gee jou verbeeldingskrag vrye teuels, maar skryf *natuurlik, duidelik en eenvoudig*.
4. Elke opstel is 'n afgeronde gedagte en moet 'n mooi eenheid vorm. Alvorens 'n opstel begin word, *moet daar dus 'n raamwerk opgestel word*.

5. 'n Suiwere, korrekte taal en spelling moet gebruik word. (Ons gaan nie hier op taalfoute in nie; daaraan word elders aandag gegee.) Onthou dat die mooiste gedagte bederf word, as dit in 'n slordige, foutiewe taal gegee word. Ook moet ons nie vergeet dat ons in 'n eksamen punte verloor vir elke taalfout nie.
6. 'n Opstel moet noukeurig oorgelees word, nadat dit klaar is. Die beste is om jou opstel te voltooi 'n dag voor jy dit moet ingee. Na 'n dag is dit makliker om foute raak te sien as direk nadat jy klaar geskryf het.
7. Ons opstelboeke moet ons trots wees. Dis ons eie. Wat uiterlike netheid en aantreklikheid betref, moet dit 'n goeie advertensie vir ons wees.

Getrou aan die drang tot selfekspresie en geoefen in die vermoë tot verwoording van drange wat soms soos magtige golwe uit die siel opwel, mag ons die ekstase van eie skepping, van die ontwaking van kunstenaarskap ondervind!

Geen twee mense sien dieselfde voorwerp presies eenders nie. Ook dink en voel geen twee mense eenders oor dieselfde onderwerp nie. Getrouheid aan ons eie manier van sien, is een van die geheime van kunstenaarskap. Hier volg nou drie verskillende maniere waarop dieselfde onderwerp deur drie maats behandel word:

Drome

1. Omdat drome verskynsels is wat buite die bewuste beheer plaasvind, is hul van die vroegste tye as bonatuurlike visioene met voorspellende waarde beskou. Deur noukeurige ondersoek het wetenskaplikes egter tot interessante gevolgtrekkings gekom.

In 'n toestand van slaap flits daar beelde en voorvalle deur die brein van die mens. Wat sou die oorsaak hiervan wees, en watter betekenis kan aan die verskynsel geheg word?

Freud, 'n Duitse sielkundige, verklaar dat drome 'n middel is waardeur kwellende toestande wat ons slaap steur, verwyder word. Sy teorie is dan dat drome wensvervullings is, 'n opvatting wat met betrekking tot baie drome hoogs onaanneemlik skyn te wees. Die betekenis van 'n droom lê egter dieper as die oppervlakte; dit het ons al in die Bybelse drome ondervind, en

die werklike betekenis moet eers verklaar word voordat dit as 'n wensvervulling kan beskou word. As oorsaak van die verdraaiing van betekenis word verduidelik dat baie wense onderdruk word en dus selfs in 'n droom nie in die werklike vorm voorkom nie.

Deur middel van die wetenskaplike ondersoek van Freud en ander sielkundiges kan ons nou tot die gevolgtrekking kom dat drome nie betekenisloos is nie, maar betrekking het op die gemoedslewe van die dromer. Dat drome 'n voorspellende waarde het, word deur die teorieë uitgesluit.

2. Dromerig soem die sonbesies. Die wilgertakke hang traag en moeg, en die watertjies klots 'n slaapdeuntjie. Die boek val uit Marié se hand....

„Gaan jy saam?” Verskrik kyk Marié rond. Teen die knoestige stam van die boom staan 'n wesentjie in ligblou.

„Waar gaan jy heen?”

„Na die fees.”

Verheug spring Marié op en op die rug van 'n padda duik hul weg in die koel, groen water van die stroom. Af, af, af gaan hulle tot in 'n helder, blinkende saal waar dit kriewel van diertjies en mensies in ligblou kleedjies.

Op 'n skitterende troon sit die mooiste mensie wat Marié nog ooit gesien het. „Lewe die koningin, die watergodin!” juig die groot skare haar toe.

'n Orkes van krappe en paddas speel lustig. Die feesgangers sing en dans en eet van die baie lekkernye, en die mooi mensie glimlag maar vriendelik op haar troon van skitterende juwele.

Tot voor die troon skuif Marié. Die koningin glimlag en strek haar hande uit.... Meteens word dit donker, die koningin verdwyn en Marié voel die koue waters om haar spoel. 'n Skaterlag klink in haar ore. „Toe, word nou wakker! 'n Emmer water moet darem genoeg wees.” Marié vryf haar oë en voel hoe nat haar gesig is.

„Kom ons gaan swem, jong!” sê Bets. En met die laggende beeld van die watergodin van die wêreld van drome voor haar, staan Marié stadig op.

3. As die skape rustig teen die hange van die koppie wei en ek my uitstrek op die koel gras onder die groot populier, is dit asof die kronkelende, wit pad wat verdwyn oor die bult, lei na 'n glinsterende lewe vol geluk.

Eendag as ek groot is, sal ek gaan soek na wat agter die bult lê. Vol blye verwagting sal ek oor die nek verdwyn en die heerlike lewe daar ver sal my toestroom en my verwelkom.

'n Groot skaar mense sal my toejuig en tot koning kroon. Hul sal my lei na 'n paleis van wit marmmer, hul sal my kroon met 'n goue kroon en lei na 'n troon vol edelgesteentes. Deur die hoë sale sal die klank van singende stemme, die musiek van 'n magtige orkes weergalm. Daar sal blomme wees en daar sal vreugde wees. En as ek opstaan om te praat, sal 'n diepe stilte volg op die dawerende gejuig. My stem sal vol en helder die wye saal vul en ver oor die rantjies wegsterf.

In 'n blink motor sal ek eendag terugkom met die wit pad oor die bult en ek sal vir moeder en vader en die kinders kom haal na my koninkryk daar ver, en saam sal ons gaan oor die nek na die glinsterende lewe wat wag....

HOOFSTUK II

DIE BRIEF

Alhoewel die brief ook 'n opstel is, dien daar 'n aparte hoofstuk vir die bespreking daarvan te wees, omdat ons hier te doen kry met 'n spesiale vorm en ook omdat 'n brief aan iemand gerig is en die toon van die brief afhang van die verhouding tussen die afsender en die ontvanger.

Ongelukkig is daar nog geen standaardbriefvorm nie en leerlinge sal dus ook ander vorme teëkom. Dit is egter gerade om konsekwent by een vorm te bly.

Daar is verskillende soorte briewe, die belangrikste waarvan ons elk afsonderlik sal bestudeer:

Die Private Brief:

Dié briewe word gerig aan familie, vriende, kennisse en vreemdes en is *van 'n persoonlike aard*.

So dikwels vind ons dat mense onder die verkeerde indruk is dat alle briewe in 'n hoogdrawende en dus onnatuurlike toon geskryf moet word. Ons moet onthou dat 'n brief eenvoudig 'n *geskrewe gesprek* is, en dat dieselfde toon wat ons teenoor 'n bepaalde persoon in 'n gesprek sou handhaaf, ons in 'n brief moet weergee. So is ons dan beleefd, hartlik en natuurlik teenoor ons ouers, natuurlik en eie met ons maats en teenoor vreemdes hartlik en beleefd.

Hier volg nou voorbeelde van briewe aan die verskillende groepe nou net genoem:

'n Brief aan jou ouers:

Hostel,
Retief-straat,
Upington,
4 April 1941.

Liewe Ouers,—Dat ek al 'n week terug op kosskool is, kan ek nie glo nie! Dis dan maar gister dat ons nog saam

onder die bome by die dam sit en gesels het, saam na 'n konsert oor die draadloos geluister het en saam by tant Lenie-hulle waatlemoen geëet het! Net hoe baie ek nou weer terug verlang na die lekker ou vakansie, sal moeilik gaan om te sê.

Ek was so gelukkig om my kamermaats op die trein raak te loop, maar my kos moes dit gewaar en dus ly ons alweer honger. As moeder eendag 'n paar oomblikke te spaar het, kan u gerus vir u honger dogtertjie kos stuur.

Ek hoop vader gee nie om dat ek ingeskryf het as leerling in voordrag nie. Sal u asseblief die lesgeld van twee pond aan my stuur?

My kat en hond verlang darem seker na hulle ounooi! Pas hulle tog mooi vir my op.

Ek studeer tog te hard. Vader moet maar die geld vir daardie fiets wat u beloop het as ek goeie vordering maak, reghou! En moeder sal nie van die kos vergeet nie, nè?

Baie groete aan almal tuis.

U verlangende dogter,

SANNIE.

Aan 'n Vreemde:

Dorpstraat 4,

Stellenbosch,

6 Mei 1941.

Geagte Mnr. le Roux,—Ek het so pas 'n aanstelling in die personeel van u plaaslike poskantoor gekry; en die posmeester was so vriendelik om my na u te verwys in verband met losies.

Graag sal ek besonderhede omtrent u losiesvoorwaardes asook 'n beskikbare kamer van u ontvang.

Ek hoop om die pos aan die begin van volgende maand te aanvaar, en sal dus bly wees as ek so gou as moontlik van u kan hoor.

By voorbaat dank vir u moeite.

Die uwe,

(Mej.) L. du Toit.

Aan 'n Maat:

Rietvlei,
Montagu,
26 Januarie 1942.

Beste ou Jan,—Waar was jy die ander aand! Man, ons het geweldig baie pret gehad.

Onthou jy nog vir bang Oom Kootjie wat vir ons oor die haasskietery op sy grond geskel het? Nouja, ou Dirk, Piet en ek besluit toe om hom 'n streep te trek. Toe ons eendag verneem dat hy dié aand laat met die perdekar van die dorp sou kom, was ons planne agtermekaar.

By 'n bosryke drif het ons in die maanlig op wag gaan lê: Dirk, uitgevat in sy oupa se nagjurk en mus, Piet, gehul in 'n laken met 'n wit kous oor sy kop, en ek met 'n pampoenspook en geklee, of liewers gedeeltelik geklee, in die duiwelspakkie wat Janman in die konsert aangehad het.

In die verte het 'n getok-tok en 'n geklap van perdepote Oom Kootjie se naderkoms verraal. Toe die wiede die rivierwal vat, sweef Piet statig uit die skaduwees uit. Met 'n aaklige gil struikel Dirk agterna, terwyl ek met die brandende pampoenspook 'n fantasiedans uitvoer.

In die middel van die drif steek Oom Kootjie vas, kyk verward rond, roep in 'n bewerige, benoude stemmetjie boontoe, en draai die snorkende perde terug dorp-toe.

Toe die wilde galop oor die bulte verdwyn, rol drie spoke uitgeput van die lag op die riviersand rond.

Later het ons verneem dat Oom Kootjie versag om saans deur die drif te gaan.

Voel jy nou ook dat ons terdeë gewreek is?

Alles ten beste.

Jou maat,
SAREL.

Nou gaan ons die vorm van die brief meer in die besonder bestudeer:

Adres:

Ons let op die adresse in die voorafgaande briewe:

Hostel,
Retief-straat,
Uppington,
4 April 1941.

Dorpstraat 4,
Stellenbosch,
6 Mei 1941.

Rietvlei,
Montagu,
26 Januarie 1942.

1. Die adres staan in die regterhoek van die bladsy, en loop mooi skuins.
2. Die naam van die huis of plaas staan *nie* tussen aanhalingstekens *nie*, tensy dit in 'n vreemde taal is.
3. Posbus word uitgeskryf en *nie* in 'n verkorte vorm gebruik *nie*. Die nommer volg daaragter.
4. Waar die straatnaam 'n elenaam insluit, gebruik ons die *koppelteken*: Adderley-straat, Eaton-weg, Retief-straat.
5. Dje nommer van die huis word *agter* die straat geskryf met geen leesteken daartussen *nie*.
6. Tussen die naam van die maand en die jaartal is geen leesteken *nie*.
7. Agter elke reël in die adres word 'n komma geplaas; slegs agter die datum kom 'n punt.

Ons laat nou 'n reël oop en dan volg die aanhef. Die manier van aanspreek hang af van wie die ontvanger is. Familie en intieme vriende spreek ons aan as „Liewe Ouers” of „My liefste maat,” 'n kennis as „Beste Jan,” 'n meerdere en vreemde as „Geagte Mej. le Roux.”

Die Liggaam:

1. Die eerste paragraaf begin direk onder die komma van die aanhef. Die ander paragrawe volg omtrent 'n duim van die kantruimte. Kyk dat hul mooi reguit onder mekaar staan.
2. Die brief moet tog *nie* op die konvensionele „hoe-gaan-dit-nog-manier” begin word *nie*. Wees oorspronklik, wees jouself. Die beginsels wat ons onder „Die Opstel” bespreek het, geld by uitstek hier.
3. Die toon van die brief hang af van die persoon aan wie dit gerig is.
4. Hier word met iemand gesels, en dit moet dus so *onderhoudend* en *interessant* as moontlik wees. Dit moet genot aan die ontvanger verskaf.

5. Dis nie nodig om net nuus te skryf nie. Jy kan probleme bespreek of iets moois beskryf. 'n Brief behoort 'n kuns-werk te wees.
6. Gebare en gesigsekspressie wat baie bydra tot die betekenis en gevoelswaarde van die gesproke woord, word in 'n brief uitgesluit. Dit is dus baie noodsaaklik dat die taal hier so duidelik moet wees dat dit die gevoelens juis weergee.
7. Lees jou brief oor en sorg dat die vorm, leestekens, grammatika en spelling absoluut korrek is. 'n Slordige brief is 'n belediging vir die ontvanger.

Die Slot:

Let op die voorbeelde in die bostaande sinne:

Baie groete aan almal tuis.

U verlangende dogter,
SANNIE.

Alles ten beste.

Jou maat,
SAREL.

By voorbaat dank vir u moeite.

Die uwe,
(Mej.) L. du TOIT.

1. Slotsinne soos „Ek het nie meer tyd nie; dus moet ek maar sluit” is 'n belediging vir die ontvanger. Dit skep die indruk dat die brief vir jou 'n las is.
2. Ons gebruik liefs 'n volsin vir die slotsin of anders sinnetjies soos „Alles ten beste” en „By voorbaat dank vir u moeite,” waaragter ons 'n punt plaas.
3. „Ek bly” en „van” is in onbruik.
4. Na die slotsin volg die slotwoorde skuins aan die regterkant van die bladsy met 'n komma na die eerste reël:

U verlangende dogter,
SANNIE.

5. „Dogter,” „vriend” of „neef” hoef nie met 'n hoofletter geskryf te word nie. Bywoorde soos „verlangende,” „toegeneë” of „liefhebbende” mag bygevoeg word.

6. Briewe aan vreemdes of meerderes eindig gewoonlik met „Die uwe.”
7. Wanneer ons aan familie of vriende skryf, skryf ons net ons naam sonder die van.

Die Sakebrief:

Ons het almal op een of ander stadium nodig om briewe in verband met sake (of „besigheid” soos ons verkeerdelik sê) te skryf. Dit is dus noodsaaklik dat ons die vorm van die tipe brief bestudeer:

Neethlinghof,
Stellenbosch,
12 April 1942.

Fletcher en Cartwright,
Adderley-straat,
Kaapstad.

Waarde Mejuffrou,

Stuur my asseblief per kerende pos die volgende artikels, geadverteer in u Desemberkatalogus:

No. A. 12: 3 pr. sonbruin Kayser-kouse, no. 8½.

No. B. 7: 2 pr. wit lamsleerhandskoene, no. 6½.

No. E. 18: 6 jrts. Matroosblou Tobralco.

By voorbaat dank.

Dw. die uwe,
(Mej.) K. Louw.

Let nou op die volgende:

1. Die adres van die afsender verskyn in die regterhoek van die bladsy.
2. Ons laat nou 'n reël oop.
3. Dan volg die adres van die persoon of firma aan wie die brief gerig word aan die linkerkant van die bladsy. Die eerste reël kom teen die kantruimte, die res skuins daaronder.

Ons skryf nie Mnr., Mnre. of die Heer voor die naam van 'n firma nie. So skryf ons bv. aan Gebroeders Brink, Andrag en Kie., of le Roux en Botha.

4. In die geval van 'n groot firma met uitgebreide afdelings vergemaklik dit die taak van die persoon wat die briewe van die firma ontvang en sorteer baie, as die bepaalde departement waar die bestelling geplaas word, genoem word: Klerasiedepartement (Damesafdeling).
5. Na nog 'n oop reël volg die aanhef teen die kantruimte. Waarde Heer, Mevrou of Mejuffrou (hoofletters) voldoen in die meeste gevalle.
6. Die liggaam van die brief is saaklik, duidelik en onpersoonlik.
7. As slotsom gebruik ons: „Ek dank u by voorbaat” of „By voorbaat dank,” indien ons iets bestel het. „Dienswillig die uwe” is voldoende in ander gevalle. 'n Man sluit met sy voorletters en van. 'n Dame skryf Mev. of Mej. tussen hakies voor haar naam.

Die Offisiële Brief:

Dié briewe word geskryf aan of deur regeringsamptenare. Die vorm van die brief is dieselfde as die vorm van die sakebrief:

Bergsig,
Worcester,
6 Mei 1942.

Die Stadsklerk,
Stadsraadkantore,
Worcester.

Re Watervoorraad.

Waarde Heer,

'n Geruime tyd is die watertoevoer na ons deel van die dorp so swak, dat ons verskele male gedurende die dag geen water gekry het nie. My bure ondervind dieselfde moeilikheid. Ons vermoed dat die toevoerpype verstop is, en sal bly wees indien u u aandag so gou as moontlik aan die saak sal skenk.

By voorbaat dank.

Dw. die uwe,
R. DE KOCK.

Ander soorte briewe wat ons slegs hier noem, is die aansoek-brief, die uitnodiging, die brief aan die pers en die getuigskrif.

Leerlinge kan nou self verder ondersoek instel i.v.m. die briewe wat daagliks in omloop is. Leerlinge kan hulle ouers vra om briewe (natuurlik nie private briewe nie) wat hul ontvang het, te toon. Probeer die briewe dan beantwoord. As jy ywerig is, mag jy nog geld op dié manier verdien deur sekretaris te speel vir jou pa! Ook kan leerlinge by winkels of magistraatskantore gaan briefnavorsingswerk doen. Behalwe dat dit interessant sal wees, sal hulle somaar baie leer.

Die Adres:

As leerlinge 'n aantal geadresseerde koeverte bymekaar maak en eendag vir vergelyking skool-toe bring, sal hul verbaas en geamuseerd wees om te sien hoe verskillend die vorme is wat die adresse aanneem en hoe onbeholpe baie mense adresseer.

Hier volg 'n voorbeeld van 'n geadresseerde koevert:

Mnr.
F. Coetzer,
Langstraat 13,
Wellington.

Nou let ons op die volgende:

1. Die seël word netjies in die regterhoek geplak.
2. Die adres begin omtrent in die middel van die koevert. Die lengte van die adres is hier natuurlik die leidraad. Ons dra egter sorg dat dit nie in die boonste gedeelte van die koevert voltooi word nie.
3. Die adres loop mooi skuins.
4. Mnr., Mev. of Mej. staan alleen in die eerste reël.
5. Die voorletters van die geadresseerde volg skuins onder die punt van die afkorting. Die res volg soos in die gewone adresvorm bespreek.

HOOFSTUK III

BEGRIPSTOETS, PARAFRASE, UITTREKSEL, DIREKTE EN INDIREKTE REDE

In die vorige twee hoofstukke is nadruk gelê op die belangrikheid van die ontwikkeling van die uitdrukkingsvermoë. Bekwaamheid slegs in dié rigting sal egter 'n eensydige ontwikkeling beteken. Behalwe dat 'n mens moet leer om jou gedagtes presies weer te gee, moet jy ook leer om alles wat aan jou meegedeel word, hetsy deur gesprekke, boeke, preke of toesprake, goed te begryp.

Ten einde leerlinge se *begripsvermoë* te toets en te ontwikkel word gebruik gemaak van verskillende metodes:

Leerlinge lees nou die volgende skets sorgvuldig deur:

1. „Gee die geweer hier!” Sy stem bewe en sy oë vlam. Hoe durf die klein snuiter wat skaars kan skiet, die splinternuwe haelgeweer wat Pa nou die dag gekry het, neem? Hy wat Piet is, het as oudste tog seker eerste reg daarop.
2. „Maar sal jy dit hier gee!” Onhandig van ingehoue woede gryp hy na Jan wat met 'n spotlag wegkoes. Klippe reën teen die rantjie waar Jan so pas gestaan het, maar die spotlag verdwyn tussen die bome.
3. „Nou vat dan maar die geweer, en maak dat jy wegkom. Jy's tog te sleg om te skiet. Moet net nie by my kom skree, as jy jouself raakskiet nie!”
4. Die lug weergalm met 'n daverende spotlag. Duiweltjies met laggende oë, oë soos Jan s'n, groengeel in hul *uitdagende* spot, en *spytige*, lang tonge krullend in grynsende monde, storm op hom af. Met brandende oë *strakstarend* in 'n wit, deur woede *verwronge* gesig, storm hy blind die boomruigte in. Doringtakke swaai met swiepende katshoue in skeurende geweld, klitsgras klou met klewerige *volharding*, maar die vuurrooi haat teen die agtervolgende grynslag wat weerklank in die klowe, dryf hom gevoelloos en blind teen die berghelling uit.

5. „As ek die vent kon moor!” sis dit hygend deur bewende lippe.
6. Vandat die nuwe geweer gekom het, het hy met koorsagtige verlange gewag op die eerste mooi dag om te gaan skiet. Toe die son dan vanmôre in 'n wolkelose lug die spore van die langdurige *triestigheid* uitwis, kon hy sy oggendwerkies nie gou genoeg verrig om die geweer te gaan haal nie. Maar die hangplek agter die kantoordeur was leeg, en die kleinjong het vertel dat baas Jan met die geweer weg is....

I. BEGRIPSTOETS:

Nadat 'n gegewe skets (soos die bostaande) sorgvuldig deurgelees is, moet leerlinge 'n aantal vrae, meestal in verband met die inhoud en woordbetekenis daarvan, beantwoord. Dit noem ons 'n begripstoets.

Vrae:

- (i) Waarom was Piet so verontwaardig?
- (ii) Het Piet vir Jan raakgegooi? Gee redes vir jou antwoord.
- (iii) Waarom het die spottende duiweltjies se oë na Jan s'n gelyk?
- (iv) Waarom het Piet nie gevoel hoe die dorings hom steek nie?
- (v) Wat het Piet verhinder om voorheen met die geweer te gaan jag?
- (vi) Verklaar die skuinsgedrukte woorde, en gebruik hul in duidelike volsinne.

Voor ons die vrae beantwoord, let ons op die volgende:

- (i) Die gegewe leesstuk moet noukeurig deurgelees word, totdat die leerling dit goed verstaan.
- (ii) Dit is wenslik om elke vraag in 'n *volsin* te beantwoord.
- (iii) Waar moontlik maak ons in die beantwoording gebruik van die direkte woorde van die gelese gedeelte.

As voorbeelde word die antwoorde op die eerste vyf vrae gegee. Vraag ses kan die leerlinge self beantwoord.

Antwoorde:

- (i) Piet was verontwaardig, omdat Jan wat skaars kon skiet, die splinternuwe haelgeweer geneem het, terwyl hy as oudste die eerste reg daarop gehad het.
- (ii) Piet het nie vir Jan raakgegooi nie, omdat hy weggekoes het en tussen die bome verdwyn het.
- (iii) Jan het vir Piet met 'n spotlag uitgekoggel, en Piet verbeel hom toe dat duiweltjies met dieselfde spotlag in hul oë op hom afstorm.
- (iv) Piet het die dorings nie gevoel nie, omdat die vuurrool haat hom gevoelloos gemaak het.
- (v) Pa het so pas die geweer gekry, en die weer was tot-nogtoe nie geskik vir jag nie.

II. PARAFRASE:

As leerlinge nou die gelese gedeelte *in hul eie woorde weergee*, sodat die algemene gedagtegang en stemming daarvan dieselfde bly, parafraseer hul dit. Deur dié oefening word nie slegs leerlinge se begrip van die gelese gedeelte getoets nie, maar ook hul uitdrukkingsvermoë. Parafrase is dus 'n oefening beide in *verstaan* en *vertel*.

Leerlinge moet hier die volgende onthou:

- (i) Die gegewe leesstuk moet 'n paar keer noukeurig oorgelees word, tot dit goed verstaan word.
- (ii) *Al* die gedagtes van die oorspronklike moet weergegee word, maar in die leerling se *eie woorde* en *op sy eie manier*.
- (iii) Die geparafraseerde gedeelte is dus eenvoudiger as die oorspronklike. Moeilike sinne, uitdrukkings en woorde word makliker gestel.
- (iv) Slegs die gedagtes van die oorspronklike gedeelte moet gegee word; niks mag bygevoeg word nie.

Hier volg nou 'n parafrase van paragraaf vier van die gelese gedeelte:

„Sy oë brand en staan stokstyf in sy gesig wat deur woede vertrek is, en blind hardloop hy tussen die bome in. Die doringtakke slaan teen hom en krap en skeur hom, die klitsgras klou aan hom vas, maar, sonder gevoel en gejaag deur sy haat teen die spotlag wat soos 'n weerklank in die klowe klink, klouter hy die berg uit.”

Leerlinge kan maklik oefen i.v.m. parafrase deur paragrawe uit hul leesboeke in hul eie woorde oor te vertel.

III. DIE UITTREKSEL:

Nou wil ons benewens 'n oppervlakkige begrip ook toets of ons die *hoofgedagtes* van die gelese gedeelte kan onderskei en kortliks weergee.

Leerlinge gaan as volg te werk:

- (i) Die gegewe leesstuk word 'n paar maal deeglik deur-gelees.
- (ii) Die hoofgedagtes word onderstreep of neergeskryf.
- (iii) Hulle word dan in volsinne en so saaklik moontlik weergegee. (Die uittreksel hoef nie in die leerling se eie woorde te wees nie.)
- (iv) Leerlinge moet hul bepaal by die vereiste lengte van die uittreksel.
- (v) Dit moet van 'n opskrif voorsien word.

'n Uittreksel van die eerste twee paragrawe van die skets volg, nadat die hoofgedagtes in die oorspronklike gekursiveer is:

1. „Gee die *geweer* hier! *Sy stem bewe en sy oë vlam*. Hoe durf die klein snuiter wat skaars kan skiet, die splinternuwe haelgeweer wat Pa nou die dag gekry het neem? *Hy* wat Piet is, *het* as oudste *die eerste reg* daarop.

2. „Maar sal jy dit hier gee!” Onhandig van ingehoue woede gryp hy na *Jan* wat met 'n *spotlag wegkoes*. Klippe reën teen die rantjie waar Jan so pas gestaan het, maar *die spotlag verdwyn* tussen die bome.

'n Uittreksel van 27 woorde van die oorspronklike 80 volg nou:

Die Nuwe Haelgeweer

Piet wat voel dat hy eerste reg op die nuwe haelgeweer het, eis dit met vlamme oë, maar Jan vlug met 'n spotlag weg, terwyl klippe agterna reën.

'n Goeie oefening in uittreksels-gee is die uitskryf van telegramme.

IV. DIREKTE EN INDIREKTE REDE:

In paragraaf drie van die gelese gedeelte vind ons dat Piet Jan direk aanspreek. Dit noem ons direkte rede en dit staan altyd tussen aanhalingstekens. As ons nou oorvertel wat Piet gesê het en begin met „Piet sê dat . . .”, dan vertel ons die direkte woorde indirek oor en verander dus *van die direkte tot die indirekte rede*:

Piet sê toe dat Jan dan maar die geweer moet vat en moet maak dat hy wegkom. Hy is tog te sleg om te skiet. Hy moet net nie by hom kom skree as hy homself raakskiet nie.

Let op die veranderings wat plaasvind:

1. Sekere bywoorde verander. In die bostaande paragraaf word „nou” „toe.”

Hier volg 'n lys van bywoordveranderings:

„Eergister” word „twee dae vantevore.”

„Gister” word „die dag vantevore.”

„Vandag” word „daardie dag.”

„Vannag” word „daardie nag.”

„Môre” word „die volgende dag.”

„Oormôre” word „twee dae daarna.”

„Hier” word „daar.”

„Hiernatoe” word „daarnatoe.”

„Hierdie” word „daardie.”

„Nou” word „toe.”

2. Die voornaamwoorde word almal derde persoon: „Ek” en „Jy” word „hy” of „sy,” en „ons” en „julle” word „hulle.”

In sommige gevalle verlang die verband egter die gebruik van 'n ander persoon: *Vader sê: „Jy moet dit doen”* word *Vader sê dat ek dit moet doen*, indien die persoon aan wie vader die woorde sê, hulle oorvertel.

3. Die indirekte rede word gewoonlik ingelei met „hy sê, vertel, antwoord, vra, versoek, wens, beveel of pleit” volgens die aard van die direkte rede:

Dir. Rede : „Kom dadelik hier!”

Indir. Rede: Hy gebied hom om dadelik daar te kom.

Dir. Rede : „Was hy maar hier!”

Indir. Rede: Sy wens dat hy maar daar is.

Soms kry ons ook uitroepe wat dan in die indirekte rede moet weergegee word deur die gemoedstoestand wat hulle vertolk, te omskryf:

Dir. Rede : „O Hemel! is dit regtig jy?”

Indir. Rede: Sy vra verbaas uit of dit regtig hy is.

Dir. Rede : „Siestog, die arme kindjie het seergekry!”

Indir. Rede: Sy roep medelydend uit dat die arme kindjie seergekry het.

4. Omdat ons taal hom nie veel aan die opvolging van tye steur nie, kan ons geen vasgestelde wette neerlê in verband hiermee nie en wil met 'n paar voorbeelde volstaan:

Dir. Rede : Hy sê: „Ek wil gaan.”

Indir. Rede: Hy sê dat hy wil gaan.

Afr. Dir. Rede: Hy het gesê: „Ek wil gaan.”

Indir. Rede : Hy *het gesê* dat hy *wil* gaan.

Eng. Dir. Rede: He said: “I shall go.”

Indir. Rede : He *said* that he *would* go.

Dir. Rede : Hy sê: „Ek wou gaan.”

Indir. Rede: Hy sê dat hy wou gaan.

Van die voorbeelde lei ons af dat die tyd van die hoofgesegde nie 'n leidraad is vir die tyd van die bysin soos in Engels nie waar 'n verlede tyd „said” in die hoofsin 'n verlede tyd „would” in die bysin in die indirekte rede vereis, maar dat ons in Afrikaans net na die betekenis kyk.

Hier volg 'n voorbeeld wat al die veranderinge insluit:

Dir. Rede : „O, maar sal dit nie wonderlik wees,” het sy uitgeroep, „as ons môre op reis kan gaan nie! Wie sou kan dink dat so 'n geluk ons in hierdie dae kan te beurt val?”

Indir. Rede: Sy het verheugd uitgeroep dat dit wonderlik sou wees as hulle die volgende dag op reis kon gaan. Niemand sou kan dink dat so 'n geluk hulle in daardie dae kon te beurt val nie.

Die verandering van die bywoord of byvoeglike naamwoord kan as 'n aanduiding dien vir die tyd van die werkwoord in die indirekte rede. In die voorafgaande paragraaf verlang „die volgende dag” en „daardie” byvoorbeeld 'n verlede tyd.

Leerlinge moet nou in hul leesboeke na geskikte passate soek om van die direkte tot die indirekte rede en omgekeerd te verander. Verdere oefening kry ons daaglik wanneer ons 'n gesprek oorvertel.

HOOFSTUK IV

GRAMMATIKA

Inleiding:

Wat is grammatika:

As 'n mens die woord „grammatika,” noem, dan lees jy dikwels dadelik verveling op leerlinge se gesigte, en tog behoort dit nie die geval te wees nie, want taal, in watter vorm ook al, is mos altyd interessant. Dit is ook altyd belangrik, want dit is mos van belang of 'n mens jou gedagtes korrek en mooi kan uitspreek en neerskryf. Grammatika is niks anders as 'n padwyser nie; dit toon aan watter taalpad ons moet loop, hoe ons ons gedagtes in woorde moet uitspreek of neerskrywe. Vir leerlinge wat eendag groot redenaars, groot skrywers(-sters) of helde(-inne) van die woord wil word, is dit van die grootste belang om te weet wat korrek en wat mooi is.

Wat is korrek:

Taal is iets veranderliks. Wat nou korrek is, is môre verkeerd. Leerlinge moet hulle onderwysers(-esse) vra om vir hulle 'n stuk Afrikaans van vyf-en-twintig jaar gelede voor te lees, en dan sal hulle sien hoe ons taal ontwikkel het. Nou kan 'n mens maklik vra wie dan 'n grammatika-boek die reg gee om vir ons te sê dat iets reg of verkeerd is. Nou ja, die skrywers van grammatika-boeke luister darem hoe ons geleerde mense praat en let op wat daar in ons taalboeke en in ons literatuur staan. Nietemin, leerlinge moet nie dink dat taal net iets van die grammatika-boek is nie.

Taal lewe:

Taal is iets lewends. Dit word elke dag gebruik. Dit is 'n stuk gereedskap wat die eienaar gedurig verander om dit meer doeltreffend te maak. As leerlinge nou voel dat taal 'n *lewende* iets is, dan sal hulle leer om belang te stel en te luister. Ja, die oor is die belangrikste ding by taalstudie. As ons ore net

die mooi korrekte dinge hoor, dan sal ons maar min taalfoute maak. Luister leerlinge nou na die taal wat mense praat? Spits hulle die ore, as hulle iets vreemds hoor? Kry hulle lus om aan te teken?

DIE LEER VAN KLANKE OF KLANKLEER:

Uitspraak:

Al leer leerlinge nie in standerd ses eintlik wat korrekte uitspraak is en wat nie, is die saak tog so interessant en ook belangrik dat daar belangstelling moet opgewek word, want, as jy sê „die kjend skrou,” dan sal jou maats vir jou lag, en grootmense sal dink jy is nie opgevoed nie. Nou is daar baie neigings by ons om slordig te praat: „Die mys is in die kombys,” „melk yt die eier van die koei,” „die père loop in die tyn,” „dier hyse” en „hy’t mooi hanne en tanne.” Dan is daar ook die eienaardige uitspraak van sommige mense en streke — nie slordig nie, maar baie eienaardig. Dink aan: „Oktower,” „Deetsemmer,” „aan die dak temmer,” „skenner,” „agint,” „tink,” „o(o)lfante,” „anoster,” „liebe,” „konsistustie,” „parlemint,” „ammelle.”

Ons kan verder voorbeelde opnoem, maar dit is beter, as die leerling nou ’n paar dae baie min sê in die geselskap en net aantekene hoe eienaardig die mense tog ons taal uitspreek.”

Aksent, Nadruk of Klem:

Spreek woorde soos „predikant” en „onderwyser” uit, en jy sal vind dat die een lettergreep baie meer nadruk het as die ander. Gewoonlik voel leerlinge waar die nadruk moet val, maar ons moet tog daarop wys dat die aksent in Afrikaans baie verskil van dié in Engels, en gevolglik spreek leerlinge soms woorde verkeerd uit onder Engelse invloed. Let bv. op waar die nadruk in die volgende woorde val: „Eerste minister,” „fantasié,” „paragráf,” „ekstrák,” „dirèk,” „teleskóop,” „senátor,” „bioskóop” ens. Dit is alweer ’n gebied in verband waarmee leerlinge fyn kan leer luister.

’n Ander kant van die saak is dat die een woord in ’n sin veel meer beklemtoon word as die ander en dat die betekenis van ’n sin verander, namate die klem verskuif. „Hy verdien baie geld” kry feitlik elke keer dat ons ’n ander woord beklemtoon, ’n ander kleur. Die nadruk is ’n magtige faktor in die redenaarskuns.

Lettergrepe:

Ons kry dikwels 'n woord in 'n bepaalde reël nie uit nie; dan word dit noodsaaklik om 'n koppelteken te gebruik, maar dan moet ons natuurlik weet hoe om die woord in lettergrepe te verdeel. Hoewel daar uitsonderings is, is dit feitlik net nodig om te onthou dat 'n nuwe lettergreep gewoonlik met 'n medeklinker ('n konsonant) begin. Kyk na „le-moen-boom-bla-re,” „droog-te-stre-ke.”

Klanke:

Leerlinge weet natuurlik dat klanke hoofsaaklik in twee groepe, *klinkers (vokale)* en *medeklinkers (konsonante)*, kan verdeel word. Die klinkers is *a, e, i, o, u* en hulle veranderinge en verbindinge soos *ê, î, ô, û, ei, eu, ou, ie* ens. Die ander klanke soos *b, d, f, g, h, k* ens. is dan medeklinkers.

Spelling:

Spelling lewer dikwels moeilikhede op, want dieselfde klank word nie altyd op dieselfde manier gespel nie, en daarby is die spelling in Afrikaans al dikwels verander. Spelreëls is darem tog 'n bietjie bale eentonig; nie waar nie? Nee, die beste is maar om die moeilike gevalle goed te bekyk en hulle dan korrek neer te skrywe. Hier volg 'n lys van die moeilike gevalle. (Dit sal duidelik wees met watter klank ons te doen het sonder dat dit gesê word):

Aambeeld, aalmoes, aalwyn, afdraand (afdraans), een haas en twee hase, hamels, hamers, glaaskas, dwaalleer, dwaling, draling, glaserig, galblasie, aasvoëls, aarbeie, konstabel, span-dabelrig, daarnatoe, daarenteë, bloekomboomblare, blaarslaai, opblaas, opgeblaasde balle, opgeblase en hoogmoedige mense, dit nou daar gelate, tranerig, droë braaklande.

Dae, laer, veldslae, wag maar, maer varksôe, maerderig, laagwater, moeë draers, trae vleuelslae, vae antwoorde, die verre daeraad.

Voorlaaier, draalbank, draaierig, kalings, fraiings, voetpaadjies, verdraaiing, kastailings.

Onhebbelik, bobbejaan, ribbebene, rabbedoe, skubbe, skobbejak.

Duidelik, dadelik, dodelik, bebloede gelate, behoeders, onbeantwoorde vrae, gewondes, defintiewe aanduidings.

Beoordelaars, besembos, betekenis, besetenes, blekerig, teelepeltjies, leraar, tweede, melerig, verskeping, intellektueel, indiwidueel.

Teë, reëls (maar gereeld), seëls (maar doopseel), reën (maar reent), seën, higiëne (sê liewers „gesondheidsleer”), reëling, reëlmatig, reëlreg, reënboog, reënerig, tweërlei, weë, seë, sleë, treë, feë, terdeë, verleë, geleë, geneë (maar verleentheid, geleentheid, geneentheid), almelewe, belesenheid, landmeter, berede, vanmelewe, mebos.

Vlermuis, perd, werd, aapsterte, vetkerse, pers, wolpersies, vergeleë, verby, veral, vernaam, vereers, verlaas, verlief neem, verniet kry.

Dè, nè.

Wêreld, kêrel, pêrel, kwêvoël, whê, lê, lêhenne, lêend, êe, bedlêend, verlê, skaapskêre, blêr-blêr, leegleëry, têre.

Beïnvloed, beïnvloeding, geïnteresseerd, geïllustreerde tydskrifte, beëindig, eindelik, ateïs.

Finansieel (finansiële), kommersieel (kommersiële), definieer, subsidieer.

Ambisieus, majestueus.

Ghoen, ghvano, gholf, ghienie, ghwar, Angora, jingo, mango.

Hubaar, hernude, herinnering, gehuud, ruuste, lukwart, afskuwelik.

Rûens, brûe(ns).

Veteraan, veto, vaas, polvy, veranda, vokaal, divisie, galvanies, provinsie, provinsiaal.

Rewolwer, aktiewe, aktiwiteit, koejawel, papawer.

Oombliklik, oënskou, verloëning.

Bagasie, bakatel.

Bobbejaan, prokureur, frikkadel, likkewaan, prinsipaal, tarentaal, militêr, trippens, populêr, senuweeagtig.

Gaatjie, blaadjie, paatjie, paadjie, papegaaitjie, hondjie.

Piano, trio, viool, krioel, rioele, fisies, kritiek, krities.

Stiebeuel, flemies, piering, piesang, kielie, kierie, krielwel.

Musiek, musikaal, republiek, republikein.

Familie, familiêr, polisie, petisie, dissipels, dissipline, dissiplineer, nasionaal, Israelities, ammunisie, klandisie, suspisie, tradisie, tradisioneel.

Historici, politici, confetti, spaghetti, vermicelli, impi.

Besonder, betyds, dikwels, korswel, dergelike, bosryk, talryk, desgelyks, byvoorbeeld.

Drôër, moeër, vroeër, vermoë, vermoënd.

Sôe, trôe, môre, sôre.

Wie, weens, jeens, ondeund, burgemeester, veronagsaam, agtelosig, paraffien, parallel, akkommodasie, komitee, rewolusionêr, gedweër, uitveër, linaal, aktrise, konsertina, minimum, bolmakiesie, liggaamlik, elektrisiteit, ghries, tweedens, nuutste, onmiddellik, onverbiddelik, 'n geadresseerde koevert, misterieus, priële, genoeë, soëwe, neëntien, hiënas, madeliefies.

Klanknabootsings:

Daar het baie woorde in die taal tot stand gekom wat niks anders is as die nabootsing van geluide, deur die betrokke voorwerp gemaak nie. Leerlinge moet leer om hulle ore vir dié klanknabootsings te spits; sulke woorde sê vir ons somer self wat hulle betekenis is:

Die muis *piep*. Die hond *grom*, terwyl hy aan die been kou. Die vinke *kwetter* om hulle neste. Die tortel *koer* vreedsaam in die eike. Die voëltjies *tjilp* in die prieel. Die sonbesies *soem*. Die sekel *girts* deur die brose strooi. Ma sê: „Julle *fleerts* die deure agter julle oop.” 'n Geweldige hou *bons* voor sy bors. Die bord val en spat in *skerwe* oor die stoep. Hy *rits* die hemp somer oop van bo tot onder. Daar *rammel* hy die hele boel af. Die donderweer *rammel* in die vertes. „Man, hou tog op

met *tjommel!*" Ons hoor die *doodsroggel* in sy keel. Kanonne *bulder*. Die reën *kletter* op die dak, terwyl die vet in die pan *knetter*. Golfies *klots* teen die rotse. 'n Bekie *murmél*, as dit *kabbelend* oor klippies vloei. Die graanhalme *ruis* (of *suisel*) in die wind, terwyl die blare van die bome langsaam *ritsel*.

BUIGINGSLEER:

Verbuiging en Vervoeging:

Arms (arm), *lemoene* (lemoen), *prinses* (prins), *pruimpie* (pruim), *moeë* (moeg), *kleiner* en *kleinste* (klein). Ons sien in hierdie voorbeelde dat die woorde tussen hakies van *vorm verander* het om meervoud, vroulike ens. aan te dui. Ons sê dat ons die woorde *verbuig* het; ons het *buigingsuitgange* aangelas. Werkwoorde verander natuurlik ook van vorm. Dink aan *kon* (kan), te *kenne* gee (ken), *gebroke* (breek), maar as die werkwoord verander, praat ons van *vervoeging*.

Afrikaans is, wat verbuiging en vervoeging betref, 'n baie maklike taal. Ons sal dit besef, as ons tale soos Latyn en Duits wil aanleer. Vergelyk bv. Engels se „I come,” „he comes” ens. met Afrikaans se „Ek, jy, hy, ons, julle, hulle kom.” Nee, ons taal hou nie baie van buigingsuitgange nie. Ons maak liewers gebruik van klein *vormwoordjies* soos „se” en ander. In hierdie hoofstuk moet ons die leer van verbuiging en vervoeging bekyk, maar om dit te kan doen, sal ons al die rededele (of hulle verbuig word of nie) moet bekyk:

Die Rededele:

Let op die volgende rededele:

1. **Die selfstandige naamwoord** (*snw.*): *Piet* loop weg (*ete*), *goud* is kosbaar (*stof*), *liejde* is blind (*abstrakte*), die *vloot* is in die baai (*versamel*), die *tafel* is gedek (*gemeen*).

2. **Die byvoeglike naamwoord** (*bnw.*): Die *Moorreesburgse* boere werk baie, die *stok* is *lank*, die *lieuwe* moeder sorg vir ons, my *goue* ketting is weg.

3. **Die lidwoord** (*lidw.*): Die vee is in die kraal. Hy is *de* hoenders in. Gee my 'n *perske*.

4. **Die voornaamwoord** (*vnw.*): *Ek* lag lekker (*persoonlik*), *daardie* perd is *myne* (*besittlik*), *daardie* is beter (*aanwysend*), *watter* wil jy hê? (*vraend*), die man *wat* daar loop, is my vriend

(*betreklik*), elkeen kan dit sien (*onbepaald*), ek misgis *my* (*wederkerend*), ons haat *mekaar* (*wederkerig*).

5. **Die werkwoord** (*ww.*) ('n baie belangrike rededeel net soos die *nw.*): Die son *skyn* lekker (*selfstandig*), Piet *word* soldaat (*koppel*), ek *het* gekom (*hulp*), dit *kapok* (*onpersoonlik*), *hy vererg* hom (*wederkerend*).

6. **Die bywoord** (*byw.*): - Hy hardloop *vinnig*. Gert skree *vreeslik hard*.

7. **Die telwoord** (*telw.*): Tel tot *twintig*, hy kry die *vyfde*.

8. **Die voegwoord** (*voegw.*): Hy lag *en* huil gelyk. Jy mag gaan, *maar* jy moet weer kom. Hy kan; *tog* wil hy nie. Jy is arm, *omdat* jy lui is.

9. **Die voorsetsel** (*voors.*): Die voël sit *op* die tak, die mense sing *in* die kerk.

10. **Die tussenwerpsel** (*tussenw.*): „*Hoera!* ons het gewen.” Hy skree: „*Eina!*”

Dieselfde woord as verskillende rededele:

Leerlinge hoef die verskillende rededele nie van buite te leer nie — veral nie die onderafdelings nie. Hulle is meer bedoel om 'n beter begrip van taal te ontwikkel. 'n Mens kan ook nie net na 'n woord kyk en dan meen dat dit altyd dieselfde rededeel sal wees nie. Dit hang van die *funksie* of *werk* en die betekenis af, soos die volgende gevalle sal aantoon:

Gee my *geld* (*nw.*). Dit *geld* ook vir jou (*ww.*).

Hy loop *lig* (*byw.*). 'n Veer is *lig* (*bnw.*). Meer *lig* asseblief (*nw.*). *Lig* vir my (*ww.*).

Hy *loop* vinnig (*ww.*). Die vee wei in die *loop* (*nw.*). Die *loop* van die geweer is warm (*nw.*).

Piet is *kort* (*bnw.*). Die geweer skiet *kort* (*byw.*). Die smid *kort* die bande (*ww.*). Ek *kort* nog twee (*ww.*).

Die *werf* van die plaas is skoon (*nw.*). Die kandidaat *werf* stemme (*ww.*).

Wit is 'n mooi kleur (*nw.*). Hy verf die deur *wit* (*byw.*). Ek *wit* die muur (*ww.*). Die *wit* perd is lui (*bnw.*).

Daar is 'n wit *streep* (*nw.*). Die trop *streep* die bokke agterna (*ww.*)

Die perd *stryk* lekker (*ww.*). Die aia *stryk* die wasgoed (*ww.*). *Stryk* hom met die lat (*ww.*). Jy moet ('n) *stryk* werk en nie ruk-ruk nie (*byw.*).

Ek *erg* my vir jou (*ww.*). Hy vloek te *erg* (*byw.*). Dis darem maar *erg* (*bnw.*).

My *pols* is lam (nw.). *Pols* hom oor die saak (ww.).

Die *voor* is diep (nw.). Ons *voor* 'n nuwe akker aan (ww.).
Piet is *voor* (bnw.). Hy loop *voor* (byw.). *Voor* in die wapad
brand 'n lig (voorsetsel).

Sit op die *stoel* (nw.). Die koring *stoel* mooi (ww.).

Hy skree: „*Eina*” (uitroep). Die koring staan *eina* (byw.).

Miemle het 'n mooi *kleur* (nw.). *Kleur* die klere bruin (ww.).

Wissel met mekaar (ww.). *Wissel* die tjek uit (ww.). *Wissel*
werk af met speel (ww.). Kry 'n *wissel* by die poskantoor (nw.).

Die Naamwoord:

Soorte:

Soos ons reeds gesien het, kan ons praat van *eiename* (*Piet* is hier), *stofname* (*silwer* blink), versamelname (die *trop* skape blêr), *abstrakte* of *afgetrokke selfst. nwe.* (*liefde* is blind), *gemeen selfst. nwe.* of *soortname* (die *tafel* is gedek). Soortname en versamelname word ook in die meervoud aangetref, maar afgetrokke selfst. nwe., stofname en eiename vind ons gewoonlik net in die enkelvoud, hoewel ons tog praat van al die *Klase*, die van der *Merwe's*, die *ysters*, al die *goues* ens.

Ons kan hier ook let op die name wat ons aan die verskillende soorte versamelings gee:

'n *Skool* visse, 'n *swerm* bye, 'n *snoer* pêrels of krale (om die nek), 'n *bundel* gedigte, 'n *bondel* wasgoed, 'n *heir* sterre, 'n *regiment* of *divisie* soldate, 'n *sarsie* skote, 'n *koor* wat sing, 'n *orkes* wat speel, 'n *gehoor* wat luister, die *harem* van die sultan, 'n *broetsel* kuikens, 'n *serie* verhale, 'n *reeks* berge (gebergte). So vind ons ook *gebeente*, *geboomte*, *gevogelte*, *gebladerte*.

Getal:

Ons moet nou sien hoe woorde van vorm verander, as hulle in die meervoud gebruik word. Dit is natuurlik net naamwoorde of ander woorde, as naamwoorde gebruik, wat in die meervoud kan gebruik word. Daar is baie reëls, maar dit is nie die belangrikste saak om die reëls te onthou nie. Wat wel van belang is, is die korrekte gebruik. Daarom moet leerlinge *die korrekte gebruik* van verkeerde meervoude 'n paar keer neerskrywe en ook aanteken, as hulle verkeerde meervoude hoor. Dit geld natuurlik van alle taalwerk.

Meervoude op -e:

Hulle is die belangrikste groep. As die nadruk op die laaste lettergreep val of as nwe. eenlettergrepig is, dan is die meervoudsvorm *-e*:

Ooie, koeie, knieë, ploëë, polse, neuse, luise, vase, tiere, dasse, jasse, lesse, blesse, trosse, bosse, bulse, messe, Russe, Pole, slotte, slote, sluiſe, bomme, bome, vanne, eeue, bane, manelle, modelle, bandiete, Asiate, Kanadese, Hongare, masjiene, kwartale, minute, magistrate, gewere, pondokke, profete, bladsye, soldate, Hottentotte (en nie Hotnos nie).

(Leerlinge weet natuurlik waarom ons sê „bomme,” „balle,” „matte,” maar „bome,” „bale,” „mate”).

Die *-g* van die enkelvoud word in die meervoud gewoonlik weggelaat (behalwe gevalle soos „wagte” wat ons later behandel):

Dae, veldslae, vlae (mv. van „vlag” en „vlaag”), oë, sóe, êe, bedrae, bydrae(s), vrae, boë, vertoë, weë, spoorweë, oorloë, tuie, voë, boë.

Let op die volgende:

Feë, treë, weë (mv. van „wee”), sleë, seë.

Daar is ongelukkig talle uitsonderings op hierdie *-e* reël:

Woorde op *-lm* en *-rm* se mv. is *-s*:

Arms, halms, skelms, swerms, derms, kasarms, alarms, wurms ens. (En tog sê ons „terme”).

Verder sê ons:

Broers, neefs, ooms, seuns, koks, leeus, spreus, smids (smede), patats.

Meervoude op -s:

Hulle is gewoonlik die meerlettergrepige woorde waarvan die laaste lettergreep nie die hoofklem dra nie:

Bedelaars, sondaars, bruidegoms, woestaards, gevangenes, dooles, gewondes, noodlydendes, geteisterdes, naasbestaandes, egbrekers, regsgeleerdes, opmerkings, aanmerkings, akteurs, aktrises, leuses, kapteins, kolonels, asems, baksels, koeëls, katels,

museums, gemeentes, lafaards, wreedards, families, posisies, Duitsers, Amerikaners, Suid-Afrikaners.

Let ook hier op die uitsonderinge:

Ellendeling, jongeling, vonnis, leerling, eersteling, nuweling, volgeling, vlugteling, monnik, leurik. Naas wandelings, vergaderings, uitsonderings, oefenings, opgrawings en ontdekkings kry ons ook wandeling, vergadering, uitsondering, oefening, opgrawing en ontdekking.

Naas majore, direkteure, hotelle, koepone en luitenant kry ons ook majours, direkteurs, hotels, koepone en luitenants.

Onreëlmatiges op -e en -s:

Bedde(ns), dale, gate, glase, bevel, gebede, gebreke, geboorte, gode, lede, paale, skilpaale, skepe, spele, stede, vate, wie (wigge), sê (sogge), trê (trogge), brê (brugge), howe, hoewe, groewe, proewe, lowwe, riwwe, siwwe (sifte), stawe, filosowe, wolwe, gleuwe, stowwe.

Meervoude op 's:

Letters van die alfabet bv. a's, b's, p's ens. (maar *esse* en *ekse* of *xe*). Woorde op 'n beklemtoonde -a of -u en vreemde woorde op -i, -o en -u: Hoera's, karba's, ma's, pa's, kado's, impi's, parvenu's. Die mv. van eiename wat op 'n vokaal eindig, is 's: Die van der Merwe's, Hugo's, Ferreira's, du Pré's (die mv. van „Swarts” en „Carstens” is „Swartse” en „Carstense”; die mv. van „Marais” en „du Preez” is „Marais'” en du „Preez'”).

Meervoude op -(e)ns:

Ploë(ns), rûe(ns), waens, lewens, wesens, gevoelens, nôiens, genoëns, beddens (bedde), miedens (miede), muddens (mudde), vrouens (vroue), varkens (varke).

Meervoude op -de:

Maagde (meisies), deugde, hemde, hoofde, voogde.

Meervoude op -te:

Woorde wat in Ned. op -ft, -cht, -pt en -st geëindig het, se mv. is -te:

Nagte, vragte, oeste, ampte, manuskripte, neste, vuilste, knoeste, kiste, kaste, grafte, bruilofte, dragte, regte, peste, togte, borste, korste, berigte.

Meervoude op -ers en -ere:

Volkere (volke), gemoedere, kalwers, lammers, liedere, geleedere.

-heid word -hede:

Waarhede, swarighede, naarahede, kleinighede ens.

Vreemde woorde op -us en -um se mv. is -i en -a:

Politici, kritici, historici, botanici, dominia (dominiums), gimnasia (gimnasiums), sentra (sentrums), musea (museums). (Ons sê tog „sirkusse.”)

Die mv. van woorde op -man:

Ambagsmanne (ambagslui), sakemanne (besigheidsmense), Boesmans, bure, Engelse, Franse, koggelmanders, kaaimans, gentlemen, werksmense, stuurmanne, timmermans, seeliede, kooplui, koopmans, jongeliede.

Dubbele meervoudsvorme:

Soos ons terloops gesien het, vertoon baie woorde in Afrikaans die neiging om meer as een mv. te hê. Die woordelys waarin 'n mens tussen hakies altyd die mv. van woorde kan naslaan, gee dan ook in dié gevalle 'n dubbele meervoudsvorm aan. Behalwe die reeds-behandelde gevalle tref ons nog aan:

Kalfies en kalwertjies, klippies en klippertjies, lammetjies en lammertjies, maatjies en matertjies, verwagtings en verwagtinge, opmerkings en opmerkinge, smids en smede, aanbiedinge of aanbiedings of aanbotte, wigge of wie, gewears of gewere, lewes of lewens, lede of ledemate, ribbe of ribbes, vroue of vrouens, grafte of grafes.

Geleende meervoude:

Wanordelikhede (wanorde), vertroostinge of trose (troos), seëninge (seën), raadgevinge(-s), (raad; rade en rate is iets anders), ondersoekinge(-s) (ondersoek), leringe of leerstellinge(-s) (leer), verwagtinge(-s) (hoop; hope is iets anders), genietinge (genot), erbewyse (eer), doeleindes (doel; doele is iets anders), beleëringe (beleg), bedrieërye (bedrog).

Meer as een mv. met verskil in betekenis:

Daar is 'n hele aantal woorde wat meer as een mv. het, maar die betekenis van die meervoude verskil:

Die *saals* op die perde. *Sale* vol mense.
Skowwe van osse. Lang *skofte* werk.
Baste van bome. Die *basse* in die koor.
 Die *gaste* aan tafel. *Gasse* bedwelm jou soms.
Laste om te dra. *Lasse* van halters of tafels.
Buste van wiele. *Busse* om briewe te pos of mense te vervoer.
Baaie is warm bronne. *Badde(ns)* (batte) om in te bad.
Blaaie van boeke of mense. *Blare* van bome (of onder jou voete).
Goedere in 'n winkel of op die stasie. *Goeters* wat orals (in die pad) rondlê.
Harte wat klop. *Hartens* in kaartspel.
Ruite in die venster. *Ruitens* in kaartspel.
Skoppe om graan skoon te gooi of honde te verwilder.
Skoppens in kaartspel.
Hope op die land ens. *Verwagtinge(-s)* wat jy koester.
Kusse is soene. Die *seekuste* van ons land.
Mans van vrouens. *Manne* is helde.
Mae (mage) van mense. Dwase *maagde*.
Mate om te meet. *Maats* hou van mekaar.
Rûens waar skape wei. *Rûe* (rugge) van mense.
Klippe om mee te bou. *Klippers* wat rondlê.
Kindere Israels (of van God). *Kinders* van ouers.
 Die *tafele* van God (tien geboole). *Tafels* in die huis.

Woorde wat net in die mv. voorkom:

Sommige woorde word net in die mv. gebruik:

Onkoste, masels, pluens, tolings, pokkies, hurke, notule, ingewande, reisie (wedren word in die Enk. gebruik), sinkings, klassieke, Trope, flemies, horries, medisyne („Aanstellings” word net in die mv. gebruik, as dit flemies beteken, maar dit kan ook die mv. van aanstelling (in 'n bepaalde betrekking) wees. „Komplimente” (groete) word net in die mv. aangetref, maar dit kan ook die mv. van „kompliment” (pluimpie) wees. „Ruilgte,” „maanhare” (maanhaar), „groente” het eintlik meer die betekenis van versameling).

Net in die enkelvoud:

Gewoonlik word eiename soos „Michiel,” stofname soos „silwer” en abstrakte selfst. nwe. soos „liefde” net in die enkelvoud aangetref, hoewel 'n mens natuurlik praat van „Annas,” „Andriese,” „ysters” ens.

Opmerking:

„Drie pond koffie” is in een sakkie, terwyl „drie ponde” apart is. Dis ook waar van „drie paar kouse” en „drie pare kouse” ens. Let ook op die gebruik van „hulle was drie stuks bymekaar.”

Geslag:

Leerlinge weet natuurlik dat lewelose dinge *onsydig* is en dat lewende dinge *manlik*, *vroulik* of *gemeenslagtig* (d.w.s. manlik of vroulik) kan wees. Die vroulike word van die manlike gevorm deur *agtervoeging*, *voorvoeging* en *aparte woorde*. Kyk na die volgende gevalle:

Koningin, vorstin, slavin, gravin, Jodin, gemalin, Christin, heldin, heidin, vriendin, godin.

Onderwyseres, voogdes, leseres, sangeres, regentes, prinses, digteres, dienares, barones, profetes, priesteres (maar „abdis”).

Leidster, tikster, modemaakster, skryfster, werkster, spreekster, voorsitster, naalster, verkoopster, bakster, speelster, droomster, breister, swemster.

Lektrise, inspektrise, eksaminatrise, donatrise, aktrise, direktrise, redaktrise.

Eggenote, presidente, prinsipale, orreliste, pianiste (maar „sekretaresse”). (Ons taal is geneig om woorde *gemeenslagtig* te wil maak; woorde soos „leerlinge” en „studente” as vroulike vorme word haas nie meer aangetref nie).

Wyfie-kalkoen (naas kalkoenwyfie), wyfie-eend, wyfie-gans (maar „ganswyfie” is net soos „makouwyfie” meer gebruiklik), wyfie-volstruis (maar „volstruiswyfie” is meer bekend). „Leeuwyfie” en „tierwyfie” is die bekendste.

Bruidegom — bruid, reun — teef, bul—koel, bulkalf—verskalf, hings — merrie, swaer — skoonsuster, jong — meid, kleinjong (klong) — kleinmeid, meneer — mevrou, (me)juffrou, monnik — non, neef — niggie, oujongkêrel — oujongnôl, strooionker — strooimeisie, towenaar (toorder) — heks, bokram — bokool, beer — sog (as dit 'n vark is, maar anders is dit „berin” of „beerwyfie”), ouboet — ousus (en wat van „ous(ie)?), burgemeester — burgemeestersvrou, boer — boervrou.

Verkleinwoorde:

'n Baie interessante verskynsel in ons taal hierdie. Afrikaans is baie ryk aan verkleinwoorde, want ons wil maar alles verklein — ook dikwels as ons glad nie aan 'n bepaalde voorwerp as iets kleins dink nie. Pa sê dikwels *veragtend* dat hy hom bloedig vererg het vir die ou *klerkie* (wat miskien 'n groot kêrel is), terwyl moeder vol *liefde* van haar groot seun as haar *skapie* praat. En is al ons *Willempies* en *Willies* en *Callies* en *Hennies* en *Fanies* nie ook bewyse van geneentheid of liefde nie. Ons *oompies* en *tannies* en *nefies* en *niggies* is weer bewyse dat ons *gemeensaam* (eie) voel; dis nie so formeel as dames en here nie. Ons kan egter nie verder op hierdie interessante gebied ingaan nie. Miskien kan leerlinge aanteken.

Voordat ons tot die eintlike verkleinwoorde kom, moet ons daarop wys dat kleintjies dikwels ander name het soos: baba, babetjie, prins(ie), prinses(sie), kuiken(tjie), vul(letjie), kalf(ie), welp ens.

Maar nou die eintlike verkleinwoorde. Uit die vlg. sal dit blyk hoe hulle gevorm word:

Duifie, griffie, stoffie, graffie, grafie, daggie, laggie, suggie, luggie, boggie, dakkie, dukkie, bekke, lippie, loppie, grassie, vasie, gediggie, bedraggie, bioskopie, kombuisie, bossie ('n klein bos en ook groente), vraggie, vragie, siffie, *maatjie* (verkleinw. van „ma” en „maat”).

Hoedjie, hondjie, pitjie, rietjie, sigaretjie, predikantjie, boordjie (verkleinw. van „boord”; die verkleinw. van „boor” is „boortjie” en van „boordjie,” „boordjietjie”).

Lepeltjie, kateltjie, enetjie, lakentjie, die swartetjie, dekantjie, bekertjie, kokertjie, peultjie, toontjie, stoeltjie, leeutjie, sofatjie, plooitjie, *buurootjie*, voutjie, pampoentjie (mv. pampoentjies, d.w.s. 'n siekte en ook groente).

Stalletjie, stelletjie, manelletjie, tolletjie, rolletjie, brilletjie, kammetjie, rammetjie (of „rampie”), mannetjie, pannetjie, pennetjie (twee betekenisse), karretjie, torretjie, kommetjie (twee betekenisse).

Asempie, halmpie, krampie, besempie, wurmpie, swermpie, rymple, boompie.

Koninkie, lanternkie, bestellinkie, besittinkie, kettinkie, woninkie.

Ringetjie, kringetjie, slangetjie, wangetjie, gesangetjie. (Ons sê tog „rekeninkie,” „vergaderinkie,” „sendelinkie”).

Blaadjie, paadjie, glasie, gaatjie, nólentjie, ribbetjie, vaatjie, waentjie, spe(l)letjie.

Daar is 'n hele aantal interessante woorde wat eintlik 'n dubbele verkleiningsuitgang het: Mandjietjie, koppietjie, ertjietjie, boontjietjie, melsietjie, kelkietjie, sokkietjie. In Nederlands was die verkleinwoord „mandje,” „kopje” ens., maar ons praat van mandjie, koppie i.p.v. mand en kop sonder om daaraan as iets kleins te dink. Die gevolg is dat ons nog 'n verkleiningsuitgang moet aanlas om 'n verkleinwoord te vorm.

Ons plaas dikwels nog 'n ou en 'n klein ook voor 'n verkleinwoord: Kyk die ou klein hondjie, 'n llewe ou dogtertjie ens.

Naamval:

Daar is tale soos Latyn, Duits e.a. waarin die woord of die lidwoord een vorm het as dit onderwerp is, 'n ander vorm as dit direkte voorwerp is en nog 'n ander vorm as dit indirekte voorwerp is. Dit maak natuurlik 'n taal moeilik, en ons kan maar bly wees dat die vorm van die woord in Afrikaans dieselfde bly. Ons praat van eerste, tweede, derde en vierde *naamval* al na gelang die woord *onderwerp*, *besitter*, *indirekte* of *direkte voorwerp* is. Die uitgange wat die bepaalde naamvalle aandui, noem ons *naamvalsuitgange*.

Afrikaans het geen naamvalsuitgange nie en die woord bly dieselfde behalwe natuurlik die voornaamwoord. Vergelyk „ek”—„my,” „jy”—„jou,” „hy”—„hom,” „sy”—„haar” ens. Ons

het egter nog baie oorblyfsels van naamvalsuitgange uit Nederlands. I.p.v. te sê „'n engel van die lig” of „die brood van smarte” sê ons „'n engel des ligs” en „die brood der smarte.” Ander voorbeelde van die ou **tweede naamval** (of genitief) in Afrikaans is:

'n Steen des aanstoots, 'n stem des roepende in die woestyn, 'n kind des doods, in die sweet des aanskyns, die koninkryk der hemele, myns insiens, onses insiens, desnoods, desondanks, desgelyks.

Jobs geduld, Salomos wysheid, 'n Daniels bende, „om jonkheids blye môre.”

(In die meeste gevalle word die woorde natuurlik saamgetrek tot een woord en dan bly die -s net oor as 'n verbindingsklank. Dink aan: 'n jobstyding, 'n godswonder, lewensbrood, gevoelsuiting, van vaderskant, moedersbewys, godslastering).

Dis niks *goeds* nie. Vertel my iets *moois*. Dis niks wat *wonders* nie. Daarvoor is ek *mans* genoeg.

Daar is ook nog baie oorblyfsels van die **derde naamval** (die datief) in ons taal:

Alles ten beste, ten volle geniet, ten dele ken, ten slotte sê, ten regte en ten onregte, ten strengste veroordeel, ten gronde gaan, van harte gelukwens, ten koste van, ten behoeve van, ten spyte van, ter sake, ter aarde bestel, ter ere van, ter ore kom, ter insage, ter sprake kom, ter dood veroordeel, ter elfder ure, ter harte neem, wel ter tale, in der minne, by magte, van harte, met dien verstande.

Vir die studie van ander tale is dit noodsaaklik om te weet dat *die onderwerp altyd die eerste naamval, die besitter* (soos die *vader* se hoed) *altyd die tweede naamval, die indirekte voorwerp* (soos ek gee die *blomme* water) *altyd die derde naamval, en die direkte voorwerp of naamwoorde na 'n voorsetsel altyd die vierde naamval is.*

In die behandelde gevalle is „'n steen des aanstoots,” „desnoods” ens. letterlik Nederlandse tweede naamvalle, terwyl die „ten,” „ter” en die -e in gevalle soos „harte” en „magte” vir ons sê dat dit soos die derde naamval in Nederlands en Duits lyk.

Die belangrikste is egter *om die betekenis van al die gevalle te ken*. Leerlinge moet altyd onthou dat dit die belangrikste ding in 'n taal is dat hulle die behandelde stof moet verstaan en in die lewe kan gebruik.

Die Voornaamwoord:

Die voornaamwoord is min of meer die plaasvefvinger van die naamwoord. Daar is 'n hele paar soorte, die gebruik waarvan belangrik is:

Persoonlike Voornaamwoorde:

Hulle is veral: *Ek, jy, u, U (Gy), hy, sy, dit, my, jou, hom, haar, dit, ons, julle, hulle*, en ons moet die volgende punte i.v.m. hulle beklemtoon:

Naas „ek” kom „ekke” ook af en toe voor, veral as ons wil beklemtoon, bv. „arme ekke.”

'n Mens sê vir jou meerderes en vir vreemdes „u” en vir die Opperwese „U.” Vermy die herhaling van name en gebruik „u” en „U.”

„Jul” en „hul” word naas „julle” en „hulle” sonder verskil in betekenis aangetref, maar is tog minder gebruiklik.

L.W.—„Waar is my jas?” „Piet sit *op dit*” is 'n baie lelike taalfout. Ons sê: „Piet sit *daarop*.” So ook natuurlik: *Daarmee, daarin, daaruit, daaroor, daaronder, daarsonder* ens.

Wederkerende Voornaamwoorde:

My, jou, hom, u, U, ons, julle, hulle is wederkerende voornaamwoorde, as die werking terugkeer tot die onderwerp, m.a.w. as die voorwerp en die onderwerp dieselfde persoon is. Somtyds moet hulle noodwendig dieselfde persoon wees soos in die volgende gevalle: Ek misgis (vergis) my, jy verheug jou, hy herinner hom dit nog goed, ons vererg ons, julle verbly julle, hulle ontstel hulle, U ontferm (erbarm) U oor die sondaar. Daar is egter gevalle waar dit nie *noodwendig* dieselfde persoon is nie: Piet was hom, hy skeer hom ens. As ons bedoel dat hy nie iemand anders skeer nie, moet ons sê: „Hy skeer homself.” „Hy skeer hom self” beklemtoon die feit dat hy dit *self* doen.

Die Wederkerige Voornaamwoord:

Daar is net een wederkerige voornaamwoord in Afrikaans en dit is „mekaar” („mekander” soos die ou mense sê).

Besitlike Voornaamwoorde:

My, jou, u, U, sy, haar, ons, julle, hulle word as byv. nwe. voor 'n nw. gebruik soos byv.: Hier is *jou* boek, dit is *julle* geld ens.

Myne, jou(n)e, syne, hare, u s'n, ons s'n, julle s'n, hulle s'n word sonder die selfstandige naamwoord gebruik: Hierdie is *myne*, daardie is *syne* en die ander is *julle s'n*.

L.W.—„*Haar s'n*” i.p.v. „*hare*” wat 'n mens in sommige dele van ons land hoor, is baie lelik en verkeerd.

„*U s'n*” hoor 'n mens maar selde, maar wat moet jy dan anders sê? „*Die uwe*” is tog uit die hoogte.

Let op die volgende manier van skryf: Gee ons ons daaglikse brood (sonder enige komma), ek verduidelik julle julle foute, laat hulle hulle skuld betaal.

Aanwysende Voornaamwoorde:

Hulle is: *Hierdie, daardie, dieselfde, dié, dit, sulke, soortgelyke, dergelyke, hiervan, daarvan, hierop, daarop* ens., en het seker geen verdere verduideliking nodig nie.

Vraende Voornaamwoorde:

Wie, wat, watter, wie se, wie s'n, waarin, waardeur, waarmee ens. is die belangrikste.

L.W.—As ons van lewelse dinge praat, praat ons van *waarop, waaronder* ens., maar, as ons van mense praat, praat ons natuurlik van *op wie, onder wie* ens.

Betreklike Voornaamwoorde:

Wat, wie, wie se, waaronder, waarop ens. is die belangrikste. Aangesien daar dikwels foute i.v.m. die betreklike voornaamwoord gemaak word, moet ons op die volgende let:

Ons gebruik „*wat*” in die meeste gevalle: Mense *wat* so praat, lieg. *U, Wat* oor ons lot regeer, help ons. Ons sê egter: *Wie* dit nie kan begryp nie, is dom.

Ons sê: Die man *wie se* (van wie die) dogter siek is, is hier. Die vriend *sonder wie* ons nie kan klaarkom nie, is weg; maar: die esel *waarsonder* ons nie kan klaarkom nie, is dood. Die pen *waarmee* ek skrywe, is sleg.

Die Onbepaalde Voornaamwoord:

Hulle is veral: *Jy, ('n) mens, iemand, niemand, iets, niks, party, sommige, enigeen, iedereen, 'n elk en 'n ieder, menigeen, menige, een, elkeen, hulle* ens.

Let op die volgende: 'n Mens weet nie wat *jou* voor die deur staan nie. *Menige kind* het nie die voorregte nie.

Die Byvoeglike Naamwoord (Adjektief):

Die byv. nw. sê vir ons gewoonlik iets meer van die selfst. nw. en is 'n baie belangrike rededeel, want dit is dikwels die mooi byv. nwe. wat jy gebruik om jou styl aantrekliker en meer tekenend te maak: Die *genadelose* storm het losgebars en die *weemoedige* treurwilgers gekasty, dat die *droewige* takke nog meer omlaag gebeur het.

Dit sal geen nut hê om al die soorte byvoeglike naamwoorde op te noem nie. Ons kan eerder aantoon dat ander rededeel ook dikwels as byv. nwe. gebruik word: *Kappende* mense en *afgekapte* bome (deelwoorde), die *Suid-Afrikaanse* son en die *Europese* winter (eiename), 'n *lakense* pak en 'n *goue* oorlosie (stofname). (Stofname word egter net los van die ander selfst. nw. geskrywe, as hulle verbuig word; so nie, is dit een woord: *Staaldraad* (maar 'n *stale* geheue), *goudriwwe*, *ystertrallies*, *erdepotte*, *flenniebroeke*, *linnegoed*, *ferweelpakke*, *sykouse*. As dit vreemde woorde is, word hulle met 'n koppelteken geskrywe: „volle”-rokke, „tootal”-dasse, „crepe-de-chine”-bloese ens.). (Ons het mos ook gesien dat voornaamwoorde dikwels as byvoeglike naamwoorde gebruik word).

Somtyds staan byvoeglike naamwoorde net voor (of net agter) die selfstandige naamwoord, bv. *lang* pale, geld *lank*, *vol* mandjies, mandjies *vol*, maar soms word die byvoeglike naamwoord van die selfstandige naamwoord deur 'n werkwoord ('n koppelwerkwoord) geskei, bv. die lammers is *jonk*. (Die geleerde mense sê dat die adjektief in die eerste gevalle *attributief* en in die laaste gevalle *predikatief* gebruik word). Daar is byvoeglike naamwoorde wat 'n ander vorm het as hulle predikatief gebruik word dan as hulle attributief gebruik word. Kyk na: Die stokke is *lank*, *lang* stokke; die meisies is *jonk*, *jong* meisies. Sommige byvoeglike naamwoorde, soos dié van eiename afgelei (*Vrystaatse*), van stofname afgelei (*goue* ens.), wat plek, rigting of tyd aandui (*agterste*, *suid-oostelike*, *kwartaalse*) en andere soos *huidige*, *ganse* en *letterkundige*, word net attributief aangefref. Andere kom weer net predikatief voor: Ek is *begaan* oor sy toestand. Die Boesman is *bestand* teen die koue. *Gedagtig* aan sy straf, het hy dit nie weer gedoen nie. Die seun is *geheg* aan sy moeder. Die mens is *geneig* tot kwaad. Ons is nie *gewoond* (*gewend*) aan slegte behandeling nie. Sommige mense is nie *vatbaar* vir oortuiging nie. „*Kwaad*,” „*gou*” en „*ktnds*” vermy ook gewoonlik die attributiewe vorm.

L.W.— „Hy is (word, lyk) *oud.*” „Hy blyk (skyn) *oud.*” „*Oud*” is hier 'n byv. nw., omdat dit my iets meer sê van „hy” en nie van „is” nie.

Verbuiging:

Dit is baie moeilik om vir leerlinge te sê presies wanneer die byv. nw. verbuig word, want ons spreektaal wyk só af van die boektaal, dat absolute reëls 'n bietjie moeilik is. En tog is 'n mate van vastigheid noodsaaklik, want hoor ons dan nie tot vervelens toe verkeerde vorme soos „*moeg esels,*” „*n sleg vent*” en ander nie?

Hoewel daar baie uitsonderings is, sal dit leerlinge tog help om te weet *dat alleen attributief-gebruikte byv. nwe. verbuig word, dat eenlettergrepige byv. nwe. op -d, -f, -g en -s gewoonlik verbuig word, dat alle meerlettergrepige byv. nwe. verbuig word, dat byv. nwe. in hulle figuurlike gebruik (en ook wanneer hulle sterk beklemtoon word) gewoonlik verbuig word:*

Byv. Nwe. op -d, -f, -g en -s:

Harde hout, 'n doolie gans, sy breë bors, wrede barbare, kou(e) môre(n)s, dowe skepsels, growwe foute („growwe- en grofbrood” word albei aangeneem), skewe voorstellings, liewe ouers, hoë berge, lae vlaktes, moeë esels, in die vroeë môre, dwase ondernemings, bose magte, lawwe grappe, die Roomse geloof, van Joodse afkoms, 'n slaafse navolging, doodse stilte, aardse besittings, steedse maniere, trotse vaders, flukse leerlinge, 'n logge gevaarte, 'n muwwe ruik, 'n gladde tong, vreemde vertes, halwe eiers (maar „halfaam” en „halfmaantjie” as 'n merk van 'n skaap), leë vate, rule bosse, krasse aanmerkings, 'n snaakse skepsel, met rasse skrede.

Die -te gevalle:

As die *-g* en *-s* oorspronklik *-cht* en *-st* was, is die verboë vorm *-te*: Die ligte gewig (ons lees tog van die „liggewigkampion”) , slegte gewoontes, sagte perskes, woeste gevegte, my vaste oortuiging, egte stinkhout, die regte persoon, jultse bewerings.

Opmerking:

Baie eenlettergrepige byv. nwe. wat ons verboë verwag, is onverboë en anders om: 'n Los tand, die bros strool, 'n fris seun, ou mense (van „oud”), nuwe besems (van „nuut”), 'n ruwe

spel, skuwe kinders, naakte Kaffers, 'n pure kind, dis pure bog, 'n ware gebeurtenis, ten enemale nie (naas „eenmaal”), elke maal (naas „elkeen”).

Die Meerlettergeregipes:

Hulle word altyd verbuig behalwe wanneer hulle op *-er* (soos die vergrotende trap) en *-el* eindig; dan is die gebruik onvas:

'n Welkome afwisseling, op wetenskaplike gebied, goddelose stede, spraaksame vrouens, respektabele mans, die kurkdroë aarde, omgespitte grond, populêre leerlinge, 'n edel karakter, troebel water, 'n dubbele ontkenning ('n dubbelloopgeweer), moeilliker tye, in ieder geval (iedere mens).

Ou verboë Vorme:

Ook hier (net soos in die geval van naamval) moet ons daarop wys dat daar nog ou verboë vorme in ons taal oorgebly het: Die twee het daar te *gelyker* tyd aangekom. Ons het die skelm op *heter* daad betrap en hom tronk-toe geneem. Mense wat te *goeder* trou handel, vertrou ook almal. Ons gun die flukse boer van *ganser* harte die oes. Hy het nie eens kwaad geword nie, maar hy het die man sommer in *koelen* bloede geslaan. Hy het niks reggekry nie en moes maar *onverrichter* sake huiswaarts keer. Dit was *allermins* my gedagte dat my vriend my sou beledig.

Die Figuurlike Gebruik:

Leerlinge weet mos al dat woorde 'n letterlike gebruik het ('n suur lemoen, 'n soet peer ens.), maar hulle kan ook **figuurlik** gebruik word ('n sure ondervinding, soete herinnerings). Ondervindings kan mos nie letterlik suur wees nie, maar die onaangenaamheid van sekere ondervindings laat jou dink aan die onaangenaamheid van 'n suur lemoen, en jy gebruik dieselfde woord vir die twee. Leerlinge moet goed op hierdie verskynsel let (wat ook by ander rededele voorkom), want hulle sal dit nog dikwels teëkom. Nou ja, hierdie figuurlik-gebruikte byv. nwe. behoort eintlik altyd verbuig te word, maar daar is tog gevalle soos: soet kinders, 'n skerp tong, vuil taal en ander wat bykans nooit verbuig word nie. Hulle is die uitsonderings wat die algemene neiging van Afrikaans om die *-e* weg te laat aantoon. In die meeste gevalle soos die volgende het ons nog die verskil tussen die letterlike en die figuurlike gebruik:

'n Bitter smaak — bittere beproewings. Diep riviere — God lei langs diepe watere. 'n Grys vader — die gryse verlede. Bang kinders — die bange nag. Fyn sand — fyne spot. 'n Lomp vent — 'n lompe uitdrukking op die gesig. Swaar gewigte — die sware skulde. Taai vleis — met taale volharding (en wat van „'n taai klap“?). 'n Stom kind — die stomme diere in die storm. 'n Duur plaas — jou dure plig. Flou diere of koffie — floue ekskuse. Mal mense — jou malle verstand (die mallemeule). Ver ente — die verre verlede (dis verre gaande). Los klippe — op losse voet. 'n Vry kamer ('n vrye volk) — 'n vrye vertaling. 'n Skoon pak — 'n skone vooruitsig. Rein water — die reine waarheid. Wys vrouens — die wyse raad. Sterk perde — sterke drank. 'n Arm man (is arm) — 'n arme man (is bejammerenswaardig). 'n Naar man (is naar) — 'n nare man (om mee saam te werk). Laagwater (as die see laag is) — lae water (is nie hoog nie). 'n Heel ruit (is nie stukkend nie) — 'n hele ruit (is nie half nie).

Nadruk:

Die volgende gevalle word weens die nadruk verbuig: So'n stoute kind, jou lule vabond, jou swarte tater ens.

Trappe van Vergelyking:

Leerlinge het natuurlik al gehoor dat die *Stellende Trap* (groot) 'n eienskap tot 'n mate uitdruk, die *Vergrotende Trap* (groter) meer en die *Oortreffende Trap* (grootste) druk dit die meeste uit. Ons gebruik egter dikwels die oortreffende trap sonder dat ons daaraan dink dat dit meer is as ander gevalle: Allermees, 'n allerliefste ou dogtertjie, jou uiterste bes, beste maat ens.

Sommige byv. nwe. het geen trappe van vergelyking nie. Dit is veral waar van byv. nwe., van eiename afgelei soos „Magaliesbergse tabak,” en byv. nwe. wat aantoon dat 'n eienskap nie méer aanwesig kan wees nie: Yskoud, hedendaags, toenmalig, jaarliks, almagtig, kinderloos ens.

Ons gebruik „as” wanneer ons vergelyk, bv. „Jan is groter as Piet,” maar, as daar alreeds 'n „as” in die sin is, dan gebruik ons „dan.” Hy is beter as sportman *dan* as onderwyser.

Die meeste trappe van vergelyking word deur middel van *-(d)er* en *-ste* gevorm behalwe 'n aantal onreëlmatiges, uitsonderings en deelwoorde. Teenwoordige en Verlede Deelwoorde vorm die trappe deur middel van „meer” en „mees” („die meeste”): Hierdie man praat meer besielend as daardie een,

dit is die mees opwindende spel, hierdie skurk is meer geslepe as daardie een, hy is die mees gehate man in die omgewing. (Behalwe in gevalle soos „welkom” en „tevrede” is ons egter maar geneig om „meer” en „mees” te gebruik, as dit nie „doodgewone” byv. nwe. is nie. Ons praat gewoonlik van „meer bemoelslek” en „die meeste gemaksugtig.” Dit is egter heeltemal onnodig om te praat van „meer presies” en „die mees kinderlike.” Dit is meer in orde in gevalle soos „minder goed,” „minder gewoon” ens.).

Voordat ons tot die eintlike trappe kom, wil ons op die baie verkeerde neiging wys om „meer opgeruimder” en „mees verdienstelikste” ens. te sê en te skrywe. (’n Mens hoor dan selfs wangedrogte soos „meer beterder”).

Nou die Trappe:

Stellende	Vergrotende	Oortreffende
Wreed	wreder	wreedste
breed	breër	breedste
gedwee	gedweër	gedweeste
dof	dowwer	dofste
doof	dower	doofste
koel	koeler	koelste
vroom	vromer	vroomste
verdraagsaam	verdraagsamer	verdraagsaamste
gelukkig	gelukkiger	gelukkigste
ru	ruwer	ruuste
sku	skuwer	skuuste
arm	armer	armste
lelik	leliker	lelikste
maklik	makliker	maklikste
duur	duurder	duurste
gaar	gaarder	gaarste
teer	teerder	teerste
bitter	bitterder	bitterste
vroeg	vroeër	vroegste
traag	traer	traagste
moeg	moeër	moegste
droog	droër	droogste
laag	laer	laagste

<i>Stellende</i>	<i>Vergrotende</i>	<i>Oortreffende</i>
vaag	vaer	vaagste
leeg	leër	leegste
sag	sagter	sagste
sleg	slegter	slegste
eg	egter	egste
lig	ligter	ligste
hulpeloos	hulpeloser	hulpeloosste
dwaas	dwaser	dwaasste
hees	heser	heesste
rats	ratser	ratsste
snaaks	snaakser	snaaksste
fris	frisser	frisste
vies	vieser	viesste
skaars	skaarser	skaarsste
woes	woester	woesste
vas	vaster	vasste
juis	juister	juisste
baie	{meer {minder	{meeste {minste
goed	beter	beste
kwaad	kwater	kwaadste
laat	later	{laatste {laaste
min (weinig)	{minder {meer	{minste {meeste
nuut (nuwe)	{nuter {nuwer	 nuutste
naby	naderby	naaste
graag	liewer	liefste

Die Lidwoord:

Hulle is *die*, 'n en ou vorme soos 't en *der*. Aangesien lidwoorde nie besonder belangrik is nie, wys ons net op die volgende:

Onder Engelse invloed word die lidwoord dikwels verkeerdelik weggelaat. Ons moet bv. sê „in *die* meeste gevalle,” „*die* meeste mense,” „in *die* medisyne studeer” ens.

Daar is 'n verskil tussen „op stal” en „op die stal,” „aan boord” en „aan die boord,” „op slot” en „op die slot,” „oor draad” en „oor die draad.”

Ons tref die ou vorme aan in gevalle soos „*de* hoenders in,” „*de* josie in” en „'n kwaai *der*duiwel.”

Die Werkwoord:

Die ww. is seker die belangrikste en miskien ook die moeilikste rededeel in enige taal, maar dit is teweens ook noodsaaklik om die ww. te verstaan, as ons 'n taal korrek wil praat en skrywe.

Soorte:

Sonder om leerlinge te verveel met name, moet ons darem op 'n paar begrippe i.v.m. werkwoorde wys. Daar is werkwoordjies soos „het,” „sal,” „word,” „is,” „was,” „sou,” „mag” e.a. wat saam met 'n deel van 'n ander ww. aantoon dat 'n handeling in die verlede of toekomstige tyd is, dat dit lydende vorm is of dat dit in 'n ander wyse is (begrippe wat ons later behandel). Dink aan: Ons *het* dit gedoen, ons *sal* dit nog doen, hy *word* gestraf, die hoender *is* gister geslag, hy *mag* nog kom. Hulle *help* eintlik iets doen, word dus **Hulpwerkwoorde** genoem en speel 'n belangrike rol in elke taal.

Sommige werkwoorde soos „slag” in „ons slag 'n vark” *het 'n voorwerp* en kan gevolglik ook tot *die lydende vorm verander word* ('n vark word deur ons geslag). Dan sê ons hulle is **oorganklik** of *transitief*. As daar *geen voorwerp kan wees nie* en dus ook *geen lydende vorm nie* soos in „ek gril nou nog,” dan praat ons van **onoorganklike** of *intransitiwewerkwoorde*.

Leerlinge het seker al van **sterk** en **swak werkwoorde** in Engels gehoor. *Sterk werkwoorde verander meestal die stam, terwyl die stam van swak werkwoorde onveranderd bly.* „Throw—threw—thrown” is sterk, terwyl „laugh—laughed—laughed” swak is. Ons kies met opset Engelse voorbeelde, omdat sterk werkwoorde in Afrikaans bykans onbekend is. (In hierdie opsig is Afrikaans 'n betreklik maklike taal.) Daar is net die paar bekende sterk werkwoorde soos: *is—was—gewees, kan—kon, moet—moes, wil—wou, sal—sou* (en ons hoor ook nog van: *had, dag, wis, mog*). Natuurlik kry ons nog oorblyfsels van sterk werkwoorde in die sterk verlede deelwoorde soos: *gebroke harte, bedorwe kinders* en die *begonne* taak.

Tyd:

Die drie begrippe, *Verlede*, *Teenwoordige* en *Toekomende* is natuurlik bekend. Maar nou kan iets in elkeen van die drie gevalle klaar (*voltooid*), een of ander tyd (*onbepaald*) of aan die gang (*voortdurend*) wees. Let op die volgende voorbeelde:

Verlede	}	<p>Toe hy daar kom, het ek <i>al</i> die werk gedoen (Volt.).</p> <p>(When he came there, I <i>had done</i> the work).</p> <p>Ek <i>het</i> die werk <i>gedoen</i>, net wanneer ek wou (Onbep.).</p> <p>(I <i>did</i> the work, when I wanted to).</p> <p>Ek <i>was besig</i> om die werk <i>te doen</i> (aan die doen). (Voortdurend).</p> <p>(I <i>was doing</i> my work (at that time).</p>
Teenwoordig	}	<p>Ek het <i>nou</i> die werk gedoen. (Voltooid).</p> <p>(I <i>have done</i> the work).</p> <p>Ek <i>doen</i> die werk (as ek lus het). (Onbepaald).</p> <p>(I <i>do</i> the work).</p> <p>Ek <i>is besig</i> om die werk <i>te doen</i> (aan die doen) (Voortdurend).</p> <p>(I <i>am doing</i> the work).</p>
Toekomende	}	<p>Vanaand <i>sal</i> ek die werk (<i>klaar</i>) <i>gedoen</i> het (Volt.).</p> <p>(To-night I <i>shall have finished</i> the work).</p> <p>Ek <i>sal die werk doen</i> (wanneer ek lus het) (Onbep.).</p> <p>(I <i>shall do</i> the work).</p> <p>Ek <i>sal besig</i> wees om die werk <i>te doen</i> (I <i>shall be doing</i> the work). (Voortdurend).</p>

By bogenoemde gevalle kom nog twee tye nl. „sou gedoen het” en „sou doen,” maar leerlinge kan dit maar later onthou; die ander nege tye is genoeg om te onthou).

As leerlinge gevra word om 'n werkwoord in die verlede neer te skrywe, word die onbepaalde gewoonlik bedoel. Dus: „Ek kom” word „ek het gekom.” Nou moet ons egter onthou dat daar meer as een manier is om hierdie verlede tyd uit te druk.

Kyk net: (a) „Ek *het* daar *gekom* en alles gesien,” (b) „*toe kom* ek daar en ek help hom,” (c) „ek *kom* daar en ek help hom.” In hierdie laaste geval word die vorm van die teenwoordige nou sommer gebruik om die verlede uit te druk. Leerlinge sal later nog sien dat dit nie die enigste gevalle is dat dieselfde vorm meer as een tydstip uitdruk nie).

Ons kan dus ook die vorm van die teenwoordige tyd vir die verlede gebruik, maar ons moenie gedurig tye verander nie; dis verwarrend.

Let op die volgende verlede tye: Ons *moes* dit doen, maar ons *wou* nie en ons *kon* nie. *Jy behoort* dit te *geweet het*. *Hy behoort* jou dit te *vertel het*. Dit *blyk* die geval te *gewees het*. Gert *skyn* dapper te *geword het*. Ons *het* hom *gaan* soek. Ek *het* hulle *hoor gesels*. *Hy het* voor my *begin*, maar na my *ontkom*.

Vorm:

„Die hond byt die kat” is in die **bedrywende vorm**. „Die kat word deur die hond gebyt” is in die **lydende vorm** (die kat ly nou). *Let daarop dat die voorwerp van die bedrywende vorm die onderwerp van die lydende vorm word.*

Dit is ook verder belangrik om te onthou dat die tyd dieselfde moet bly. Let op die volgende gevalle:

- B. Toe hy daar kom, het ek al die werk *gedoen*.
- L. Toe hy daar kom, *was* die werk al deur my *gedoen*.
(Dit is die Engelse „had been” en die enigste geval waar ons Afrikaans „was gedoen” kan gebruik).
- B. Ek het die werk een of ander tyd *gedoen*.
- L. Die werk *is* een of ander tyd deur my *gedoen*.
(Eng. „was done” word Afrikaans „is gedoen”).
- B. Ek het nounet die werk *gedoen*.
- L. Die werk *is* nounet deur my *gedoen*.
- B. Ek doen my werk, wanneer ek wil.
- L. My werk word deur my *gedoen*, wanneer ek wil.
- B. Ek sal dan die werk *gedoen* het.
- L. Die werk *sal* dan deur my *gedoen* *geword* het.
- B. Bring die boeke.
- L. Die boeke moet (deur jou) gebring word.

Wys(e):

(Dit is 'n moeilike deel van die ww. wat eers later breedvoerig behandel word, maar ons kan darem op 'n paar hoof-trekke let):

Wyse beteken eintlik die *hoe*, die *manier* van die handeling. Probeer hierdie vier name onthou: **Aantonende, Gebiedende, Onbepaalde en Aanvoegende.**

Die Aantonende en die Gebiedende:

Hierdie twee is baie eenvoudig om te verstaan. As iets 'n *werklikheid* was, is of sal wees (sy het gehuil, die son skyn, ons sal kom), dan sê ons die ww. is in die *aantonende wyse*. As ons iemand iets *gebied*, 'n *bevel* gee, dan praat ons van die *gebiedende wyse* (loop slaap! Kom hier!)

Die Onbepaalde Wyse of Infinitief (Infinitive):

Hier volg 'n paar bekende gebruike van die onbepaalde wyse:

- (a) (Om te) *loop* is 'n oefening. („Walking is an exercise”).
Swem is lekker. *Huil* help nie.
(Die infinitief is hier die onderwerp).
- (b) Ek haat *skrywe*. Hy hou van *soebat*. (Hier is dit weer die voorwerp).
- (c) Ons eet om te *lewe*. Die begeerte om te *wen* het my beet. (Hier is dit bepalings).
- (d) Ek kan *kom*. Jy mag *gaan*. Ek sou dit *doen*. Hy wou *weet*. (Na die wwe. „sal,” „wil,” „kan,” „mag,” „durf,” „moet” ens., al is hulle ook in die verlede tyd — 'n baie belangrike feit by die aanleer van ander tale; vgl. „he could go,” „that might be” ens.)

Verboë vorme van die Infinitief:

Leerlinge het natuurlik al opgelet dat mense praat van „skrywe” naas „skryf,” „sorg” naas „sôre,” „terg” naas „têre.” Vergelyk hiermee: „Na sy troue,” „aan 't rukke” en ander vorme wat ons ook nog teenkom. Belangriker is egter die verskil tussen: „te dank” en „te danke,” „te weet” en „te wete,” „te wens” en „te wense,” „te hoop” en „te hope,” „te wag” en „te wagte,” „te keer” en „te kere.”

Die Verlede Infinitief:

Die infinitief kom ook in die verlede voor in gevalle soos: Na dit te *gedoen het*, het hy vertrek. Hy behoort ondersoek *in te gestel het*. Hy skyn daarvan *te gehoor het*. Jy hoef dit nie *te gedoen het nie*.

Die Aanvoegende Wyse („Subjunctive“):

(Op hierdie ingewikkelde saak behoef ons hier nie in te gaan nie; dit is iets van latere kommer, maar ons kan darem nou-al weet wat dit beteken). Wat 'n mens te sê het, is mos nie altyd werklikheid of bevele nie; daar is mos ook die wêreld van *verbeelding, veronderstellings, waarskynlikhede, moontlikhede en onmoontlikhede* — die wêreld van die onwerklike. Hier gebruik ons die *aanvoegende wyse*: Was ek maar ryk. Lank lewe ons leler! Kon ek maar daar wees! Hy mag moontlik kom. (Watter wyse is „kom“?) As ek jy *was*, sou ek dit doen.

Die Deelwoorde:

Daar is twee van hulle: die **Teenwoordige Deelwoord** en die **Verlede Deelwoord**. Die teenwoordige deelwoord *wat op (e)nd(e) eindig*, word gewoonlik as 'n byv. nw. gebruik: Werkende mense, dalende pryse, spelende kinders, laggende gesigte, moordende sonstrale, blaffende honde, 'n minagende houding, verstikkende rookdampe, dartelende vlinders, jubelende kinders, vertellende gedigte, dromende wilgers, skoppende perde, ontroerende toesprake, verwoestende brande, 'n afwagtende houding, *lêende* henne, *staande* mense, hy is *gaande*, sommige mense is *siende* blind.

Die tw. dw. behoef natuurlik nie noodwendig 'n byv. nw. te wees nie: Die *sterwendes* en *lydendes*, *gedurende* die vakansie, ons is dit *roerend* eens, hy praat *verregaande* onmanierlik.

Die *Verlede Deelwoord* lyk o.a. so: Ons het hout *gekap* (*gekapte* hout), hulle het hout *gebreek* (*gebreekte* hout, *gebroke* harte), hulle word *gestraf* (*gestrafte* misdadigers), die taak is *begin* (die *begonne* taak), *gedane* arbeid.

Werkwoorde wat begin met be-, ge-, her-, er-, ont-, ver- en onskeibare wwe. vorm die verl. dw. sonder die ge-: Ons het begin, hy het bemin (sy beminde), sy familie het sy heengaan

betreur (sy betreurde dood), hulle het gesêls (maar „gegêsel”), ons het die vryheid herwin (herwonne vryheid), hulle het die stad herower (die herowerde stad), foute word soms erken (erkende foute), die rampokkers het die kind ontvoer (die ontvoerde kind), dit het sy ouers ontstel (ontstelde ouers), smart word soms vergeet (lang-vergete smart), ons het die saak oorweeg (sy oorwoë mening), moeder het ’n operasie ondergaan (die ondergane operasie), ons het leed deurstaan (deurstane leed), die speler het die bal onderskep (die onderskepte bal), hy het sy reis onderbreek (die onderbroke reis). (Ons sê egter „hulle het ons *geherberg*” en „die beeste het *geherkou*”).

Ons sê ook: Ek het hom *sien* gaan, *hoor* roep, *voel* roer. „Hy het staan en praat” is iets anders as „gestaan en gepraat.”

Sê liewers: Hy het *geloseer*, *geïnspireer*, *geëksamineer* (maar hy het „*probeer*”).

Van die ww. „breek” lei ons af „*gebreekte* mielies” en „*gebroke* harte.” Ons sê dat „gebreekte” swak is, want die stam bly onveranderd, terwyl „gebroke” sterk is, aangesien die stam verander en daar ook geen -de of -te is nie. Dit is baie belangrik om te weet *dat die sterk vorm gewoonlik figuurlik gebruik word, terwyl die swak vorm gewoonlik letterlik gebruik word:*

Bespreek — onbespreekte plekke, ’n onbesproke karakter.

Slyp — geslypte messe, geslepe vabonde.

Uitsoek — uitgesoekte pere, ’n uitgesogte geleentheid.

Verskrik — verskrikte wild, ’n onverskrokke held.

Bind — gebinde gerwe, ’n gebonde lewe.

Vlieg — ’n weg-gevliegde dui, vervloë dae.

Aflê — die afgelegde reis, afgeleë dorpe.

Sweer — ’n versweerde enkel, geswore vriende.

Opwen — opgewende oorlosies, opgewonde massas.

Skink — geskinkte koffie, ’n beskonke man (dronk).

Slaap — verslaapte kinders, ontslape helde.

Bederf — bederfde vrugte, bedorwe kinders.

Oorweeg — oorgeweegde koring, ’n oorwoë voorstel.

(Ken jy nog sulke gevalle)?

Daar is egter baie verlede deelwoorde wat letterlik gebruik word en tog sterk is:

Die *aangewese* weg, 'n *onbeholpe* drommel, *onbestrede* mosies, *gedane* sake, *berede* polisie, *gesonge* liedere, *gesplete* ertjies, *verborge* sondes, die *gesproke* woord, *verbode* vrugte, *voorgeskrewe* boeke, *gegote* yster, *aangenome* kinders, die *volbragte* taak.

Leerlinge weet ook nie altyd of die vorm *-de* of *-te* is nie. Dit is egter gevorderde werk, en gevolglik bekyk ons net 'n paar voorbeelde:

Gekladde boeke, bebloede gelaat, verwoede gevegte, gestoofde vrugte, gekloofde hout, gekerfde tabak, geploegde lande, gemengde baaiery, geteisterde streke, bebroelde eiers, die gehate vyand, die vereiste lengte, geënte bome, gesifte meel, gepaste toesprake, 'n besproete gesig, vergrote portrette.

Dit is eweneens moeilik om te bepaal wanneer die *-d* moet wegval en wanneer nie. Kyk hierna (en probeer 'n reël ontdek):

Hy *het* my *teleurgestel*. Ek *voel* *teleurgesteld*.

Die *gasse* *het* my *bedwelmd*. *Bedwelmd* *neerslaan*.

Die *vent* *het* *afgeduwel*. Jy *is* *beduweld*.

Die *hen* *het* *gebroid*. Die *elers* *is* *bebroeid*.

Ek *het* *hom* *gesteur*. Hy *lyk* *gesteurd*.

Ons *het* die *yster* *gestel*. Hy *is* *gestel* op sy werk.

Die Bywoord:

Net soos 'n byv. nw. 'n nw. verder omskrywe (eintlik 'n bletjie kleur), *net so bepaal die bywoord veral die werkwoord, maar ook ander bywoorde, byvoeglike naamwoorde en telwoorde:*

Hy *het* my *verbrands* te veel laat betaal (so 'n verbrande vent!) Kom ons ruil *onbesiens*. Hy *ry* al daar *gunter*. Jy sal my *voortaan* nie meer sien nie. Dit kom maar *uiters selde* voor. *Vanmelewe* *het* daar 'n boer gewoon. Hy praat *almelewe* te veel. Jy pleit *tevergeefs* ('n vergeefse pleidooi). Loop maar; ek kom *aanstons*. Hy loop *soheentoe*, *daarnatoe*, *boontoe*, *huis-toe*, *see-toe* (maar „na die see toe”). (Let daarop hoe hierdie laaste gevalle geskrywe word).

'n Byv. nw. kan natuurlik ook as byw. gebruik word. Dink aan: *Sy* *is* mooi, *sy* *sing* mooi; ek word koud, die wind waal *koud*.

Die bywoord word ook soms verbuig: 'n *Verskriklike* warm dag (iets anders as „'n verskriklike, warm dag), 'n *taamlike* groot huis (iets anders as „'n taamlike, groot huis).

Die bywoord het ook trappe van vergelyking wat min of meer dieselfde is as dié van die byv. nw.

Die Telwoord:

Leerlinge kan mos darem seker almal tel. Nou ja: Een, twee, drie ens. noem ons **Hooffelwoorde**, terwyl eerste, tweede en hulle maats **Rangtelwoorde** is. (Die name is egter nie baie belangrik nie). Ons moet op 'n paar bekende foutjies i.v.m. die saak wys:

Skrywe „die *helfte*,” „tweede,” „tweedens,” „nege-en-neëntig,” „aghoonderd ag-en-tagtig.”

„Ons het *vyf*uur daar *aange*kom en *vyf* uur op die pad *deur*gebring.” „Hy was *twee*-uur daar, nadat hy *twee* uur *geloop* het.”

Die Uitroep of Tussenwerpsel:

Van hierdie woorde soos „Soe!” „Ryperd!” „Duiwel!” ens. kan leerlinge honderde op die skoolgrond aanteken.

Die Voegwoord:

(Aangesien voegwoorde woorde, maar veral sinne saamvoeg, behandel ons hulle later onder sinsleer).

Die Voorsetsel:

Dit is 'n baie belangrike rededeel hierdie wat dikwels i.v.m. idioome gebruik word. Dit sal seker die beste wees, as leerlinge sien hoe die belangrikste voorsetsels gebruik word:

Aan

Die beste spreker *kom* die laaste *aan die woord*. 'n Mens is *dank aan jou weldoener verskuldig*. Ek sal bly wees, as jy

aan my versoek voldoen. Die dronkaard is *verslaaf aan die drank.* Almal doen kwaad, maar ek ry alleen *aan die pen.* Die ouer *vertrou* die kind *aan die onderwyser toe.* Ons plaas *grens aan dié* van ons buurman. Jy moet nou sê wat jy gaan doen en my nie langer *aan die lyntjie hou* nie. Ons *ver kies* die heerlike lente *bo* die warm somer. 'n Onverskillige mens *stel* hom maklik *aan gevare bloot.* Die dapper kêrel het baie *inoed aan die dag gelê.* Die arme kêrel het *aan sy wonde beswyk.* Dit *skeel* maar seker *aan jou,* want dit kan nie sy skuld wees nie. Voorspoed is *aan vlyt te danke* en teenspoed *aan luiheid te wylte.* Hy is geheg *aan sy vriend.*

Agter

Ek sal nie rus, voordat die *dief agter slot en grendel* is nie. *Agter daardie onskuldige storie skuil* daar iets waarvan ons nie weet nie. Hy lieg so, dat 'n mens swaar *agter die waarheid kom.*

Bo

Ons is bly, want die oes het *bo verwagting* geskiet. Daardie moeilike som is *bo my vuurmaakplek.*

By

Die mal man is nie *by sy positiewe nie.* Ek kan nie my aandag *by my werk bepaal,* as jy praat nie. Ek *dank* jou *by voorbaat* vir wat jy nog gaan doen. Hulle wou hom afskrik, maar hy het *voet by stuk gehou* en voortgegaan. Ek het hom gewaarsku en hy begaan *by my kool* weer dieselfde flater.

Deur

Moenie ultsoek nie; vat sommer *deur die bank.* Die vermalde kind is so *deur die wind,* dat sy alles verkeerd doen. Jy *praat deur jou nek;* dis onsin. Daar is niks meer aan te doen nie; *die koeël is deur die kerk.* Die streng onderwyser *sien geen foute deur die vingers nie.*

In

Deur slegte gedrag *steek* 'n mens jou ouers *in die skande.* Sy vader is kwaal, en hy moet *in sy spoor trap.* As 'n mens

jou onderwyser *in die sak het*, doen jy wat jy wil. Kinders wat weggaan, *stel* die hoof daarvan *in kennis*. Hy het kwaad gedoen, en nou *sit* hy *in die knyp* (*die pekel, die verleentheid*). Die polisie het die dief *in hegtenis geneem* en na die tronk gebring. Ek was byna suksesvol, maar toe kom *ry* hy my mos *in die wiele*. Hy het gekry wat hy wil hê, en nou is hy *in sy skik, in sy noppies, in sy element*. Sy astrantheid *steek* my darem *dwers in die krop* (is 'n *doring in my vlees*). Ons *verlustig* ons *in die mooi blomme*. As jy gou werk, is jy *in 'n kits* klaar. Ouma word flou, en die hele huis is *in rep en roer*. Toe ek beskuldig is, *het* my vriend vir my *in die bres(se) getree*. Die winkelier het nog baie ware *in voorraad*. Die voorbarige kind is ook altyd *in die gelid*. Sulke beproewings *gaan* nie *in 'n mens se klere sit nie*; jy hou daar iets van oor. Jan sal Piet nie afstaan nie; hulle is *kop in een mus*. Die bediende het my kwaad gemaak, waarop ek haar *in die pad gestee* het. Die skaam seun wil net altyd *in sy dop kruip*. Die arm man het *in gebreke gebly* om sy skuld te betaal. Die swak kereeltjie is nie *gebore in staat* om die gewig op te tel nie. Hy was sieklik, maar verkeer nou weer *in blakende gesondheid*. Ek *verheug* my *in die aanstaande vakansie*. 'n Tevere mens *berus in sy lot*. Die gedurige gepraat tussenin laat my *in die war* raak. Die baie werk *neem* al my tyd *in beslag*.

Jeens

Wees vriendelik *jeens* almal.

Met

Ons dierbare ouers *staan* ons *met raad en daad by*. *Vermenigvuldig* drie *met tien*. Boetie is *ingenome met sy* nuwe speelding. Die moedswillige vent doen dit *met opset* en nie *per abuis* nie. *Met verloop van tyd* sal die boompie hoog groei. Eers het hy *met vakansie* gegaan en daarna *met siekteverlof*. Die besliste man het die kwaad *met wortel en tak* uitgeroel. Jou leuenaar! jy *skiet* natuurlik weer *met spek*. Sonder eetlus eet hy *met lang tande*. Nou *sit* jy daar *met jou mond vol tande* en sê niks! Hy kan nie anders nie, want dit *stt in sy bloed*. Hy het nie *met verdrag* tot die onderwerp gekom nie, maar sommer *met die deur in die huus geval*. Hy is radeloos en *sit met die hande in die hare*. Dis nie jou werk

nie; jy ploeg met 'n ander se kalf. In plaas van stil te bly, kom hy met die hele mandjie patats uit. Jy hêf verbrou, en nou sit ek met die gebakte pere. Dis nie jou eie werk nie; jy pronk met 'n ander se vere. Ellende gaan gepaard met armoede. Die vriendelike mense het ons met ope arms ontvang.

Na

Daar was 'n haelstorm, en nou is die hele oes na die maan. Aan die strand baljaar ons na hartelus. As julle so swak is, moet ons na regte spesiale lesse hê. Die moeë kinders sien uit na die vakansie. Almal is gek na die populêre seun.

Om

Hy doen dit nie elke dag nie, maar al om die ander dag. Ons doen dit nie vir onself nie, maar om jou ontwil. Die moordenaar het die arme slagoffer om die lewe gebring. Die geslepe prokureur het ons lekker om die bos gelei. Om die rede is dit vir my om 't ewe. Ek is klaar met studeer, en nou doen ek aansoek om die betrekking.

Hy sê dit nie reguit nie, maar hy bring darem 'n mens onder die indruk. Die seun is so vuil, dat sy moeder hom onder hande neem. Jy moet nie dink ek is onder 'n kalkoen (skilpad, volstruis) uitgebroei, dat jy my dit kan wysmaak nie. Hy het bepaald masels onder lede, want hy was met maselmense in aanraking. Die advokaat het die man in die getuiebank onder kruisverhoor geneem. Die gebied van die aansteeklike siektes is onder kwarantyn.

Oor

God ontferm Hom oor die sondaar. Nadat ek kwaad gedoen het, het my pa my lelik oor die kole gehaal. 'n Lewendige mens kan nie met so 'n luiaard oor die weg kom nie. Die jammerhartige man kan dit nie oor sy hart kry om te straf nie. Dit gaan so halsoorkop, dat hulle halwe werk doen. Die onrustige moeder is begaan oor haar siek kind. Met die eerste oogopslag lyk dit nie so nie, maar, as jy die saak op die keper beskou, vind jy dit gou uit. Sê maar wat jy op die hart het. Die tweeling lyk op 'n haar (op 'n druppel water) na mekaar. Die perde het op loop gesit, en ons het op 'n haar na verongeluk.

Die opvlieënde kêrel is dadelik *op sy perdjie*. Na sy vader se dood het hy *op sy erfenis aanspraak gemaak*. Die kwartaal is om en die vakansie is *op hande*. Ons *verskil van mekaar op daardie punt*. Hulle het *suspisie op hom*, en hy gaan *voor die regter verskyn op aanklag van moord*. Die netjiese dogter is *gesteld op haar klere*. Die swakste span het lekker *op sy baadjie gekry en met die kous oor die kop huls-toe gekom*. Hy is *op heter daad betrap*, en nou wil hy nog stry. Moenie die geld so mors nie; dit *groei nie op jou pa se rug nie*. Dit is presies soos jy daar sê; *jy slaan die spyker so op sy kop*. Hy kom nie kort kuier nie; nee, hy *lê lank op jou nek*. Dit het nie rêgtig gebeur nie, maar dit was so *op nerf na (op 'n haar na, op die nippertjie)*. As jy *op sy nommer druk*, is hy dadelik gereed. Hy is nou so *op sy fleur* en nog glad nie oud nie. Die oorwinnaar *lê beslag op ons elendom*. Bly stil daarvan, en moet dit nou nie weer *op die lappe bring nie*. Die versigtige man is altyd *op sy hoede*. As jy hierdie een koop, kry jy daardie een *op die koop toe*. Die kalm kêrel is *op sy gemak*. So 'n kwaal vrou laat nie *op haar tone trap nie*. Na al die leer ken ek die werk *op my tien vingers (op my duim)*. As 'n mens 'n mening wil uitspreek, moet jy *op hoogte van sake* wees. Wie nie *pas op sy tyd*, is sy maaltyd kwyt. Hy doen dit nie besonder goed nie — net so *op 'n manier*.

Per

Ons het *per fiets* gekom. Stuur dit asseblief *per kerende pos*, want ek is haastig.

Sonder

Die hele klas, *sonder uitsondering*, het geslaag. Die uitstekende speler is *sonder weerga* (weergaloos) in die land.

Te

'n Groot eer het my *te beurt geval*; hulle het my as leler van die skool gekies. Hy het hatig teen sy vyand *te velde getrek*. Hou dit maar; dit mag jou later *te pas kom*. Die skrywer *stel sy ondervindinge te boek*. As jy hom *te na kom*, sal hy jou beledig. Al hou jy nie van hom nie, moet jy hom dit darem *ter ere na gee* dat hy sy werk goed doen. Die welsprekende man is *wel ter tale*. Hy is so beslis, dat *niks ter wêreld* hom sal stuit nie.

Teen

'n Ouderwetse persoon is *gekant teen* die nuwerwetse dinge. Die Boesman is *bestand teen* die koue. Die rekordslaner *jaag teen 'n geweldige hoë snelheid*. Hy het so aangehou, dat ek eindelik *teen wil en dank* maar ingewillig het.

Tot

Ek wou graag kom, maar *tot my spyt* was dit nie moontlik nie. Sy heldedaad *strek* hom *tot groot eer*. Na die groot skok kon hy nie weer gou *tot verhaal* kom nie. Die bevoorregte mense het baie *stof tot dankbaarheid*. In sy benoudheid het hy sy *toevlug tot God geneem*.

Tussen

Dit gaan so *tussen die boom en die bas* (nie te goed nie en nie te sleg nie).

Uit

Hy het dit seker *uit sy duim gesuig*, want dit is nie die regte berig nie. *Uit skone wanhoop* het hy sy hand *aan sy lewe geslaan*. Die kwaal haan baklei *uit alle mag*. Die tegemoetkomende man probeer ons moeilikhede *uit die weg ruim*. As jy 'n voorsprong wil hê, moet jy sommer *uit die staanspoor uit hard werk*. Hy kan nie die saak deeglik bespreek nie, want daar is sake wat hy gedurig *uit die oog verloor*.

Van

Daar was baie mense en die handelaar het gou sy ware *van die hand gestit*. Sy gedurige gepraat *bring* my op die tennisbaan *van stryk af*. As gevolg van die siekte is baie *van die gras af*. 'n Gebrekklike dier moet 'n mens liewers *van kant maak*. Die arm kinders is *van baie voorregte verstoke*. Die siek man is nou *genees van al sy kwale*. Ek het verwag dat hy bly sou wees, maar *tot my verbasing* het hy my voorstel *van die hand gewys*. Sy hulp beteken maar min, want hy help jou *van die wal in die sloot*.

Vir

Ek sal swaar kry; jy moet *vir my duim vashou*. Niemand kyk na die kind nie; hy word *vir wind en weer* groot. As 'n mens haastig is, stap hy wrintig *voetjie vir voetjie!* Ek gaan môre weg en kom vanaand *vir oulaas* kuier. Jy moet dit nou eens en *vir altyd* verstaan; ek sê dit nie weer nie.

Voor

Jy weet *voor jou siel* dat hy lleg, en tog sê jy niks. Vee eers *voor jou eie deur*, voordat jy van 'n ander praat. Ons het *voor dooiemansdeur* gekom, want die mense was almal weg.

WOORDVORMING:**Waarom nuwe woorde gevorm word:**

As ons nadink oor wat in die laaste tyd uitgevind is, watter nuwe gewoontes daar is, met watter nuwe dinge mense hulself besig hou, dan sal ons verstaan dat daar baie nuwe woorde in die taal moet gevorm word.

Maniere om 'n Taal se Woordeskat uit te brei:

Daar is baie maniere om 'n taal se woordeskat uit te brei: Ons kan woorde soos „garage” en „piano” sommer letterlik uit ander tale oorneem, ons kan hulle 'n Afrikaanse baadjie aantrek soos „krieket,” „gholf” ens., of ons kan ons eie woorde vorm. Van die maniere om nuwe woorde te vorm, bespreek ons veral Samestellings, Afleidings en Afgeleide Samestellings:

Samestellings:

„Klaskamer,” „tennisbaandraad,” „kindertuin,” „goedere-loods”—al hierdie woorde bestaan, soos ons sien, op hulle beurt uit twee of meer woorde, nl. „klas” en „kamer” ens. Nou ja, sulke nuwe woorde wat gevorm word deur die samevoeging van twee of meer reeds-bestaande woorde, noem ons samestellings.

Leerlinge moet tog oplet dat hierdie woorde aanmekaar geskrywe word. Samestellings word altyd aanmekaar of ten minste met 'n koppelteken geskrywe. (Dit is nogal 'n moeilike

saak in verband waarmee daar heelwat onsekerheid bestaan, maar ons stem almal saam dat *samestellings*, *bestaande uit meer as een nw.*, *een woord is*, en leerlinge het al heelwat gevorder, as hulle dit in hulle skryftaal onthou.

Die Nw. + Nw.:

Dit is een van die bekendste soorte samestellings en lewer maar min moeilikhede op: Opstelboek, personeelvergadering, biologiese toets, voetbalklub, gimnastiekvertoning, tenniswedstryd, kontantwinkel, nieleningsertifikaat, geboortedatum, vervolghverhaal.

Somtyds kom daar egter 'n verbindingsklank (-e, -s, -er en -ere) voor, en dan is die saak nie so eenvoudig nie: Dubbele-dooreier, etenstyd (eetgoed), afgodediens (godsdien), houtskool (houtwerk), hoëveld (hoogwater, hoogverraad), kindertuin (kindlief), koppenent (kopvel), lamsvleis en lammervanger, waenhuis (wawiel), dieretuin (dierkunde), doderyk (dood(s)berig), krullebol (krulkop), manshoogte en mannetaal, briewebus (briefwisseling), bokkespronge (bokkapater), na hartelus (hartkwaal), lippetaal (lipstiffie), vraestel (vraagteken).

Ons moet daarop wys dat ons twee esse in die middel van die woord het, *alleen as die een woord op 'n -s eindig en die ander met 'n -s begin*: grassaad, misstowwe, jakkalsstreke, jassak, messteek ens., maar: Jongenskool (seunskool), meisieskool, dameskoen, lewenskets, gewetensaak ens.

Intensiewe Byv. Nwe. of Bywe.:

In plaas van om te sê iets is „so suur soos asyn,” sê ons „asynsuur.” Hierdie soort byv. nw. word 'n *intensiewe byv. nw. of byw. genoem*, omdat dit die gedagte van „baie,” „tot 'n groot mate,” „intens” bevat. Hulle is gewoonlik ook samestellings, al is die verskillende dele nie altyd so duidelik te onderskei nie:

Ruensagteroor, potblou (baftablou), galbitter, doodbedoord, trommeldik (knuppeldik), kurkdroog (horingdroog), pikdonker (stikdonker), potdig, peperduur, plankdun, stokdoof, haarfyn, stapelgek, doodgoed, spotgoedkoop, goudegeel (borriegeel), hemelhoog, snikheet, boeglam, skreeulelik, dolleeg, springlewendig, handmak, bloedmin (-weinig), poedelnakend, splinternuut,

broodnodig, penorent, kersregop, pylreguit (reëlreguit), silwerskoon (beeldskoon), suikersoet (stroopsoet), rietskraal, blitssnel, ystersterk, loodswaar, pikswart (gitswart of pigkitswart), stokstyf, doodstil (tjoepstil), digtoe (pottoe), neutvars, rotsvas, smoorverlef (doodverlef), spekvet (moddervet), propvol (stampvol).

Samestellings van ander Rededele:

Bekyk die volgende gevalle: Skryftafel, leeslus, speelplek, braakland, dansgewoonte, spreekuur, lêhenne, opstaantyd (ww. + nw.).

Opkom, afgaan, inlê, saamspeel, uitloop, omloop, deurbreek (voorsetsel + ww.).

Vooros, agterryer, bokant (voorsetsel + nw.).

Driehoek, vierperdewa, vyfpondnoot (tw. + nw.).

Differensiasie (Verskil in Betekenis):

Daar is baie gevalle waar ons woorde soms aanmekaar en soms los van mekaar skrywe om verskil in betekenis aan te toon. Dis veral waar van die adj. en die nw., maar ook van ander gevalle:

Geel wortels van bome. Geelwortels is groente.

Dis 'n groot man (beroemd en groot van liggaam). Hy hou vir hom grootman.

'n Grys hemp is dienlik. Die Gryshemde haat die Jode.

'n Hoër skool staan hoër as 'n ander. Die hoërskool het 'n hoër rang.

Die hoë veld van ons plaas is droog. Die Hoëveld van Transvaal.

'n Jong kêrel is nie oud nie. 'n Jongkêrel is nie getroud nie (vgl. „oujongkêrel”).

Die huis het heerlike koel kamers. Die vrugte word in koelkamers gehou.

Die kleinste kind kan die mak bok melk. 'n Makbok skiet 'n mens nie.

Vrugte moet nie op 'n warm plek staan nie. Sommige gaan na die hemel en ander na die warmplek.

'n Wit man is nie swart nie. 'n Witman is 'n baie gawe man.

Op 'n lang wa kan jy baie laai. Die langwa van die wa het gebreek.

Die jong by is nog nie oud nie. Ratels lewe van jongby.

Hy ry op 'n ou maer merrie. Dis seer, as iemand jou op jou maermerrie skop.

Dis 'n suur lemoen wat ek eet. Druk die suurlemoen uit op die vis.

So 'n bitter appel is bepaald nie ryp nie. Die bitterappel is 'n onkruid.

'n Wilde bees vang jy nie maklik nie. Die jagter het gaan wilde-beeste skiet.

Gee die groen mielies kans om ryp te word. Ons eet van-aand groenmielies.

Hy het in die harde pad geval. Die dief kry ses maande harde-pad (trunkstraf).

Die skoon veld is nie vuil nie. Die skelm is nou skoonveld (weg).

Die redenaar kan mooi praat. Jy sal verniet moolpraat; ek kom nie.

Die arme blanke besit min, maar sorg darem vir homself. Die armblanke is heeltemal van ander afhanklik.

Die hings staan op stal. Hy het die grond sonder die opstal verkoop.

Jy moet dit in gedagte hou. Die professor is baie ingedagte.

Skeibare en Onskeibare Werkwoorde:

As die twee dele van 'n ww. deur ander woorde (of deur ge- in die geval van die verl. dw.) kan geskei word, dan praat ons van **Skeibare Werkwoorde**: „Ons *hou hom agter*” (agterhou—agtergehou). So ook: Voorhou, kwytskel, weergee, gelukwens, oorhaal, neerslaan, teëpraat, gadeslaan, omkoop, moolpraat, blootstel, uitstal, volhou, prysgee, nakom ens. (Gebruik gerus die woorde in sinne om te kyk of hulle dele geskei kan word).

Kan die twee dele van 'n ww. nooit geskei word nie, dan praat ons van **Onskeibare Werkwoorde**: Oorrompel, uitoorlê, omhels, ondermyn, oorbluf, weerkaats, onderhandel, aanvaar, volbring, volhard, voldoen, weerspreek ens. (Gebruik gerus die woorde in sinne en let daarop dat hulle dele nooit van mekaar kan geskei word nie. Hulle het ook nie 'n ge- voor die verl. dw. nie).

Vervolgens 'n hele groep wwe. wat soms skeikbaar en soms onskeikbaar is:

Hy volg heel agter. My vyand agtervôlg my.

Jy lê oor die muur, totdat jy anderkant afval. Op een of ander manier oorlê hy dit so, dat hy deurkom.

As jy oor die streep tree, slaan ek. Moenie wette oortree nie.

Skep onder en nie bo nie. Hy onderskep die bal en gaan 'n drie druk.

Teken jou naam onder syne. Onderteken die brief, voordat jy dit wegstuur.

Die lomperd val oor sy ele bene. Die siekte het hom oorvâl, en hy kon nie kom nie.

Laal die vrag maar lewers weer oor. Sy het weer haar maag oorlaâl.

Druk sy kop onder die water. Die tiran onderdruk sy onderdane.

Die plank drywe oor die sementval. Die leuenaar oordryf alles.

Halwe werk beteken oôrwerk. Die vlytige man het hom oorwêrk.

Ons trek oor die grens. Die bome is oortrek met blomme.

Die sterk kêrel hou my maklik onder. Die vader kan nie die groot familie onderhou nie.

Ek grawe onder die wortels. Die vyande van die regering ondergrawe sy werksaamhede.

Hy skrywe onder en ek bo. Ek dink ook so en kan van harte onderskryf wat hy sê.

As ons na bostaande gevalle kyk, sal dit ons tref **dat die nadruk by die onskeibare wwe. op die laaste gedeelte val** (en by die skeibares anders om), en hulle (**die onskeibare wwe.**) **word ook gewoonlik figuurlik gebruik** (terwyl die skeibares letterlik gebruik word). Daar is egter 'n paar gevalle soos die volgende waar die onskeibare wwe. tog letterlik gebruik word; daar is die idee van „orals,” „in alle rigtings,” „geheel-en-al” teenwoordig:

Ons het eenkeer deur die kamer gesoek. Ons het die kamer deeglik deursoek.

Die vyand het deur die linie gedring. Die reën het my klere deurdring.

Ek het oor die muur gesien (sy foute oorgesien). Uit die hoë boom kon ek die hele veld oorsien.

Die pyn het deur my lyf getrek. Sy lyf is deurtrek van die dagga (vgl. „deurspek met”).

Die Koppelteken:

Let op die volgende gebruike van die koppelteken:

1. Tussen twee klinkers in aparte woorde: Eeue-oue, ou-ouie, wa-as, na-aap.
2. In gevalle van dubbelsinnigheid (waar die woord sonder die koppelteken ook anders sou kan verstaan word): Ru-gare (rug-are), doods-kop, pronk-ertjies, bok-kies.
3. 'n Eienaam plus 'n soortnaam: Malan-stasie, Van Ryneveld-sstraat, Sir Lowry-pas, Hertzog-prys, die Milner-regime. (Ons sê en skrywe natuurlik waar moontlik: Die familie Basson, die gebroeders de Wet, die laerskool Dirkie Uys. Let ook verder op: *Die Pêrelse boere*, *die Swartlandse suid-ooster*, *die Kaapse modes*. Daar is natuurlik gevalle soos Bainskloof, Ventersburg, Burgersdorp ens.).
4. Goewerneur-generaal, superintendent-generaal, luitenant-kolonel, vise-voorsitter, onder-burgemeester.
5. Oud-leerling, oud-onderwyser, oud-skoolhoof, oud-studente-bond.
6. Rus-rus aankom, steun-steun eet, so vat-vat aan hom, bietjies-bietjies drink.
7. Gevalle soos: Wag-'n-bietjie-bos, 'n kruidjie-roer-my-nie, dis sommer traak-my-nie-agtigheid, 'n Piet-my-vrou-voël.
8. Alle woorde wat te lank is, moet liefs met 'n koppelteken geskryf word: Rugby-voetbalklub-besluite, Christenstudente-verenigingkongres, Voortrekkermonument-komitee.

Samevatting:

Voordat ons afstap van samestellings, moet ons beklemtoon dat *samestellings een woord is, dat leerlinge een woord moet skrywe waar hulle twyfel*. Leerlinge moet die honderde samestellings wat hulle in boeke teenkom, onderstreep. Hulle moet egter self ook nuwe samestellinge vorm. Deur ander woorde voor bekende woorde soos „huis,” „man” e.a. te plaas kan dosyne nuwe samestellinge gevorm word.

Afleidinge:

Wat hulle is:

Ons het gesien dat *samestelling die saamvoeg van twee of meer reeds-bestaande woorde is om 'n nuwe woord te vorm*. Kyk nou na die volgende gevalle: „Vrug”—„bevrug”—„vrugbaar”—„onvrugbaar”; „help”—„hulp”—„hulpeloos.” Ons het *een woord geneem en toe 'n ander een gevorm deur gebruik te maak van voorvoegsels of agtervoegsels of stamverandering* (klankwisseling (of sommer van twee van hulle tegelykertyd). Dit noem ons nou *Afleiding*. *Ons praat dus van Afleiding, as ons die een woord van die ander vorm deur middel van voorvoegsels en/of agtervoegsels en/of stamverandering*. As leerlinge nou daaroor nadink, sal hulle besef dat dit 'n baie belangrike manier van woordvorming is. Honderde woorde word op hierdie manier gevorm, sodat ons naderhand baie woordfamilies kry. Dink nou maar daaraan hoeveel woorde van „man” kan gevorm word.

Stamverandering (Klankwisseling):

Dit is nie die belangrikste soort afleiding nie, want woorde word nie vandag meer op die manier gevorm nie, maar die volgende woorde is tog op dié manier gevorm:

Bede, bedel, gebed (bid); band, bond, bende (bind); bod, gebod (bied); bedrog (bedrieg); braak, breuk, brok, brokkel, verbrokkel (breek); drang (dring); drank, dronk (drink); dwang (dwing), daad (doen); genot (geniet); greep, begrip (gryp); kramp, bekrompe, krampagtig (krimp); skoot, skot, skut, geskote (skiet); skrif, geskrewe (skrywe); spraak, spreuk, sprokie, gesprek, onbesproke (spreek); stank (stink); wraak, wrok (wreek).

Voor- en Agtervoegsels:

Al is dit nie nodig om na die betekenisse van voor- en agtervoegsels en die wortels van elke woord te soek nie, kan ons tog baie woorde se betekenisse sommer raai, as ons die betekenis van die voor- en agtervoegsels ken, soos uit die voorbeelde sal blyk. Baie van ons woorde het Griekse of Latynse voorvoegsels (en wortels). Ons kan nie op hierdie kant van die saak ingaan nie, maar in die verbygaan wil ons darem op die volgende wys:

- Tele-* (ver): Telefoon, telegram, televisie.
Anti- (teen): Antichris, antipatie, antisepties.
Sub- (onder): Sub-komitee, sub-eksaminator, sub-redakteur.
In- (in): Immigrant, inspireer.
E(x)- (uit): Emigrant, eksodus, ekstrak.

(Vir baie van die woorde kan en moet ons liewers tipiese Afrikaanse woorde gebruik, soos ons later onder betekenisleer sal aantoon).

Verdere Voorvoegsels:

- On-* (nie): Ongelukkig, onmoontlik, onsin.
On- (sleg): Ondier, onmens, onding.
Her- (weer): Herwin, herkou, herken, herbore.
Aarts- (eerste, opperste): Aartsvader, aartsbiskop, aartsengel.
Be- (maak oorganklik): Begaan, bekom, bearbei, bewoon.
Be- (brei uit oor 'n groter gebied): Bebou, beplant, besproei, bemors, bepak, bewoon, bedek.
Ge- (gevolg van 'n handeling): Geneul, gekerm, gelol, geraas, gehull, gegiggel, gefoeter.
Ge- (versameling): Gebergte, geboomte, gebroeders.
Ont- (begin): Ontkiem, ontsteek, ontvlam, ontslaap.
Ont- (weg): Ontneem, onthou, ontaard.
Ont- (berooft van): Ontkleed, onthoof, ontvolk, ontdek.
Ver- (anders): Vervel, vervat, verstel, vernoem.
Ver- (weg): Verjaag, verban, verdoem, verstoot.
Ver- (oor): Vergla(a)s, verslwer, verguld.
Oer- (oud): Oerwoud, oertaal, oermens.
Wan- (verkeerd of sleg): Wanklank, wanbegrip, wanorde, wanbestuur, wanhoop.

(Kan julle nog voorbeelde aanteken)?

Nou Agtervoegsels:

- loos* (sonder): Oerloos, kinderloos, radeloos, moedeloos, naamloos.
-baar (wat kan doen of gedoen word): Verkiesbaar, breekbaar, verstaanbaar, oplosbaar, vertroubaar, onttembaar, ontroosbaar.
-ig, -erig (geneig tot of soos): Sappig, vogtig, moedig, vlugtig, klipperig, sanderig, houterig, benerig, lollerig, vakerig, spoggerig.

- agtig* (geneig tot of gelykende op of besittende die eien-
skappe van): Spookagtig, dwergagtig, skelmagtig, meisle-
agtig, kinderagtig, stormagtig, reënagtig, bosagtig.
- sel* (gevolg of resultaat): Brousel, baksel, sleepsel, treksel,
vulsel, maaksel, stopsel, afsaksel, mengsel, saagsel,
skepsel.
- y, -ery, -erny* (dui gewoonlik resultaat of versameling aan):
Heerskappy, lollery, stanery, plaery, omkopery, raserny,
boekery, burgery, maatskappy.
- skap* (toestand of gebied): Dronkenskap, blydskap, gram-
skap, beterskap, veldkornetskap, priesterskap, landskap.
- aste* (gevolg of versameling): Slytasie, lekkasie, bewerasie,
prestasie, renewasie, timmerasie, bosgasie, pakkasie,
plantasie.

(Leerlinge moet nou nog voorbeelde aanteken by die behan-
delde voorbeelde en agtervoegsels).

Paronieme:

Hierdie geleerde woord (wat leerlinge nie van buite hoef te
onthou nie), beteken woorde wat van dieselfde stam of grond-
woord afkomstig is. Ons kan in die volgende gevalle sien hoe
die voorvoegsels die betekenis verander. (Leerlinge moet onthou
om nog sulke families aan te teken):

Ek *ken* jou. Hy is *spyt* en *beken* sy skuld. Ek *erken* dat
hy beter is as ek. Na jare het hy my nog altyd *herken*. Jy
kan nie nou *ontken* dat jy ook daar was nie. Die sploene het
die land 'n bietjie kom *verken*.

Ons *stel* die slagyster. *Bestel* die goed van die winkel. Die
ploeg loop te diep; *verstel* dit 'n bietjie. Die komitee sal 'n nuwe
onderwyser *aanstel*. Hy het nou weer van sy siekte *herstel*. Ek
kan my nie *voorstel* hoe dit sonder jou sal wees nie. (Die een
mens aan die ander voorstel).

Hier *staan* ek. As jy sterf, hou jy op om te *bestaan*. Onvrien-
delike woorde laat rusie *ontstaan*.

Ek *lé* op die bed. Die ryk man wil sy geld *belé*. *Verlé* 'n
bietjie die pyp.

Hy *kom* nou. In tye van skaarste is dit moeilik om alles te
bekom. Hy is in die hande en kan nie *ontkom* nie.

Laat ons *gaan*. Moenie flaters *begaan* nie. Wat ek wou sê,
het my nou *ontgaan*. Mooiheid *vergaan* later.

Hou wat jy het. As jy jou lewe in gevaar wil *behou*, moet jy versigtig wees. *Onthou* dat ek dit doen. (*Onthou* jou van alle kwaad).

Ons probeer om die trein te *haal*. Deur aan te hou het hy die oorwinning *behaal*. Ek *herhaal* dit, sodat jy dit kan onthou. Die gesellige vrou *onthaal* graag mense.

Pa *roep* my. Ons het 'n ander predikant *beroep*. (Jou op 'n hoër gesag *beroep*). Daar was soveel ontevredenheid, dat die maatreël *herroep* is.

Bind die skaap se bene vas. Na die dood *ontbind* die liggaam. (Die parlement *ontbind*). In die hospitaal is sy wonde *verbind*.

Hy moet baie kinders voed en *klee(d)*. God *beklee* die dal met gras. Voordat 'n mens gaan slaap, *ontklee* jy jou. Sy het haar vir aandete gaan *verklee*.

Die boumeester *bou* hulse. Daardie omgewing is baie dig *bebou*. In hierdie streke *verbou* die mense koring.

Ek *dink* nou diep. Jy moet jouself *bedink*, voordat jy so-iets doen. Die moordenaar het aan die kruis gebid dat God hom in die paradys moet *gedenk*. Hy *herdenk* vandag sy sestigste verjaarsdag. Jy *verdink* my verniet; ek is nie skuldig nie.

Hy *help* my. By gebrek aan petrol moes hulle hulle met kar en perde *behelp*. Die muur bars lelik; jy moet dit *verhelp*.

Sien jy my? Ons moet baie werk vir die eksamen *hersien*. As ek my sonde nie *ontsien* nie, gee ek jou 'n klap. Die bouvallige gebou moet 'n bietjie *versien* word.

Hier volg nou 'n klompie stamverwante woorde wat baie dikwels verwar word:

Dit is lelik as 'n groot mens hom *kinderagtig* gedra. Dis mooi om *kinderlik* en nederig te wees. Die ou man is *kinds* van ouderdom.

Die *eerlike* man steel nie. Ons het baie respek vir die *eerbare* man. Hy was 'n goeie lid en het dus onder omstandighede *eervolle* ontslag gekry.

Milde weer is *verkiestik* bo sulke warm weer. Die vorige parlamentslid het hom weer *verkiebaar* gestel.

Hy was eers vriendelik, maar nou neem hy 'n *vyandige* houding aan. Die *vyandelike* leërs veg teen mekaar.

In so 'n ryk gemeente het jy 'n *kostelike* kans om te kollekteer. Hy betaal baie vir die *kosbare* ring.

Die hoepel is *buigbaar*; jy kan dit buig. Die *buigsame* lede buig maklik.

Hy is *tydelik* aangestel en nie permanent nie. Jy moet altyd wag vir die *tydsame* skepsel. Dit was *tydige* hulp, want ons het dit baie nodig gehad.

Dit is nou eers die *begin*; die einde is nog ver. Dobbel is teen 'n Christen se *beginnels*.

Weeskinders is van baie voorregte *verstoke*. Hy is kort van draad; sy toorn is gou *ontstoke*.

Ons het dit al dikwels gesien; dis 'n *alledaagse* verskynsel. Die *daaglikse* arbeid maak 'n mens darem maar moeg.

Hy is so *opmerksaam* dat hy alles raaksien. Dis so *opmerklik* dat jy dit moet raaksien.

Die dom man se kennis is maar *gebrekkig*. Die *gebrekklike* kind loop maar swaar.

Die kinders het *ontsag* vir hulle vader. Hy het 'n studie daarvan gemaak en kan met *gesag* praat.

Afgeleide Werkwoorde:

Die een rededeel word dikwels van die ander gevorm deur middel van voor- en/of agtervoegsels. In sulke gevalle het die voor- en veral die agtervoegsels geen definitiewe betekenis nie. Hulle funksie of werk is eintlik net om 'n ander rededeel te vorm. So kan ons werkwoorde van naamwoorde of byvoeglike naamwoorde vorm. Dit kan met of sonder voor- en/of agtervoegsels geskied. (Die geleerde mense noem sulke werkwoorde *Denominatiewe Werkwoorde*). Voordat ons die voorbeelde gee, wil ons daarop wys dat naamwoorde soos „ploeg,” „eg,” „straal,” „stroom,” „stoel,” „blom,” „peul” e.a. ook as werkwoorde kan gebruik word:

Verarm (arm), verbleek (bleek), vererger (erg), verfraai (fraai), vergroot (groot), verkleineer (klein), verenig (een), halveer (half), verkort (kort), verleng (lang), vergemaklik (maklik), bemoelik (moelik), verlig (lig), beswaar of verswaar (swaar), verminder (min), vermeerder (meer), verouder (oud), verjong (jong), ontugter (nugter), verskoon (skoon), bevuil (vuil), reinig en verontreinig (rein), verryk (ryk), beveilig (veilig), verstout (stout), verbreed (breed).

Verafgod (afgod), bevrug (vrug), belas en ontlas (las), beman en verman (man), verhuis (huys), ontmasker (masker), beantwoord en verantwoord (antwoord), verdamp (damp), verguld

(goud), verglaas (glas), beoög (oog), ontkiem (klem), vernag of oornag (nag), benewel (newel), berym (rym), onthoof (hoof), bekroon (kroon), verpand (pand), versteen, stenig (steen), verseël (seël), inprent (prent), besiel (siel), vervel (vel).

Verteder (teer), beëindig (einde), bemoedig of ontmoedig (moed), beklemtoon (klem), vergiftig (gif), begunstig (guns), verboeder (broer).

Blameer (blaam), groepeer (groep), inspekteer (inspeksie), protesteer (protes), rapporteer (rapport), ruïneer (ruïne), akkordeer (akkoord), dateer (datum), eksamineer (eksamen), balanseer (balans), kruisig (kruis), pynig (pyn).

Voordat ons van die ww. afstap, moet ons daarop wys dat die een ww. ook wel van die ander kan gevorm word. Soms geskied dit deur middel van voorvoegsels, soos ons gesien het in gevalle soos „beken,” „herken” e.a. Maar die stam kan ook verander en/of agtervoegsels kan gebruik word:

Bibber (bewe), krabbel (krap), knibbel (knyp), skuifel (skuiwe), klapper (klap), trippel (trap), snuffel (snuif), (ver)brokkel (breek), vel (val), drenk (drink), set (sit), splits (splyt), buig (buk).

(As jy die een ww. van die ander aflei, praat jy van *Deverbatiewe Werkwoorde*).

(Kan jy al die behandelde woorde in sinne gebruik)?

Afgeleide Bywoorde:

Let daarop hoe die volgende bywoorde gevorm word:

Mondeling (mond), sydelings (sy), rakelings (raak), gemakshalwe (gemak), pligshalwe (plig), trapsgewys (trap), stuksgewys (stuk), huiswaarts (huis), noordwaarts (noord), gretiglik (gretig), gewilliglik (gewillig), gevolglik (gevolg), sekerlik (seker).

Afgeleide Naamwoorde:

Van die baie afgeleide selfst. nwe. wil ons veral *persoonsname* en *afgetrokke selfst. nwe.* behandel:

Intekenaar (inteken), beoordelaar (beoordeel), bewonderaar (bewonder), dienaar of diender (dien), leraar (leer), oorwinnaar (oorwin), hengelaar (hengel), towenaar (toor), huigelaar (hulgel), kunstenaar (kuns), minnaar (min), bevorderaar (bevorder), steler (steel), bedrieër (bedrieg), draer (dra), verhoorder (verhoor), wennen (wen), prediker (preek), verlosser (verlos), tuinier (tuin), kruidenier (kruid), herbergier (herberg), rentenier (rente), vliegenier (vlieg), skoller (skool), koetsier (koets), kanonnier (kanon), materialis (materie), nasionalis (nasie), kapitalis (kapitaal), kritikus (kritiek), hostelliet (hostel), Pérellet (Pérel), lomperd (lomp), dikkerd (dik), stouterd (stout), woestaard (woes), gierigaard (gierig), wreedaard (wreed), produsent (produseer), dirigent (dirigeer), ellendeling (ellende), huurling (huur), gunsteling (guns), hemeling (hemel), boeteling (boete).

Belesenheid (belese), uitgelatenheid (uitgelate), verwaandheid (verwaand), verslaentheid (verslae), bedeesdheid (bedeesd), gehegtheid (geheg), geslepenheid (geslepe), gespierdheid (spier), onbeskoftheid (onbeskof), onbeskaaftheid (beskaaf), geleentheid (geleë), gepastheid (gepas), vuilheid (vuil). (Ons wil die gebruik van *-geid* nie aanmoedig nie, hoewel dit soms nie anders kan nie: „Die perd spook van wysgeid,” „eintlik taal van vuilgeid” ens.). Grootte (groot), breedte (breed), lengte (lang), duisternis en duisterheid (duister), hoogte en hoogheid (hoog), laagte en laagheid (laag), skaarste en skaarsheid (skaars), southed en soutigheid (sout), lafheid en lawwigheid (laf), wagtery (wag), plaery (pla), lollery (lol), saalery (saal), toordery (toor), raserny (raas), slawerny (slaaf), ontsteltenis (ontstel), droefenis (droef), stoornis (steur), lafenis (lawe), belydenis (bely), bekentenis (beken), beproewing (beproof), bevrugting (bevrug), slagting (slag), verslegting (versleg), handhawing (handhaaf), kastyding (kasty), besending (besend), vervreemding (vreemd), verbroedering (broer), assuransie (assureer), demonstrasie (demonstreer), inspirasie (inspireer), kombinasie (kombineer), reparasie (repareer), registrasie (registreer), ligging (lê), vakature (vakant).

(Bostaande is nou sommer 'n „lekker klomp” woorde om tot ons woordeskat toe te voeg).

Afgeleide Byvoeglike Naamwoorde:

Hier volg die belangrikste voornaamwoorde:

Op jeugdige leeftyd (jeug), 'n manlike figuur of 'n manhaftige houding (man), huislike omstandighede (huis), op kerklike

gebied (kerk), gemeentelike bidure (gemeente), 'n hartlike ontvangs (hart), 'n weemoedige afskeid (weemoed), die avontuurlike loopbaan (avontuur), nagtelike strooptogte (nag), onoorkoomlike moelikhede (oorkom), onstigtelike kinders (stig), sy ouerlike plig (ouer), provinsiale teenoor uniale belange (provinsie en unie), van adellike afkoms, sy onmiddellike aandag (middel), die onverbiddele dood (verbid), alfabetiese volgorde (alfabet), ambisieuse leerlinge (ambisie), majestueuse berge (majesteit), departementele eksamens (departement), 'n genoeglike aand (genoeë), op landboukundige gebied (landbou), hulpvaardige mense (hulp), industriële omwentelings (industrie), die koninklike familie (koning), met koorsagtige gejaagdheid (koors), melodieuze liedere (melodie), munisipale regulasies (munisipaliteit), 'n pynlike taak (pyn), 'n rewolusionêre beweging (rewolusie), ritmiese dansers (ritme), smaaklike ete en smaakvolle kleredrag (smaak), slaafse navolging (slaaf), telefoniese verbinding (telefoon), maandelikse bidure (maand), kwartaalse eksamens (kwartaal).

Lande, Volkere ens.:

Afrika — Afrikaner — Afrikaanse gewoontes
 Amerika — Amerikaner — Amerikaanse motors
 Kanada — Kanadees — Kanadese appels
 Mexico — Mexicaner — Mexicaanse opstande
 Swede — Sweed — Sweedse waterwerke
 Denemarke — Deen — Deense koöperasie
 Spanje — Spanjaard — Spaanse donkies
 Portugal — Portugees — Portugese stiergevegte
 Indië — Indiër — Indiese kunste
 China — Chinees — Chinese kleure
 Japan — Japanner — Japanse duikbote
 Italië — Italianer — Italiaanse musiek
 Asië — Asiaat — Die Asiatiese vraagstuk
 Arabië — Arabier — Arabiese perde
 België — Belg — Belgiese landskap
 Vlaandere — Vlaming — Vlaamse hingste
 Java — Javaan — Javaanse koffie
 Pole — Pool — Poolse atlete
 Switserland — Switser — Switserse natuurskoon
 Turkye — Turk — Turkse tabak
 Kaapstad — Kapenaar — Kaapse winkels

Pretoria — Pretoriaan — Pretoriase besluite
 Berlyn — Berlyner — Berlynse omroep
 Parys — Parysenaar — Parysse modes
 Londen — Londenaars — Londense oudhede.

Afgeleide Samestellings:

Hierdie manier om woorde te vorm is nie so belangrik soos die ander twee nie. „Hulpprediker,” „belastingbetaler,” „veekoper,” „hulpbehoewendes en noodlydendes,” „staatsgreep,” „hartverskeurend,” „stamverandering,” „toneelspeler.” Soos leerlinge kan sien, is elke woord 'n samestelling waarvan een (of meer) van die dele op sy beurt 'n afleiding is („hulp” is mos 'n afleiding van „help” en „prediker” van „preek,” en die twee saam vorm weer 'n samestelling).

SINSLEER:

Wat is sinsleer:

Sinsleer wil vir ons alles vertel i.v.m. sinne. Nou moet leerlinge nie dink dat dit net vervelende sinsontleding is nie. O nee! Die sin is mos ons daaglikse taalgereedskap en is -so lewend soos enigiets anders in die taalwêreld.

Soorte Sinne:

„Ons skil perskes.” „Piet, die skelm, is weg.”

„Die man wat daar loop, is my vriend.” „Hy vertel wat gebeur het.” „Jy is siek, omdat jy te veel geëet het.”

„Hy lê en dan staan hy weer.” „Ons lag, maar hy huil.” „Jy moet nou begin; anders sal jy nooit klaarkry nie.”

Bostaande groepe sinne is voorbeelde van **Enkelvoudige, Samegestelde, en Veelvoudige Sinne** onderskeidelik. As ons na die sinne kyk, sal ons sien *dat die enkelvoudige sin net een gesegde het, dat die samegestelde sin een hoofsin en een (of meer) bysinne het, en dat die veelvoudige sin twee of meer hoofsinne (met of sonder bysinne) het.* (Leerlinge weet mos seker wat 'n hoofsin en wat 'n bysin is).

Die Enkelvoudige Sin:

Enkelvoudige sinne het gewoonlik 'n onderwerp en 'n gesegde (hoewel dit nie altyd noodsaaklik is nie; dink aan sinne soos: „Elna!” „Môre, nefie!” „Loop!”). Nou moet ons beklemtoon dat die onderwerp nie altyd eerste staan nie en dat dit glad nie altyd 'n nw. of 'n vnw. hoef te wees nie. Kyk bv. na die onderwerp in die volgende sinne: „Hoog in die boom aan 'n takke hang die vink,” „lekker is naderhand nie meer lekker nie,” „drie sal genoeg wees,” „heel voor is die beste plek,” „die gewondes en sterwendes kerm baie.”

Die enkelvoudige sin met net 'n onderwerp en 'n gesegde is die eenvoudigste, maar nou word so 'n sin so dikwels uitgebrei. „Die perd trek.” „Die perd trek *die kar*.” Daar het nou 'n *voorwerp* bygekom. „Die *mooi* perd trek die kar *lekker*.” Die onderwerp en die gesegde is nou deur 'n *byv. nw.* en 'n *byw.* verder omskrywe. „Die perd, *vet* gevoer *deur sy baas*, trek die kar lekker.” Daar het nou 'n *groep woorde (sonder 'n gesegde)* bygekom *om 'n nw.* „perd” *verder te omskrywe*, en ons praat van 'n *byvoeglike bepaling*. (Die byv. nw. en die byv. bep. doen dieselfde werk — net die een bestaan uit een woord en die ander uit 'n groep woorde sonder 'n gesegde). „Die perd trek die kar *teen die bult uit*.” Hierdie laaste woorde „vertel vir ons meer” van die ww. „trek,” en doen dus dieselfde werk as die bywoord — net, dit is nou weer 'n groep woorde (nog altyd sonder 'n gesegde).

Ons kan dus die enkelvoudige sin op baie maniere verander en uitbrei. Onthou net *dat dit een gesegde bly*. (Sodra daar nog 'n gesegde bykom, is dit nie meer langer 'n enkelvoudige sin nie, maar iets anders).

Samegestelde Sinne:

As ons te doen het met *een hoofsin en een of meer bysinne*, dan praat ons van 'n *Samegestelde Sin*. Voorbeelde is: „Wat ek nou net gehoor het, *laat my treurig voel*.” „*Ek glo* wat hy sê.” „*Die man* wat daar loop, *is my vriend*.” „*Hy is siek*, omdat hy te veel geëet het.” „*Wanneer my pa kom, gaan ek weg*.” (Die hoofsin is skuins gedruk en staan nie altyd eerste nie). Ons kan natuurlik altyd 'n enkelvoudige sin tot 'n samegestelde sin verander. Kyk na die volgende: „*Die verhaal* is onwaar” — „*wat hy verhaal*, is onwaar.” „*Ek glo die storie*” — „*Ek glo wat hy vertel*.” „*Ons verteenwoordiger* is hier” — „*Die man wat ons*

verteenwoordig, is hier." „Die soldaat, in sy rug gewond, het baie pyn gehad" — „Die soldaat wat in sy rug gewond is, het baie pyn gehad." „Ons het teen dagbreek vertrek" — „Ons het vertrek, toe die dag breek." „In geval van nood moet jy ons laat roep" — „As daar nood is, moet jy ons laat roep." „Ten spyte van (of trots) baie moeïkhede het hy oorwin" — „Al het hy baie moeïkhede gehad, het hy oorwin. (Let daarop dat die bysin dieselfde gedagte uitdruk as die bepaling, maar in die bysin is daar 'n gesegde en in die bepaling nie).

Leerlinge het nou seker al raakgesien (in die behandelde voorbeelde) dat die onderwerp en die voorwerp maklik tot bysinne kan ontwikkel en dat die byvoeglike naamwoord en die bywoord op hulle beurt weer maklik tot bepalings en daarna tot bysinne kan ontwikkel. Byv. nw., byv. bep. en byvoeglike bysin — almal het dieselfde werk; die een is egter een woord, die ander 'n groep woorde sonder 'n gesegde en die derde 'n groep woorde met 'n gesegde. Dieselfde is waar van die bywoordelike groep.

Net soos ons gesêls het oor onderwerp, voorwerp, gesegde, byv. nw. en byw., gaan ons nou gesêls oor die onderwerpsin, die voorwerpsin, die gesegdesin, die byvoeglike bysin en die bywoordelike bysin:

Die Onderwerpsin:

„Sy verhaal is snaaks." Dit is duidelik dat „sy verhaal" die onderwerp van die sin is. Nou kan ek mos sê: „Wat hy verhaal, is snaaks," en dan kom daar 'n ww. „verhaal" by. Nou praat ek van 'n *onderwerpsin*. Ons sê baie dikwels: „Dit is snaaks wat hy verhaal." Hierdie „dit" is maar 'n *voorlopige onderwerp*; die eintlike onderwerp is maar nog „wat hy verhaal," en, as ons ontleed, sê ons „dit is snaaks" is die hoofsin, terwyl „wat hy verhaal" die *onderwerpsin* is.

Die Voorwerpsin:

„Ek glo daardie storie." Hier het ons nou weer 'n voorwerp wat as volg tot 'n *voorwerpsin* kan uitgebrei word: „Ek glo wat hy vertel." (Let daarop dat daar geen komma voor die voorwerpsin staan nie). Die voorwerp staan nie altyd laaste nie; ek kan mos ook sê: „Daardie storie glo ek nie." Nou ja, net so kan die voorwerpsin ook eerste staan: „Wat hy vertel, glo ek nie." (Let op die komma tussen die twee werkwoorde). I.v.m. die direkte en die indirekte rede tref ons baie voorwerpsinne

aan soos bv.: Plet sê: „Jan is 'n skurk.” „Die Piet,” sê Jan, „is 'n skurk.” Hy sê: „Hy (daardie man) sal kom.” Hy sê dat hy (self) sal kom. Hy sê hy sal kom. (Let orals op die punktuasie.)

Die Gesegdesin:

Daar is woordjies soos „is,” „word,” „blyk,” „skyn” en „heet” (die sg. koppelwerkwoorde) wat nog 'n ander woord nodig het om die gesegde te voltooi; ek kan nie net sê: „Jan is” nie. Dit is onsin. Ek moet sê: „Jan is 'n held” of iets dergeliks. In hierdie geval het net een woordjie die sin voltooi. Sodra 'n bysin dieselfde werk doen, praat ons van 'n *gesegdesin*: „Hy is nie wat die mense dink nie.” „Piet word wat ons verwag het.” „Dit blyk dat hy geval het.” (Weer geen komma nie.)

Die Byvoeglike Bysin:

Ons het reeds die werk van die byv. nw. en die byv. bep. nagegaan. Let egter weer op die volgende bepalings, hulle werk en hoe hulle geskryf word: „Die twee hane, *moeg van baklei*, het mekaar staan en kyk.” „Die diere, *uitgeteer van maerte*, het beswyk.” „Die bome, *verniet deur die storms*, het min vrugte gedra.” „Die *deur smart gebroke* vader het gesterf.” „Die *eens so veragte* kêrel is nou populêr.” Hier het ons nou 'n aantal byvoeglike bepalings (daar is mos geen gesegde nie) wat almal tot *byvoeglike bysinne* as volg kan uitgebrei word: „Die twee hane *wat moeg van baklei is*, het mekaar staan en kyk.” „Die diere *wat uitgeteer van die maerte is*, het beswyk.” (Let daarop waar die komma staan; voor „wat” in hierdie sinne is dit nie nodig nie; wel daarna.)

Ons moet hier verwys na die betreklike voornaamwoorde wat byvoeglike bysinne inlei: „Die man *wat* (en nie „wie” nie) *daar loop*, is my vriend.” („Wie dit sê, *lieg*” is korrek, maar dan is „wie dit sê” 'n onderwerpsin). „Die vrou *wie se dogter stek is*, is hier. „Die man *met wie ek praat*, is baie dom.” „My seun *oor wie ek bekommerd was*, is beter.” „Die lemmetjie *waarmee ek skeer*, is stomp.” „Die stoel *waarop ek staan*, wikkell.” „Die saak *in verband waarmee ek kom*, is ernstig.”

Die Bywoordelike Bysin:

Om die bywoordelike bysin se werk te verduidelik moet ons weer herinner aan die bywoord en die bywoordelike bepaling:

„Hy staan hier,” „ek kom môre,” „die kind werk stadig.” „Die voël sing in die boom.” „Ons werk vroeg in die môre.” „In geval van nood moet jy net praat.” „Hy doen baie moeite om te kan spaar.” „Ten spyte van sy siekte het hy gekom.” Hierdie bepalinge ontwikkel natuurlik ook tot bysinne — *bywoordelike bysinne*. Daar is baie soorte, soos ons nou sal sien. (Let op die voegwoorde en hoe hulle met punktuasie gebruik word):

Plek (of *Rigting*) (waar, vanwaar of waarvandaan, waarheen of waarnatoe): „Die mooiste blomme groei, *waar die grond geil is.*” „*Waarheen hy is*, kan ons nie gaan nie.”

Tyd (wannêre, as, toe, sedert, terwyl, solank, nadat, voordat, eerdad, totdat (en nie „na,” „voor,” „eer” en „tot” nie): „*Sedert hy vertrek het*, gaan dit baie beter.” „*Terwyl ek werk*, staan jy en speel.” (Ons moet nie „terwyl” gebruik in die sin van „terwyl hy dan vir hom lal hou, doen ek dit self” nie. Sê liewers „aangesien”).

Manier (of, asof, soos): „Hy lag, *of hy betaal word.*” „Hy gedra hom, *asof hy die baas is.*”

Voorwaarde (as, mits, indien): „Ek sal vyf pond betaal, *mits jy dieselfde doen.*”

„*Tensy jy harder werk*, sal jy nie slaag nie.” (Let tog op die gebruik van „tensy.”)

Oorsaak of **Rede** (omdat, aangesien, deurdat, dewyl): „*Aangesien hy baie van my hou*, help hy my.” (Moet tog nooit sê „siende dat” nie). „Hy vorder maar min, *deurdat hy altyd siek is.*”

Doel (dat, sodat, opdat): „Jy moet oefen, *dat jy kan sterk word.*” „’n Mens moet werk, *sodat jy vooruit kan kom op die wêreld.*”

Gevolg (dat, sodat): „Hy struikel, *sodat hy plat val.*”

Graad (so (tot so ’n mate)...dat): „Hy is só dwars, *dat niemand van hom hou nie.*”

Vergelyking (as, dan, so, soos): „*So vriendelik soos hy eers was*, so nors is hy nou.” „Hy is nou so groot, *soos sy broer verlede jaar was.*” (Moenie sê: „soos dit reën, sal ons ploeg” nie, maar: „as dit reën, sal ons ploeg.”)

Die Veelvoudige Sin:

Die sinne wat ons nou behandel het, was almal samegestel, want ons het daar met een hoofgedagte en een of meer bygedagtes te doen gehad. Vervolgens kom ons tot *sinne wat uit ten minste twee hoofgedagtes (hoofsinne)* — met of sonder

bygedagtes (bysinne) — bestaan. Ons noem hulle *Veelvoudige Sinne*: „Ek praat, en jy luister.” „Hy kan dit doen; tog doen hy dit nie.” „Jy moet dit vandag doen; môre is daar nie tyd nie.” „Die man wat daar loop, is my vriend, en hy help my gereeld.”

Uit hierdie voorbeelde blyk o.a. vier dinge: (a) Na sommige voegwoorde, bv. „en,” kry ons *eers die onderwerp en dan die gesegde* (die geleerde mense noem dit *normale woordorde*). (b) Na sommige voegwoorde, bv. „tog,” kry ons *eers die gesegde en dan die onderwerp* (die *omgekeerde woordorde*). (c) Somtyds is 'n voegwoord nie eens nodig nie; die komma-punt doen dan die werk van die voegwoord. Dit kan egter ook wees dat die voegwoord wêl daar is, maar dat hy nie aan die begin van die sin staan nie soos bv.: „Ek gaan jou slaan; ek kan *dare*m nie nou meer praat nie.” (Omdat dit ook die werk van die bywoord doen, word dit 'n *voegwoordelike bywoord* genoem). (d) By die hoofsinne is daar soms een of meer bysinne.

Ons gaan nou voorbeelde bekyk. Leerlinge moet let op die betekenis, die woordorde en die punktuasie:

Normale Woordorde:

„Hy lê *en* skop.” „Hy lê, *en* ek staan.” Hy kan, *maar* (dog) hy wil nie.” „Hy werk lekker, *want* hy is sterk.” „Jy moet *of* gaan *of* bly.” „Nôg hy het iets gesê, *nôg* sy broers het iets gesê.”

Omgekeerde Woordorde:

„Hy kan dit doen; *tog* (nogtans) doen hy dit nie.” „Hy is siek; *dus* (sodus, derhalwe, gevolglik) kan hy nie teenwoordig wees nie.” „Die kinders is eers gedoop; *vervolgens* (voorts) het die dominee begin preek.” „Dit het gereën; *desnietemin* (desondanks, nogtans) het hy gekom.” „Hy werk hard; *daarenteë* doen sy broer niks.” „Ek sal 'n plan maak om daar te kom; *desnoods* (as dit nie anders kan nie) kan ek loop.”

Voegwoordelike Bywoorde:

„Ek het lank moeite gedoen; ek gaan *egter* nie daarmee volhou nie.” „Moet dit nie weer herhaal nie; jy het dit *immers* al dikwels gesê.” „Hy is bepaald nie siek nie; ek kan *altans* niks aan hom bespeur nie.” „Ek sal hom moet help; ek kan nie (*bra*) anders nie.

Sommige woorde val eintlik onder twee groepe; dit hang van die gebruik af: „Hy weet maar min; *altans*, hy kan nie antwoord nie” of „Hy weet nie; hy kan *altans* nie antwoord nie.” „Ek sal daar kom; ek kan *desnoods* stap” of „Ek sal daar kom; *desnoods* kan ek stap.” „Hy voel sleg; (*des*)*nietemin* (*nietemin*, *noptans*) hou hy uit” of „Hy voel sleg; *nietemin* (*noptans*), hy hou uit” of „Hy voel sleg; hy hou *nietemin* (*noptans*) uit.” „Hy is vaak; *dus* (*derhalwe*) gaan hy slaap” of „Hy is vaak; hy gaan *dus* (*derhalwe*) slaap.”

Voegwoorde en Woordorde:

Na wat ons gesê het, behoort die voegwoorde se gebruik, die woordorde en puntuasie duidelik te wees. Dit is egter so 'n belangrike gebied, dat ons 'n paar punte wil saamvat. Leerlinge moet na aanleiding van hierdie paragraaf veral die verskil tussen die Engelse en die Afrikaanse woordorde ná sekere voegwoorde nagaan, want baie taalfoute ontstaan, omdat die beginsels van woordorde nie duidelik is nie. In die gewone enkelvoudige sin staan die onderwerp gewoonlik eerste, dan volg die gesegde en dan die voorwerp: „Ek sien 'n boek.” Sodra daar 'n hulpwoord kom, staan die verlede deelwoord of die infinitief aan die end: „Ek het die boek gesien,” „ek sal die boek sien.”

In enkelvoudige sinne word die woordorde in die volgende gevalle omgekeer:

- (a) In geval van vrae: „Wat soek jy?” „Sien jy hierdie lat?”
- (b) Wanneer die voorwerp ter wille van nadruk eerste staan: „Daardie gesig kan ek nie vergeet nie.” „Vir jôu sal ek nog in die hande kry.”
- (c) As die sin met 'n bywoord of 'n bepaling begin: „Saans gaan ons stap.” „Daardie dag het ons lekker gelag.” „Daar gekom, het ons gaan swem.” „Soos blits het hy sy baadjie uitgetrek.”

Voordat ons tot bysinne kom, moet ons daarop wys dat die woordorde van die hoofsin omgekeer word, as die bysin eerste staan — so heeltemal anders as Engels: „As jy my voor die kop slaan, sien ek sterretjies.” „Toe hy daar kom, het ek al die bok geskiet.” „Wanneer jy kom, sal ek jou die geld gee.”

In die geval van samegestelde sinne is die saak taamlik eenvoudig, omdat dit meestal die gewone woordorde is. (Wat

die posisie van die onderwerp betref, verskil Engels en Afrikaans hier nie te veel van mekaar nie, maar wel die ander woorde. Vertaal bv. die volgende sinne en vergelyk die twee tale):

„Die man wat daar loop, is my vriend.” „Die skil waarop ek getrap het, het geglip.” „Die kind in wie se belang ek hierdie keer gekom het, is arm.”

Hy sê dat die man skuldig is.” „Hy belowe dat hy môre mense sal stuur.” „Piet beweer dat die skuldige daardie dag op 'n ander plek was.” „Ma vra of die bediende al die water gekook het.” „Pa wil weet of die vark gister geslag is.” „Sê my of die werk nog vandag gedoen sal word.”

„Hy werk nie, omdat hy siek is.” „Piet voel sleg, aangesien sy vriend hom gister beledig het.” „Ek sal jou beloon, indien jy môre in my tuin sal kom werk.” „Hy loop kruppel, deurdat hy gister op die knie geskop is.” „Ek is kwaad, omdat hy die daad sou gedoen het, as dit nie alreeds deur iemand anders gedoen was nie.”

(Vorm nou nog ander voorbeelde met bysinne en let daarop hoe geneig Afrikaans (in vergelyking met Engels) is om die gesegde (of 'n deel daarvan) na die einde van die sin te skuifwe).

(„Al” vorm 'n uitsondering wat woordorde betref: „Al was hy siek (alhoewel hy siek was), het hy sy werk gedoen.”)

Die voegwoorde wat hoofsinne inlei, m.a.w. veelvoudige sinne help vorm, het ons reeds breedvoerig bespreek en aangetoon hoedat sommige die gewone woordorde het en andere die omgekeerde woordorde. By wyse van hersiening noem ons nou net die twee groepe, en dan kan leerlinge self sinne maak (en sommer reg leer punktueer):

Na die volgende is daar die gewone woordorde:

En, maar, want, dog, of, òf òf, nòg nòg, sowel as.

Na die volgende is die woordorde omgekeerd (as hulle aan die begin van die sin staan. Staan hulle later, word hulle voegwoordelike bywoorde met die gewone woordorde):

Tog, nogtans, derhalwe, daarom, dus, sodus, anders, gevolglik, voorts, nietemin, desnietemin, desnoods, daarenteë, inteendeel.

(„Egter” word so gebruik: „Sy broer werk hard; hy doen egter niks.” „Eers kon ek dit doen; nou kan ek egter nie meer nie.”)

Ontleding:

Leerlinge het teen die tyd nou al seker agtergekom dat sinsleer nie net dorre sinsontleding-oefeninge is nie, maar dat dit 'n *stuk lewende taal* is. Om voegwoorde te gebruik en om sinne te bou is miskien belangriker as om sinne „uit mekaar te haal,” maar die ontleding van sinne gee ons darem 'n insig in die taalstruktuur. As jy 'n masjien uit mekaar kan haal en weer in mekaar sit, dan ken jy mos daardie masjien. As jy 'n sin skrywe wat jy self nie kan ontleed nie, dan is daar 'n fout met jou taalmasjien. Ons neem aan dat leerlinge weet hoe om die enkelvoudige sin te ontleed — wat die werk van al sy deeltjies soos onderwerp, gesegde, voorwerp, die byw. en die byv. nw., en die bepalinge is. (Ons wys in die verbygaan weer daarop hoe dieselfde woord meer as een soort werk kan doen). Ons het onder sinsoorte op die belangrike kante van sinsontleding gewys (sonder dat ons die woord genoem het). Nou bly nog net 'n paar praktiese wenke oor:

- (1) Tel die gesegdes. Uiteindelik sal daar soveel hoof- en bysinne wees. (Moenie 'n deelwoord as gesegde beskou nie. „Die tak, deur die storm gebreek, het afgeval” is nog maar 'n enkelvoudige sin, omdat „deur die storm gebreek” 'n bepaling is en geen bysin nie.)
- (2) Soek dan die hoofsin(ne) uit. (Dis nie noodwendig die eerste sin nie.)
- (3) Probeer nou die bysinne uitrafel. (Pas op vir gevalle waar daar twee voegwoorde soos „dat, as,” „maar, wanneer” ens. bymekaar staan; hulle behoort aan aparte sinne.)
- (4) Benoem nou die sinne. Moenie net na die inleidende woord kyk nie, maar na die *funksie* of die *werk* van die sin. Kyk bv. hoe dieselfde woord verskillende soorte bysinne inlei: „*Wanneer hy kom*, is 'n raaisel” (onderwerpsin). „*Ek weet wanneer hy kom*” (voorwerpsin). „*Ek*

vrees die tyd *wanneer hy kom*" (byvoeglike bysin). „Ek loop, *wanneer hy kom*" (byw. bysin van tyd). So kan ook verskillende soorte sinne gebou word met „waar," „hoe," „of" ens.

- (5) Kyk of daar meer as een hoofsin is om vas te stel of dit 'n samegestelde of 'n veelvoudige sin is.

Die volgende metode van sinsontleding word aanbeveel:

„Hy vertel my dat die dief wat van hom geld gesteel het, terwyl hy in die bad was, nou in die tronk sit, waar hy nie sal uitkom, voordat hy behoorlik geboet het nie."

A	Hy vertel my	Hoofsin.
B	Dat die dief nou in die tronk sit	Voorwerpsin bep. „vertel" in A.
C	Wat van hom geld gesteel het	Byvoeglike bysin bep. „dief" in B.
D	Terwyl hy in die bad was	Byw. bysin van Tyd bep. „gesteel het" in C.
E	Waar hy nie sal uitkom nie	Byvoeglike bysin bep. „tronk" in B.
F	Voordat hy behoorlik geboet het	Bywoordelike bysin van Tyd bep. „sal uitkom" in E.

Die geheel is 'n samegestelde sin.

Sinsbou:

Belangriker as die ontleding van sinne is die vermoë om sinne te kan bou. Dit is nie net 'n kwessie van taal nie, maar dit het ook met helder dink te doen. Baie leerlinge kan sinne op 'n manier ontleed, maar die sinne wat hulle bou, is só verkeerd, só verward, só „onklear" of eentonig, dat dit 'n mens martel om hulle werk te lees. Hulle bou sinne wat hulle self nie kan ontleed nie. Daar is baie sinsbou-oefeninge: Leerlinge kan voegwoorde in sinne gebruik, hulle kan sinne op ander maniere begin, hulle kan enkelvoudige sinne verander tot

samegestelde sinne of anders-om, hulle kan twee of meer enkelvoudige sinne saamvoeg tot een samegestelde sin, of hulle kan sinne voltooi deur woorde na bepaalde voegwoorde in te vul. Maar dit is belangriker *dat leerlinge sal leer om, terwyl hulle skrywe, versigtig en keurig te wees met hulle sinsbou — dat hulle die gewoonte sal kweek om 'n oog te hou op die manier waarop hulle sinne vorm.* Dit is goed om te onthou dat kort, enkelvoudige sinne sonder afwisseling op die lang duur eentonig is, terwyl uitermate lang sinne vir leerlinge gewoonlik op verwarring uitloop.

Die Dubbele Ontkenning:

Ons taal is in 'n sekere sin baie lief vir herhaling: Fluit-fluit loop," „bekke-bekke vol vreet," „'n saak blou-blou laat," „dit gaan so-so," „uit die huis uit," „in die tuin in," „op die trappe op" en andere. Die bekendste van hierdie verskynsels is die herhaling van die „nie," die sg. *Dubbele Ontkenning.*

Ons kan hierdie ingewikkelde maar interessante verskynsel nie definitief onder reëls bring nie, maar op 'n paar puntjies moet tog gelet word:

- (a) Dit hang baie daarvan af watter woord ons wil ontken. „Ek sal vanaand vrugte steel" kan op die volgende maniere ontken word: „Nie ek sal vanaand vrugte steel nie," „ek sal nie vanaand vrugte steel nie," „ek sal vanaand nie vrugte steel nie."
- (b) Word dit nie gesê watter woord ons moet ontken nie, moet ons maar op gevoel afgaan: „Ek sal kom" — „Ek sal nie kom nie," „Hy kan dit sien" — „Hy kan dit nie sien nie," „Pa het gister 'n bok geskiet" — „Pa het nie gister 'n bok geskiet nie."
- (c) As ons die gebiedende wyse ontken, kry ons sinne soos: „Moenie!" „Jy moet dit nie doen nie!" „Moet nie (moenie) staan en slaap nie!"
- (d) Die korrekte vorm is: „Ek weet niks nie," „ons vind hom nêrens nie," „hy interesseer niemand nie."
- (e) „Of hy of ek sal gaan" word „nòg jy nòg ek sal gaan."
- (f) As jy wil sê „hy weet nooit iets nie," moet jy nie sê „hy weet nooit niks nie."
- (g) In gevalle van samegestelde sinne is dit noodsaaklik om te weet watter deel moet ontken word: „Die man

wat dit sê, is nie dom nie.” „Die man wat dit nie sê nie, is dom.” „Die man wat dit nie sê nie, is nie dom nie.” „Hy is nie kwaad nie, omdat Piet weg is.” „Hy is kwaad, omdat Piet nie weg is nie.” „Hy is nie kwaad, omdat Piet weg is nie.” Uit hierdie sinne blyk dit dat 'n mens ook samegestelde sinne op meer as een manier kan ontken. Dit hang daarvan af wat jy wil sê. Dit is ook waar van voorwerpsinne soos „Ek weet dat hy sal kom” en ander, terwyl uitsonderlike sinne soos „Ek weet of hy sal kom” net op een manier kan ontken word.

BETEKENISLEER:

Inleiding:

Om woorde in hulle regte betekenis te leer verstaan en gebruik is miskien die belangrikste kant van taalstudie, want ons het woorde, woorde en nogmaals woorde nodig om die duisende der duisende gedagtes en al ons gevoelens presies uit te druk. Die persoon met 'n uitgebreide woordeskat kan gewoonlik presies sê wat hy bedoel, hy tree baie maklik op in die openbaar, en hy sal orals in die lewe 'n voorsprong bo die arme ou stamelaar hê.

Die uitbreiding van jou woordeskat is 'n lewenstaak. *Leerlinge moet dit 'n lewensgewoonte maak om elke onbekende woord wat hulle hoor of lees se betekenis na te gaan en te leer. Hierby kom die kostelike gewoonte om blaaië en boeke te lees ten einde woorde en uitdrukkings af te skrywe en by te leer. As leerlinge dit nie uit blaaië en boeke doen nie, moet hulle uit woordeboeke elke dag ten minste twee nuwe woorde byleer. Waar staan jy dan, as jy die dag tagtig is?! Dieselfde woord het dikwels vir die een persoon effens 'n ander betekenis as vir 'n ander persoon, en dieselfde woord het in die een sin 'n ander betekenis as in 'n ander sin. „Vader,” „kind” ens. maak by ons almal verskillende gedagtes en gevoelens wakker, en „jy soek vir my, nè?” het meer as een betekenis—volgens die manier waarop dit gesê word. 'n Mens kan dus sê dat om elke woord 'n bepaalde soort gevoel gewewe word, en ons praat gevolglik van die *gevoelswaarde* van woorde.*

Uit die voorafgaande moet ons aflei dat die betekenis van woorde nie onveranderlik is nie—nie konstant is nie; daar vind maar gedurig verandering of wysiging plaas.

Betekenisverandering:

Op die manier waarop woorde soos „jong,” „ou,” „niggies en neefs,” „meid” en „leraar” se betekenis verander (wyer en nouer word) kan ons hier nie ingaan nie. Ons wil egter op twee ander kante van die saak wys:

Doeblette of Tweelingwoorde:

In Nederlands tref ons net die woord „tabak” aan; in Afrikaans tref ons naas „tabak” ook nog „twak” aan in die sin van „prulmtwak,” „sy twak is nat” ens. (Ons het op dieselfde verskynsel by die mv. gewys. Dink aan „kinders en kindere,” „vaders en vadere,” „klippers en klippe,” „middels en middele,” „tafels en tafele,” „goeters en goedere” ens.) Sulke woorde noem ons *tweelingwoorde* of *doeblette*, en hier volg nog 'n paar van hulle:

Die blikkie se *boom* is uit. Hy moes die bittere beker tot die *bodem* ledig. O aard**bodem!**

'n *Bondel* wasgoed. 'n *Bundel* gedigte.

Hy is *darem* maar klein. *Daarom* wil ek dit nie doen nie.

Die *kwaai* vrou raas gedurig. 'n Goeie man word ook *kwaad*.

Die beker is *leeg*. Gods woord sal nie *ledig* terugkeer nie.

Hy moes die lydensbeker *ledig*.

Die *sagte* man is sag van geaardheid. Die *safte* man kan nie sy man staan nie.

Vleis en brood. Ons moet die sonde van die *vlees* oorwin.

Die Figuurlike Gebruik:

„Die duiwe is lekker *soet*” — „Herinneringe aan aangename dae is *soet*.” „Die *skakel* van die ketting het gebreek” — „Die twee *skakels* van die voetbalspan is goed.” „Die voël *vlie* oor die veld” — „Die naelloper *vlie* sommer so oor die baan.” „My *hart* klop vinnig” — „Die goeie man het 'n *hart* vir die armes.” Hierdie woorde is almal eers in hulle gewone, *letterlike* en daarna in hulle *figuurlike* betekenis gebruik. As ons al die gevalle van figuurlike taalgebruik moet bekyk, dan moet ons 'n baie groot deel van die taalveld dek, want seker die meeste woorde het ook 'n figuurlike gebruik. Ons wil leerlinge liewers aanraai om liggaamsdele soos „hoof,” „oog,” „oor,” „mond,” „voet” e.a. in 'n figuurlike sin te probeer gebruik. Dieselfde kan ook gedoen

word met ander doodgewone woorde soos „lig,” „aand,” „blom,” „saai,” „ryp” ens. As sulke woorde in hulle figuurlike sin gebruik is, sal dit leerlinge interesseer om aan te teken hoeveel maal ons skrywers (ook wanneer hulle idiome gebruik) en mense wat ons taal praat, gebruik maak van figuurlike taal. Tekens gerus 'n slag aan wat jy op die skoolgronde hoor.

Sinonieme of Sinverwante Woorde:

Sommige woorde soos „destyds” en „vanmelewe,” en „aangesien” en „omdat” het presies dieselfde betekenis. Ander woorde soos „prinsipaal” en „hoofonderwyser,” en „staf” en „personeel” het ook dieselfde betekenis, maar 'n mens voel dat die een eintlik 'n vreemdeling of 'n baster is, terwyl die ander een 'n Afrikaanse woord is. Al hierdie woorde is sinverwante woorde of *sinonieme*. Ons gee 'n aantal van hulle en leerlinge moet hulle in sinne probeer gebruik:

(Per) abuis, (per) ongeluk; aantreklik, innemend; draai, draal, drentel; koddig, snaaks, komieklik; klem, nadruk; leraar, dominee; kim, gesigseinder; jaloesie, afguns; huidige, teenswoordige; kusse, soene; leedwese, spyt; beroemd, vermaard; bemiddeld, welgesteld; netnou, flus(sies), vaneffe; vanmelewe, destyds, toentertyd; basta, hou op; gemaal, eggenoot; aangesien, omdat; trots, ten spyte van, in weerwil van; beskonke, dronk; inhalig, suinig, vreklig, gierig.

Ekspressie, uitdrukking; forseer, dwing; importeer, invoer; eksporteer, uitvoer; objeksie, beswaar; subskripsie, ledegeld; surplus, oorskot; modern, nuwerwets; profyt, wins; korrigeer, verbeter, nasien; applikasie, aansoek; applous, toejuiging; akteur, toneelspeler; biblioteek, boekery; balans, ewewig; dokter, geneesheer, arts; distansie, afstand; dekorasie, versiering; eggo, weerklank; ekspert, deskundige; finansieel, geldelik; firmament, uitspansel; geografie, aardrykskunde; chemie, skelkunde; higiëne, gesondheidsleer; konklusie, gevolgtrekking; konsensie, gewete; korrespondensie, briefwisseling; munisipaliteit, stadsraad; opponent, teenstander; outeur, skrywer; simpatie, meegevoel, medely(d)e; standaard, peil.

Die woorde wat ons sover behandel het, het almal presies dieselfde betekenis. Daar is natuurlik weer ander woorde wat

byria dieselfde betekenis het, maar tog nie heeltemal nie. Namate ons taalgevoel ontwikkel, leer ons om baie presies te sê wat ons te sê het. Leerlinge moet nou deur middel van sinne wys dat hulle die klein verskil van betekenis in die volgende verstaan:

Arbeid, werk, amp, betrekking, ambag, beroep. Gebou, huis, woning. Nasie, volk. Mooi, fraai, aantreklik, skoon. Vriendelik, innemend, aantreklik. Lelik, afgrysslik, afstootlik. Oud, afgeleef. Dom, onnosel, swaksinnig. Loop, waggel, struikel, strompel. Praat, spreek, babbel, sanik, klets, swets. Doodgaan, sterwe, vrek, sneuvel, ontslaap. Blink, glim, skitter, glinster. Peusel, smul, eet, vreet. Hard, luid, luidkeels. Moedig, dapper, onver-skrokke. Dankbaar, bly, opgerulmd, vrolik, plesierig.

Paronieme:

(Kyk nou weer na die *paronieme* of stamverwante woorde wat ons onder woordvorming behandel het, maar konsentreer nou op hulle *betekenis*).

Antonieme:

Antonieme is woorde met die teenoorgestelde betekenis:

(’n) Bevestigende (antwoord) — (’n) ontkennde (antwoord). Behoeftige (mense) — bemiddelde of welgestelde (mense). In erns en luim. Eenvoudig — ingewikkeld. Heldhaftig of dapper — lafhartig. Na vrolikheid kom olikheid. Voorganger — opvolger. Wins — verlies. Versleg — verbeter. Modern — ouderwets (ou-tyds). Opsetlik — per abuis, ongeluk. Oorlogsugtig — vrede-lywend. Opgerulmd — terneergedruk (treurig). Aktief — passief. Beknop — ruim. Helder (water) — troebel (water), helder (lug) — betrokke (lug), heldere (verstand) — benewelde (verstand), ’n heldere (uiteensetting) — ’n duistere (uiteensetting). ’n Ligte (gewig) — ’n swaar (gewig), ligte (meisies) — donker (meisies), (in ’n) ligte (stemming) — (in ’n) ernstige (stemming). In lief en leed. Die minderheid — die meerderheid. Skriftelik — mon-deling. Vervloek — seën. Gebrek — weelde, oorvloed. Jeug — ouderdom. Begin, aanvang — einde, afloop. Vir tyd en ewigheid. In voor- en teenspoed. Die wel en die wee. Tydig of ontydig. Deur dik en dun. Jou doen en jou late.

Hemel en aarde beweeg. Dit kan nie hoër of laer nie. Dis hier te kort en dis daar te lank. Hoe meer haas, hoe minder spoed. Van 'n naald tot 'n koevoet. Oop en toe aankom. Die sieke dra die gesonde. Iets swart op wit hê.

(Gebruik bostaande in sinne).

Homonieme, Homofone en Kwasië-Homofone:

As hierdie woorde vir leerlinge te geleerd klink, hoef hulle hulle nie te onthou nie, maar dit is tog 'n kort manier om te praat van dinge wat dieselfde naam het en woorde wat dieselfde klank of byna dieselfde klank het. Voorbeelde: „mis” op die vlei en „mis” voor die stal, „wei” en „wy,” „luid” en „luit.”

Onder die eerste groep val eintlik woorde wat as verskillende rededele gebruik word soos „blaar,” „kop,” „stoel,” „streep,” „wit,” „week” en andere (wat ons onder rededele behandel het). Ook hoort gevalle van figuurlike taalgebruik soos die „voet” (van 'n mens) en die „voet” (van 'n berg), die „mond” (van 'n mens) en die „mond” (van 'n rivier), en die „oor” (van 'n mens) en die „oor” (van 'n beker) ook hieronder tuis. Ander definitiewe gevalle van homonieme is die volgende:

Maak skoon die *werf*. Die kandidaat gaan rond om stemme te *werf*.

Ons woon in 'n groot *huis*. Jy kap met die skerp kant van die byl en met die *huis* kan jy 'n ysterpaal inslaan. Sit die bril in sy *huis*(te). Ek wil nie die hele lemoen hê nie — net 'n paar *huisies* (suurtjies).

Hy het sy *toon* gestamp. Die hoogste klas gee gewoonlik die *toon* van die skool aan. Uit die vioolsnare kom daar skone *tone*.

Om te ploeg moet jy *skare* hê. 'n Groot *skare* het na hom geluister.

Die donderweer het *skade* veroorsaak. Hy sit in die skaduwee (*skade*).

Die predikant dra 'n wit *dassie*. Die *dassie* sit in die son.

Daardie *ankertjie* is te swak vir die draad. Hy het 'n *ankertjie* wyn bestel.

Die kinders het *pampoentjies*. Ons pluk *pampoentjies*.

Hy is sommer 'n *bog*. Die rivier maak daar 'n wye *bog* of kromming. Die *bog* in die stal of kraal word later mis.

'n Boer moet 'n ploeg en 'n *eg* hê. Dit lyk my heeltemal *eg* en nie vals of onnatuurlik nie. Die twee mense is in die *eg* verbind of getroud.

Hy het baie *geld*. Dit *geld* vir ons almal.

Dit *pas* by hom. Die *pas* is te vinnig. Die Kaffer moes 'n *pas* hê.

Jy moet die briewe *pos*. Deur die drank het hy sy *pos* verloor. As die fluitjie blaas, moet elkeen op sy *pos* wees.

(Ken jy nog voorbeelde)?

Nou die *Homofone* of woorde wat eenders klink, maar tog nie eenders gespel word nie:

Sy dankbaarheid *blyk* uit sy woorde. Wasgoed *bleik*. Dit is *uitgebleik* van die son.

Die *dokter* kom na die sieke. Hy is 'n *doktor* in die letterkunde.

'n *Fee* bestaan net in sprokies. Die *vee* wei.

Die stryd woed *fel*. Die boswerkers *vel* die bome. Die *vel* van 'n dier.

Ons het baie geld vir ons skool se *fonds* gemaak. Die ontdekking van die diamant was 'n belangrike *vonds*.

Pyn of 'n nederlaag *ly*. Perde *lei*. 'n *Lei* om op te skrywe.

Met 'n *pyl* en boog skiet. Die kat *pyl* na die bome. *Peil* die diepte van die dam.

Die skrywer het 'n mooi *styl*. Die bed se *styl* is stukkend. Hy het *steil* hare. Die berge is *steil*.

Wy jou aandag aan jou werk. Ons moet die saal *inwy*. Jy moet oor die saak *uitwei*. Die vee *wei*. (*Weiding* vir die vee. Die *inwyding* van die saal).

Die water (ver)ys. Ek *ys*, as hy so vinnig om die draai kom. Hy *eis* van my te veel. (Dis 'n *vereiste*).

Op 'n vendusie *veil* 'n mens die goed op. Hy *vyl* die rante glad met 'n *vyl*. Hy het alles *veil* vir sy volk. (God is *onfettbaar*).

Die sterretjies en sommige mense se oë *fonkel*. 'n Warm waband *vonkel*, as jy daarop slaan. Vuur *vonkel*, as jy met 'n stok daarin karring.

'n *Vors* hoort op 'n troon. So 'n sterk kêrel is darem *fors* gebou. Die *vors* van die huis is hoog.

Dis 'n *fett* en nie 'n *grap* nie. Hy het *fyt* in die vinger.

Daar is water in die *vlei*. Jy *vlei* iemand om in sy guns te kom. Die moeë wandelaar *vly* hom op die gras neer.

Vier en een is vyf. Ons *vier* die gebeurtenis. Haar houding is *fier* en trots.

'n *Frank* is 'n vreemde muntstuk. (Watter vreemde muntstukke ken jy nog)? Die groen peer smaak *vrnk*.

Die jong *brei* velle. Moeder *brei* sokkies. Die onderwyser *brei* die span. Die Swartlanders *bry* almal (die uitspraak van die r).

Nou die woorde wat byna eenders uitgespreek word, maar nie heeltemal nie (Kwasie-homofone):

Hy het *mild* bygedra. Soms kry jy *miltsteek*, as jy aaneen hardloop.

Die *end* van jou lewe. 'n *Ent* ry. Die *ent* op jou arm.

Die *rand* van die dood of bankrotskap (abstrak). Die *rant* van die hoed of berg (konkreet).

'n *Graad* behaal. Die *hittegraad* (abstrak). Die *graat* van 'n vis.

'n *Mied* om uitgedors te word. *Miet* in droë-perskes.

Kaapstad is 'n *stad*. Dingaans se *stat* is later verwoes.

Hy roep *luid* om hulp. Dawid het op 'n *luit* gespeel.

Gee my goeie *raad*. Hy is lid van die *raad*. Die boere het 'n goeie *raat* vir daardie siekte.

Die vee wei in die *veld*. *Velt* is 'n duur materiaal.

Wie is lede van die *bond*? Die koei is *bont*. *Bont* is 'n kosbare materiaal.

'n *Boud* vleis. Die moer en die *bout*. (Vergelyk „boudjies” en „boutjies”).

Skud soos hy lag. Die vreemde diere na die *skut* stuur.

'n *Boordjie* en 'n das. 'n *Boortjie* om mee te boor.

Drie *pond* suiker. Die *pont* oor 'n rivier.

Lood is swaar. Hulle *loot* die skaap uit. Die *loot* van die boom is lank.

Gee my 'n *bod*. Die bome *bot*. Hy lyk *bot*.

(Leerlinge kan nou, na aanleiding van bostaande, lyste maak van woorde met die *f*- en die *v*-, die *y* en die *ei*, die *-d* en die *-t* en ander moeilike klanke).

Passende Woorde:

Leer die volgende gevalle en onthou dat die regte woord op sy regte plek moet staan:

Die aftog *blaas*. Beslag *lé* op. Die genadeslag *toedien*. Getulenis *inwin* of *aflê*. Gevare *trotseer*. Inligting *inwin* of

verstrek. 'n Kans *afweg*, *waarneem* of laat *verbygaan*. *Opspraak verwek*. *Redes aanvoer*. *Roem behaal*. *Reëlings tref*. *Afbreuk doen aan*. *Agterdog verwek* of *koester teen*. *Aanstalte maak*. 'n *Aanbod aanvaar*, *anneem* of *van die hand wys*. *Belange behartig*. *Besware opper*. *Brand stig* of *blus*. *Byval vind*. *Beloftes nakom* of *verbreek*. *Jou woord hou* of *gestand doen*. *Boedel oorgee*. *Bedanking indien* of *anneem*. *Beserings opdoen*. *Hoop koester*. *Skade berokken*. *Die vlag stryk* of *hys* (of *afhaal*). *Dors les*. *Eksamens aflê* of *afneem*. 'n *Eed aflê*. *Foute begaan* of *herstel*. *Sy geboortedag herdenk* (verjaarsdag vier). *Gesprekke aanknoop*. 'n *Geheim verklap* of *bewaar*. *Hulp verleen*. *Invloed uitoeven* (wen), *ondermyn*. *Inligting inwin* of *verskaf*. *Kennis opdoen* of *meedeel*. *Klagtes indien* of *aanhoor*. *Liefde betoon*. *Navraag doen*. *Ondersoek instel*. *Die onderspit delf*. *Orde handhaaf*. *Die toon aangee*. *Vrees inboesem*. *Vriendskap aanknoop* of *verbreek*. *Versoeking weerstaan*. 'n *Wrok koester*.

'n *Afgedankste loesing* (pak sla). 'n *Voldonge fett*. *Blakende gesondheid*. *Dawerende toejuiging* of *applous*. *Ingemaakte* of *ingelegde vrugte*. *Met koorsagtige haas* of *gejaagdheid*. 'n *Onbestorwe boedel*. *Uit ons prille jeug*. 'n *Skotige afdraand*. 'n *Onomstootlike fett*. 'n *Innemende geaardheid*. *Van onbesproke karakter*. *Betrokke lug*. 'n *Oortrokke bankrekening*. *Onbekookte planne*.

(Maak seker van die betekenis van wat hierbo staan).

Plaasvervangers:

In plaas van omslagtig te sê „dit is 'n gewoonte wat net in hierdie land aangetref word” kan ons kort-weg sê „dis 'n *inheemse gewoonte*.” Sulke plaasvervangers stel ons in staat om met minder woorde te sê wat ons te sê het, maar dan moet ons die plaasvervangers ken. Hier volg 'n paar:

Sy posisie is *werd om te beny* of *benydenswaardig*. 'n *Daad wat nie herroep kan word nie*, is *onherroeplik*. *Die blomme met die bate kleure* is *veelkleurig*. *Die rekening wat al lank moes betaal gewees het*, is *agterstallig*. 'n *Mens wat graag vooruit kom in die lewe*, is *ambisieus*. 'n *Bemoesiekie mens bemoei hom graag met 'n ander se sake*. *Die oorlogsugtige volk verlang na oorlog* en die *vredeliewende volk begeer vrede*. *Onstgbare dinge kan jy nie sien nie*. *Diere wat nie mak gemaak*

kan word nie, is ontembaar. Indrukke wat jy nie kan uitwis nie, is onuitwisbaar. Moeilikhede wat jy nie kan oorkom nie, is onoorkoomblik. Van ongeneeslike kwale kan jy nie herstel nie. Die oorverdowende lawaai maak jou ore doof. 'n Kind se gemoed is ontvanklik, want dit ontvang maklik indrukke. Turksywe wat nie dorings het nie, is doringloos. 'n Dag wat ons nog lank sal onthou, is heuglik.

'n *Gids* lei mense deur die museum (of die grotte). 'n *Huigelaar* doen hom anders voor as hy is. Die *republikein* begeer 'n republiek. Die *eksaminator* sien ons eksamenantwoorde na. Die *vrek* is baie suinig. *Tydenote* lewe dieselfde tyd. Die *rentenier* lewe van sy rente. Die *bangbroek* of *lafaard* is baie bang, terwyl die *waaghals* baie waag. My *voorganger* het voor my gekom, my *plaasvervanger* is in my plek, en my *opvolger* sal later aangestel word. Die *agie* is baie nuuskierig. *Rekrute* is nuwe soldate, terwyl die *veterane* baie ondervinding het. Die *buksie* is baie kort, en die *pokkel* is baie dik en geset. Die *leiselhouer* hou vir die span esels leisels, die *bestuurder* bestuur die motor, die *masjins* bestuur die lokomotief, en die *loods* bestuur die vliegtuig. Die *laspos* val my gedurig lastig, die *terggees* terg my die hele dag, terwyl die *lolpot* gedurig om my ore lol. So 'n *platjie* is baie ondeund, solank die *boekwurm* aanhoudend by sy boeke sit. Die *draadsitter* kies nie kant nie, maar wag om te sien hoe sake ontwikkel.

(Aan hierdie soort oefening is daar feitlik geen einde nie. Ons kan woordfamilies nagaan soos „reïsgeenoot,” „huïsgeenoot,” „volksgeenoot,” „stamgeenoot”; „togganger,” „avondmaalganger,” „dubbelganger”; „dronkaard,” „gierigaard,” „woestaard”; „hengeelaar,” „moordenaar,” „sondaar”; „malhuis,” „spookhuis,” „pakhuis.” Ons kan mense se geaardhede sien in: „Suurpruim,” „japsnoet,” „niksnuts,” „geldwolf,” „slodderkous.” En ons kan hulle betrekkinge ontdek in: „Skoenmaker,” „sakeman,” „kruide-nier,” „bankbestuurder,” „klerk,” „teller,” „rekenmeester,” „spekulateur,” „akteur,” „kondukteur,” „kaartjiesondersoeker,” „kroonvervolger,” „bandletwagter,” „modemaakster,” „haarkapster”).

Die plek waar jy ou dokumente hou, is die *argief*.
 Die plek waar jy na die sterre kyk, is die *sterrewag*.
 Die plek waar jy wyn maak, is die *kelder*.
 Die plek waar jy skape slag, is die *slagpale*.

Die plek waar jy vrugte pak, is die *pakhuis*.
 Die plek waar 'n skilder werk, is sy *ateljee*.
 Die plek waar predikante opgelei word, is die *kweekskool*.
 Die plek vanwaar jy uitsaai, is die *uitsaaistaste*.
 Die plek waar ammunisie gebêre word, is die *magasyn*.
 Die plek waar proewe gemaak word, is die *laboratorium*.
 Die plek waar jy met perde jaag, is die *reistsesbaan (renbaan)*.

Woorde wat verwar word:

Daar is 'n aantal woorde wat dikwels verwar word. Hier volg sommige:

Maak 'n *begin* met jou werk. Dit is teen my *beginnel* om wyn te drink.

Gert is in *standerd* ag. Sy werk is van 'n hoë *standaard*.

Daar is geen *orde* in die klas nie. (Alles is in *orde*. In *orde* van belangrikheid.) Hy *order* 'n mens onnodig rond. (Sy *orders*.)

God *bestier* ons weë. Hy *bestuur* 'n motor, 'n firma, die bank. (In 'n *bestuur* dien.)

Die *beul* onthoof mense. As die *beul* blaas, moet ons loop.

Jan is weens siekte nie *teenwoordig* nie. *Teenswoordig* gaan dit slegter as vroeër.

Jy *verspil* net jou tyd; jy sal dit tog nie regkry nie. Jy het hierdie kans *verspeel*, en jy sal nie nog een kry nie.

Na die reën groei die graan *welig*. Die ryk mense lewe *weeldertig*.

Jy moet *eers* wag, totdat ek klaar is. Hy is so swak, dat hy homself nie *eens* kan aantrek nie.

Die *wyster* van my oorlosie is af. Sy mooi toespraak is vir my 'n (weg)wyser na 'n ideaal.

Woorde en Uitdrukkinge in Sinne:

Dit spreek vanself dat niemand vir leerlinge 'n groepie woorde kan gee wat hulle woordeskat genoegsaam sal uitbrei nie. Die aanleer van nuwe woorde hou immers nooit op nie. Dit sal al 'n goeie plan wees as leerlinge al die onbekende woorde in hierdie boek en in hulle leesboek(e) in sinne leer gebruik. *Maar nog belangriker is die feit dat leerlinge gedurig lees en in hulle leeswerk die onbekende woorde en uitdrukkinge onderstreep en leer*. Hier volg 'n paar (om aan te voor):

Ons hoof is baie *tegemeetkomend*; hy probeer ons versoeke toestaan, as ons na hom kom.

Na so 'n vurige *pleidooi* kan niemand meer glo dat hy skuldig is nie.

Solank die konstabel met die een kwajong besig was, het die ander hulle gou *uit die voete* gemaak.

Tot sy ontstelents het hy in die winkel ontdek dat hy sy beursie tuis vergeet het.

Die vooruitstrewende boer probeer *tred hou* met die tyd en koop gedurig nuwe masjinerie aan.

So 'n klein *skermutseling* kan 'n mens tog nie eintlik 'n geveg noem nie.

Oënskynlik was hy dapper, maar hy het tog altyd die *heimlike* vrees gekoester dat hy gaan verloor.

Die eerste week het die nuwe leerling gedurig *heimwee* gevoel, as hy aan sy huis dink.

Inenting is 'n goele *teëgif* teen pokkies.

Hy het die gevoelens tot so 'n mate *opgesweep*, dat ons enige oomblik 'n *uitbarsting* kan verwag.

Met die droogte het die prys van vee *aanmerklik* gestyg.

Jy verwag baie, maar jy sal *bedroë uitkom*, want 'n mens kan hom nie vertrou nie.

Ons lê die besluite van die leerlingraad voor die hoof, sodat hy hulle kan *bekragtig*.

Die *agterbakse* persoon *onderkrup* 'n mens gedurig en doen also jou goele naam skade aan.

In die digte gras word 'n mens se vordering *belemmer*.

Die amptenare is so min *besoldig*, dat hulle nie hulle families kan onderhou nie.

As 'n mens andere wil gesond maak, dan is dit *gebiedend noodsaaklik* dat jy self gesond sal wees.

Die persoon wat lelike dinge op 'n kerk se mure skrywe, pleeg *heiligskenis*.

Elke *inluisteraar* behoort belang te stel in wat hy oor die radio hoor.

Dit is maar 'n *voorwendsel* en nie die werklike rede waarom hy dit gedoen het nie.

So 'n *swakkeling* soos hy sal nooit kan sterk optree nie.

So 'n maltrap vang baie *kaskenades* aan waarvoor 'n mens kan lag.

'n Mens moet nie net liggaamlik ontwikkel nie, maar jy moet lees, sodat jy *intellektueel* kan ontwikkel.

Die winkel behoort nie alleen aan hom nie; hulle is twee *vennote*.

Die kind het my mooi woorde so *ter harte geneem*, dat hy aan die huil geraak het.

Ek stel al my mense *tot jou beskikking* om die jakkals te help doodmaak.

Dit het eers gelyk of hy natuurlik dood is, maar *by nader ondersoek* blyk dit dat hy verwurg is.

Die *vindingryke* seun dink gou aan 'n plan om uit die moeilikheid te kom.

Dit is *deur die toedoen van* die verantwoordelike leier dat sake so ontwikkel het.

Om 'n huis te koop en te verhuur is 'n goeie *belegging* van jou geld.

Met die *beleëring* van die stad het die inwoners maar swaar gekry.

Die *barmhartige* oom het die arm man iets gegee.

'n *Sagmoedige* mens twis nie graag nie.

Hy is so 'n goeie *seremoniemeester*, dat alles baie glad op die bruilof gegaan het.

Hy lyk so armoedig, dat ek *tot die gevolgtrekking kom* hy besit niks.

Die *voorbarige* kind kom dring hom ongevraag in grootmense se geselskap in.

Die *kluisenaar* het hom van die ander mense afgesonder.

'n Seun moet sy moeder *behulpsaam* wees met klein werkies.

Die roekelose vent word *afvallig* van die godsdienst van sy vader.

Jy moet wag tot later, want *op hierdie stadium* kan ek nog niks sê nie.

Die vrouens en kinders *ontruim* die gebied, aangesien hulle 'n lugaanval verwag.

Hy kon glad nie sy skuld betaal nie en moes uiteindelik maar *boedel oorgee*.

Omdat hy sy taal so liefhet, was hy sy hele lewe lank 'n *kampvegter* vir die bevordering daarvan.

Die rugby-geesdriftige is *versot op voetbal*.

Sy armoede *noodsaak* hom om te bedel.

Hy vertel ons wat hy alles in die buiteland *wederveraar* het.

Vertel ons die volle waarheid en moenie die saak probeer *bewimpel* nie.

Al was ek half kwaad, moes ek *onwillekeurig* lag vir sy snaaksheld.

Hy het my niks daarvan gesê nie, en het dit dus *buite my wete* gedoen.

Daardie lae daad sal hom bepaald nie *tot eer strek* nie.

Daardie weldaad sal ons tot *in lengte van dae* onthou.

Sy doen en late *laat my koud*, want ek stel geen belang in hom nie.

Die kind is so *bysiende*, dat hy die boek baie naby moet hou, as hy wil lees.

As jy van daardie hoë krans val, wag daar vir jou 'n *gewisse dood*.

Hy weet *voor sy siel* dat hy skuldig is, en tog stry hy nog.

Ek *skaam my die oë uit my kop*, as die besoekers my so vull aantref.

'n Vader moet *rekening hou met* die feit dat 'n seun ook grootman word.

Dit is aangenaam om vir *geesdriftige* leerlinge 'n vak te leer.

'n Mens behoort jou taal te *handhaaf*.

Die *opkomende geslag* is darem baie anders as die ouer geslag.

Stel die masjien *op die proef*; as dit nie goed is nie, hoef jy dit nie te koop nie.

Hy het nie teëgepraat nie, maar sy vader ewe gehoorsaam en *gedwee* gevolg.

Hulle het bymekaar gekom om eers te *beraadslaag* wat hulle moet doen.

Die baas het die stuk werk mooi *eweredig* tussen die verskillende werkers verdeel.

Die glerigaard wil alles *inpalm* wat hy sien.

Toe hulle hoor van die vakansie, het die *kinders uitbundig* gejuig.

Ek kon nie wen nie, want my *mededinging* was te sterk.

Hulle stap in die tentoonstellingsgronde rond om die diere te *besigtig*.

'n Mens moet nie net besluite neem nie, maar jy moet die besluite *ten uitvoer bring*.

Ek het nie gekroom nie, maar *rondborstig* my mening uitgespreek.

Hy het lank voor my begin en het dus 'n groot *voorsprong* op my.

Dis *opvallend* dat so baie mense teenswoordig swak harte het.

Met so min ondersteuning moes die saak *op 'n mislukking uitloop*.

'n Mens moet rus; jy kan nie so *oor 'n boeg* werk nie.

Sy gedrag is *onberispelik*, want daar is geen fout hoegenaamd mee te vind nie.

Ek weet nie wat gaan gebeur nie, maar ek het 'n *voorgevoel* ons gaan wen.

Na 'n lang wandeling het ons *op die bestemde plek* aangekom.

Ek kon geen plan bedink nie, en toe kry ek skielik hierdie *ingewing* wat my dadelik deurhelp.

In die vliegkamp het baie mense *die lewe ingeskiet*.

Die man gee sy vrou elke maand 'n *toelaag* waarmee sy moet uitkom.

Nadat Piet sy vader soveel verdriet veroorsaak het, het hy hom *onterwe*.

Sake is nou *in so 'n warboel*, dat ek nie weet hoe om dit reg te kry nie.

Daardie mooi konsert was 'n *volslae* sukses.

Ek stel belang in die saak en wil my *gewig* by julle *ingoot*.

HOOFSTUK V

LEESTEKENS EN HOOFLETTERS

Leerlinge sal oplet dat wanneer ons praat, ons woorde nie in 'n onafgebroke, egalige toon vloei nie, maar dat daar ruspunkte en gedurige toonveranderinge voorkom: Wanneer iemand 'n vraag stel of iets in verbasing uitroep, verskil die toon van dié waarin 'n feit meegedeel word; wanneer 'n sin voltooi is, daal die stem en rus die spreker 'n oomblik voor 'n nuwe gedagte uitgespreek word. Die ruspunkte en stemveranderinge is hulpmiddels in die proses van gedagtebewoording en moet dus in die geskrewe taal ook vertolk word. Leestekens voorsien hierin.

Om vaste reëls neer te lê i.v.m. interpunksie is onmoontlik, omdat ons tot 'n groot mate op die gebied van die gevoel is, maar, omdat die korrekte gebruik van leestekens 'n dringende noodsaaklikheid is, as ons duidelik en juis gedagtes wil neerskryf, is 'n leidraad in verband hiermee noodsaaklik:

Die Punt gebruik ons:

1. Na 'n sin om aan te toon dat die gedagte voltooi is.
2. Na afkortinge: Kie., i.v.m., n.m., snw.

Die Komma:

Hierdie leesteken lewer die meeste moeilikheid op en word die meeste gebruik. Ons let op die volgende gebruike:

1. In die plek van die woordjie „en” om woorde en sinne saam te voeg: Jan, Piet en Klaas gaan saam. Hulle speel, sing en dans. Ons weet waar hy woon, wat hy doen en hoe hy lyk.
2. Voor of na die persoon wat aangespreek word (volgens die posisie van die woord in die sin): „Loop haal die perde, Jan.” „Jan, loop haal die perde.” Ek sê: „Gert, kom hier!”

3. Voor en na 'n bystelling, d.w.s. 'n woord of groep woorde wat ons iets meer van die woord waarop dit volg, vertel: Mnr. Smit, die prokureur, sal die saak bepleit. Klaas, die seun met die groot hond, is die enigste kind van sy ouers. Maar: Ons oom Danie kom môre. Alexander die Grote was 'n wêreldveroweraar.
4. Voor en na woorde wat in 'n sin ingevoeg word sonder om die bou van die sin te verander: „Onthou nou,” sê die onderwyser, „dat julle môre jul stelwerkboeke moet bring.” Hy is, om die waarheid te sê, glad nie geesdriftig vir die saak nie. Ek sou sê, om nie te lieg nie, dat hy twintig voëls geskiet het.
5. Na 'n byvoeglike bysin: Die man wat daar staan, is my oom. Die raket waarmee jy speel, is myne.
Die komma word ook voor die byvoeglike bysin gebruik in gevalle waar die sin dit verlang: Sy ouers het nie omgee nie, wat hom meer aanleiding tot losbandigheid gegee het.
6. Voor en na 'n bywoordelike bysin: Ek weier om die werk te doen, tensy jy my tegemoet kom. As jy kom, sal ek jou alles wys. Ons sal die vergadering bywoon, mits ons kan loop wanneer ons wil.
7. Tussen twee gesegdes: Toe hy daar kom, was ek al gereed. As jy wil, sal ek dit doen. Maar: Jy kan loop slaap, eer ek dit sal doen. Ons moet gaan eet.
8. Voor „want,” „maar,” „dog” (en soms „en”) as voegwoorde: Ek sal probeer, maar ek weet nie bra nie. Ons sal môre kom, want dit is nou al te laat. Maar: Ek wou maar sê. Waar „en” 'n newegesikhte hoofsin inlei, gebruik ons ook 'n komma voor die voegwoord: Piet werk, en Jan speel.
9. Tussen twee voegwoorde: Hulle weet dat, as hy nie nou kom nie, hy sal wegbly.

Voor 'n voorwerp- of gesegdesin gebruik ons geen komma nie: Hy sê dat hy môre kom. Hy is wat jy dink.

Wel gebruik ons die komma na 'n onderwerpsin. (Ons vind hier gewoonlik twee gesegdes langs mekaar): Dat hy vinnig hardloop, is 'n feit.

Ons moet baie versigtig wees om nie te veel kommas in 'n sin te gebruik nie, dit laat die sin stoterig klink.

Die Komma-punt:

Soos die naam aandui, val dié leesteken tussen die komma en die punt: Die rustydperk is langer as dié van 'n komma en korter as dié van 'n punt; ook is die sin wat die komma-punt voorafgaan feitlik voltooid, maar is daar tog 'n verband met die daaropvolgende sin. Let op die gebruik:

1. In newegesikhte sinne waar die voegwoorde „en,” „want” en „maar” weggelaat word: Ek sal kom; ek kan egter nie lank bly nie. Hy gaan; ek moet bly.
2. Voor sekere voegwoorde in newegesikhte sinne (sien die voegwoord): Hulle hou vakansie; daarenteë werk ons baie hard. Dit reën geweldig; desnietemin sal niks my keer om te gaan nie. Ek het baie vir hom gedoen; desondanks kan hy my nou nie eens help nie.

Die Dubbelpunt word gebruik:

1. Voor woorde of sinne wat 'n verklaring van die voorafgaande sin is. (Ons gebruik gewoonlik 'n hoofletter na 'n dubbelpunt):
 Ons glo: Eendrag maak mag.
 Moontlik steek daar waarheid in: Waar 'n rokie trek, brand gewoonlik 'n vuur.
 Verskillende wildediere was sigbaar: buffels, seekoele, olifante en ook leeus.
2. Voor 'n opsomming: Doen die volgende:
3. Voor 'n aanhaling: Hy sê: „Môre sal dit seker reën.”
 Moeder vra: „Wat gaan jy nou doen?”

Die Aanhalingstekens word gebruik:

1. Wanneer die direkte woorde van 'n persoon weergegee word: Luid roep hulle: „Help, ons vergaan!” (Let op hoe die tekens gemaak word en waar hulle staan.)
2. Wanneer ons woorde of gedagtes van iemand anders aanhaal: Soos Eugène Marais so treffend sê: „Die hoogste troef oor ál wat roer, is Skoppensboer.” Oom Hans sê die „goewermint” het hom gekul.
3. Wanneer name van tydskrifte of koerante of die titels van boeke of gedigte neergeskryf word: „Die Vlakte” is 'n alombekende gedig. Die meeste kinders teken in op „Die Jongspan.”

Wanneer daar 'n aanhaling binne 'n aanhaling voorkom, gebruik ons dit as volg: Hy sê: „Dit is die moeite werd om die vervolghverhaal in „Die Huisgenoot” te lees.”

As 'n aanhaling in 'n vreemde taal voorkom, bly die vorm van die aanhalingstekens onveranderd. „Mad about Music” is een van Deanna Durbin se mooiste prente.

Die Vraagteken:

Die benaming dui die gebruik van die teken aan: Wat is jou naam? Gaan jy nie saam nie?

Die Uitroepteken dui verbasing, verontwaardiging of 'n verhoogde gevoel aan: Maar moenie! Skande! Hoog met die vlag! Hy roep: „Vader!”

Die Hakies word gebruik waar 'n woord of woorde terloops ingevoeg word! Oom Gert (Piet se pa) sal self saamgaan. In die opstel (sien „Die Brandwag” van 7 Mei) sal jy alle besonderhede kry.

HOOFLETTERS

Ons weet almal dat elename, d.w.s. die name van persone, volkere, lande, dorpe, boeke, godsdienste, tydskrifte en die Opperwese met hoofletters geskryf word. Daar is egter 'n paar onduidelike gebruike wat ons nou wil nagaan:

1. Wanneer elename as soortname of byvoeglike naamwoorde gebruik word, skryf ons 'n kleinletter: *jobstrooster, duitse masels, egiptiese duisternis, rooi afrikaners, fransdruifwe, spaansriet, turksvye.*
2. Wanneer titels saam met die elenaam staan en daar geen voorletters gebruik word nie, skryf ons 'n hoofletter; anders nie: Professor Malherbe, maar professor F. E. J. Malherbe, Mev. le Roux, maar mev. J. S. le Roux.
3. Wanneer woorde as 'n elenaam of deel van 'n elenaam gebruik word, skryf ons die hoofletter: As jy vra, sal Pa ons laat gaan. Maar: My pa sal nooit ja sê nie. Sal Oom Piet my help? Maar: Sy oom het by hulle kom kuier.

4. By opskrifte word die vernaamste woorde met hoofletters geskryf: „'n Wiel binne in 'n Wiel.”
Die lidwoord word in 'n opskrif ook met 'n hoofletter geskryf: „Die Burger.”
5. Na die dubbelpunt volg 'n hoofletter: Hy roep: „Kom hier!” Sy leuse is: Wees getrou.
6. Nie alleen word die name van die Opperwese, maar ook alle verwysings na die Opperwese met hoofletters geskryf: Vader, ons vertrou dat U ons sal lei.
Waar afleidinge van die godheid gebruik word, kry ons kleinletters: christen, godsdiens, goddelik.

HOOFSTUK VI

IDIOME

Wanneer ons sê: „Agteros kom ook in die kraal” bedoel ons dat die stadigste ook wel sy doel bereik. Die betekenis van die sin lê dus dieper as die blote woorde vertolk. Sulke uitdrukkinge wat dan ook gewoonlik iets eiendomliks van die taal besit, omdat hulle groei uit die geskiedenis, tradisies en siel van die volk, noem ons idiome.

Leerlinge kan duidelik insien hoedat die ontstaan van die genoemde idioom teruggevoer kan word tot die plaaslewe, waar die boer oplet dat die stadigste os tog ook die kraal bereik en hy die begrip dan ook elders toepas. Aanvanklik word so 'n uitdrukking net in die bepaalde streek waar dit ontstaan het, gebruik, maar sodra dit alom bekend en gebruik raak, word dit by die idioomskat van die taal gevoeg.

Al ons idiome het egter nie 'n Afrikaanse oorsprong nie. Baie het saam met ons voorouers van oorsee gekom, ander is oorgeneem uit ander tale. Wat die laaste groep betref, onthou ons dat ook hier teen onsuiverheid moet gewaak word, deur alleen bestaansreg aan dié vreemdelinge waarvoor daar in Afrikaans geen geskikte plaasvervanger is nie, te gee. Ons sê dus nie dat ons *iemand se been trek nie*, maar wel dat ons *met iemand die gek skeer*, of dat *sy blaf erger is as sy byt* nie maar wel dat *blaffende honde nie byt nie*.

Hier volg 'n groep van die mees bekende idiome:

A.

Hy hamer altyd op dieselfde aambeeld = hy praat altyd oor dieselfde (onaangename) saak.

Daar is niks aan nie = dis maar maklik.

Hy het daar niks aan nie = dit beteken vir hom niks nie.

Dit kom daar nie op aan nie = dit maak nie saak nie.

'n Mens weet regtig nie waar jy aan of af is nie = 'n mens weet nie wat jou posisie is nie.

Jou aand- en mōrepraatjies stem nooit ooreen nie = jy praat nooit eenders nie.

Sy het twee aangesigte = sy is vals.

Hy staan hoog by my aangeskrewe = hy is in my guns.

Hy is hoog in aansien = hy word hoog-geag.

Die belediging is aan my adres gerig = die belediging is spesiaal vir my bedoel.

Hy het die kind 'n affak gegee = hy het die kind 'n onvriendelike, beledigende antwoord gegee.

Hy lyk afgerem = hy lyk baie moeg.

Hy het vir hom 'n agterdeur oopgehou = hy het vir hom 'n loskom-kans oopgehou in geval van moeilikheid.

Die agteros kom ook in die kraal = die stadigste bereik ook wel sy doel.

Dit was 'n vals alarm of riemtelegram = dit was 'n blote gerug.

Dit het baie aftrek gekry = dit het baie populêr geword.

Dit sal gebeur so seker as amen in die kerk = dit sal baie seker gebeur.

Hy het sy laaste asem uitgeblaas = hy het gesterf.

Sy sê op alles ja en amen = sy stem met alles saam, en kom nie met 'n eie mening voor die dag nie.

Hy steek nou sy voete onder 'n ander se tafel = hy het sy ouerlike woning verlaat en is van ander afhanklik.

Die appel val nie ver van die boom nie = die kind aard na sy ouer.

Ek het 'n appeltjie met jou te skil = ek wil jou eenkant neem en berispe.

Hy het dit vir 'n appel en 'n ei verkoop = hy het dit spotgoedkoop verkoop.

Hy wil ook 'n stuiwer in die beurs (of armbus) hê = hy wil ook iets te sê hê ('n noot in die psalm hê).

B.

Jy kry op jou baadjie (op jou bas, pas broek aan, kry streep-sulker, sal riemspring) = jy sal sla kry.

Hulle buig die knie voor Baäl = hulle word afvallig van die tradisies (politiek) en godsdiens van die vadere.

Hy het 'n hewige baan opgeskop = hy het 'n lawaai gemaak.

Sy het die besoek op die lange baan geskuiwe = sy het die besoek uitgestel.

Hy het hulle 'n poets gebak ('n kool gestowe) = hy het ten koste van hulle iets grappigs gedoen.

Hy is van bakboord na stuurboord gestuur = hy is van die een na die ander gestuur (sonder om iets te verrig).

Jy slaan die bal mis=jy misgis jou (lelik).

Jy moet die kind bandvat=jy moet die kind kortvat, streng teenoor die kind optree.

Moenie gedurig ou bene kou nie (ou koeie uit die sloot haal nie)=moenie gedurig ou, onaangename dinge ophaal nie.

Hy sal nog ou bene maak=hy sal nog oud word.

Hy is been-af op die meisie=hy is verlief op die meisie.

Hoekom lyk jy so bek-af?=hoekom lyk jy so moeg, moede-loos?

Sy gedrag spreek boekdele=sy gedrag is 'n sprekende bewys.

Dis maar 'n bakatel=dis maar 'n kleinigheid.

'n Goeie begrip het 'n halwe woord nodig=as iemand gou verstaan, is dit nie nodig om volledig te praat nie.

Jy maak 'n berg van 'n miershoop (jy maak van 'n muggie 'n olifant)=jy maak 'n grotigheid van 'n kleinigheid.

Nuwe besems veeg skoon=nuwe bediendes gee bevrediging.

Hy het ons goue berge beloof=hy het ons mooi beloftes gemaak.

Moenie so beskimmeld (verskimmeld) wees nie=moenie so beskroomd en teruggetrokke wees nie.

Jy moet nou 'n nuwe blaadje omslaan=jy moet 'n nuwe en beter lewe begin voer.

Hy staan in 'n goeie blaadje by die onderwyser=hy is in die onderwyser se guns.

Die oom steek (stoot) almal blad=die oom gee almal hand.

Blaffende honde byt nie=hy dreig meer as hy werklik doen.

In die land van die blindes is een-oog koning=onder onkundiges het een met 'n bietjie verstand baie te sê.

Waar bloed nie kan loop nie, daar kruip dit='n mens offer baie op vir jou bloedverwante.

Hy het 'n brander van die winkeller gekry=hy het 'n kwaai brief (oor skuld) van die winkeller gekry.

Hulle het die saak blou-blou gelaat=hulle het die saak (wat moes bespreek word) onbespreek gelaat (of nie afgehandel nie).

Die blouboontjies reën=die koeëls reën.

Nou is my blus uit=nou is ek baie moeg, uitgeput.

Moenie die bobbejaan agter die bult gaan haal nie=moenie 'n moelikhed tegemoet loop nie, jou kwel voor iets gebeur nie.

Ek sê niks; dis 'n geslote boek=ek sê niks; dis 'n geheim.

Jy moet jou ondervindinge te boek stel=jy moet jou ondervindinge neerskryf.

Hy het sy boermatriek gemaak=hy is aangeneem, lid van die kerk.

Jy het 'n bok geskiet=jy het jou lelik vergis, of jy lieg.

Die arme oujong is bokveld-toe (het lepel in die dak gesteek, die emmer omgeskop)=die arme oujong is dood.

Jy sal bokerf (noustrop) trek=jy sal swaar kry.

Hy is in die bol gepik (met die maan gepla, van lotjie getik, het 'n klap van die windmeul weg, het nie al sy varkies in die hok nie)=hy is half mal.

Hy het my 'n bril op die neus gesit=hy het my (lelik) bedrieg.

Builg die boompie, solank hy jonk is=vorm die kind se karakter solank hy nog klein is.

Ons het hom lekker om die bos (om die tuin) gelei=ons het hom lekker gefop.

Hy het in die botter geval=hy het 'n groot geluk oorgekom.

Dit is botter by die vis=dis kontant.

Hulle het dit nie breed nie=hulle het nie baie geld nie.

'n Ander se briewe (boeke) is duister om te lees='n mens verstaan moeilik 'n ander se sake.

Dit gaan maar broekskeur met hom=dit gaan maar moeilik met hom.

My broekspype het ghitaar gespeel=ek was geweldig in die nood.

Moenie nou probeer mooi broodjies bak nie=moenie nou op 'n mooi (vleierige) manier guns probeer verkry nie.

Ek kan dit nou onmoontlik bybring=ek kan dit nou onmoontlik regkry of bekostig.

D.

Die dief is op heter daad betrap=die dief is betrap terwyl hy gesteel het.

Daar kom dadels van=daar kom niks van nie.

Die gevangene is 'n deurtrapte skelm=die gevangene is 'n groot skelm.

Hulle wil my dit diets maak=hulle wil my dit wysmaak.

Die nuwe jong het die ander disnis geloop (gewerk)=die nuwe jong het die ander ver oortref.

Die doel heilig die middele=sels slegte middele mag aangewend word om 'n goeie doel te bereik.

Dit is my 'n doring in die oog (steek my dwars in die krop)=dit hinder my.

Hy gaan julle droogsit in sport en ook by die nôiens = hy gaan julle oortref in sport en gaan jul ook voor wees by die nôiens.

Hy is nog nie droog agter die ore nie (is somaar 'n snuiter, 'n kuiken) = hy is somaar nog 'n kind.

Ek het jou draad = ek weet wat jy van plan is om te doen.

Sy pa het hom goed deurgeloop = sy pa het hom 'n goele pak gegee.

Ek hou jou dop = ek kyk na jou.

Goele dinge is dun gesaal = goele dinge is skaars.

Die druiwe is suur = jy kan dit nie kry nie, nou vind jy kamtig fout daarmee.

Hou tog vir my duim vas = hou tog asem op dat ek sal slaag, wens my die beste toe.

Daar was 'n duisternis mense = daar was baie mense.

Ledigheid is die duiwel se oorkussing = ledige mense doen maklik kwaad.

Gee die duiwel wat hom toekom = al kan jy hom hoeveel kritiseer, moet jy erken dat *dit* in sy guns is.

E.

Dis water op 'n eend se rug = die vermaning help niks; dit sterk hom nog in sy kwaad.

Ek wil liewer 'n halwe eler hê as 'n leë dop = ek wil liewer net 'n gedeelte hê as heeltemal niks.

Hy lig die elmboog (soen vir langnek-Kaatjie, soen die mannetjie met die kurkloed, loop deur die wingerd, slaan 'n Hotnotjie dood, drink kromhoutsap) = hy drink te veel.

Hulle verlang nou terug na die vleispotte van Egipte = hulle verlang terug na vroeër en beter dae.

F.

Sy is vol flemies = sy is vol aanstellings.

Hy het my geflous = hy het my gefop, uitoorlê.

G.

Hy ja ganse aan (loop twee rye spore, is aangeklam, is aan, is hoog veertien, is stukkend, die korrels werk met hom, hy en die leeu was deurmekaar) = hy is dronk.

Jy is gansenaar, gansgar (ganskar) verkeerd = jy is heeltemal verkeerd.

Sy sal hom gou 'n gat in die kop praat=sy sal hom gou ompraat om dit te doen.

Hy is kort gebaken, sy hempie is kort, hy is kort van draad=hy word gou kwaad.

Alte goed is buurman of ander man se gek=as jy te goed is, maak mense misbruik daarvan.

Ons het die geelbaadjie (geelpak) aan=ons is jaloers.

Jy sal die gelag moet betaal (die spit moet afbyt)=jy sal die verantwoordelikheid en moeilikheid later alleen moet dra.

Die geld groei nie op vader se rug nie=vader kom ook maar swaar aan sy geld.

Die ou man moet nou genadebrood eet=die ou man is te oud om te werk en moet verniet kos kry.

Ons sal in die vervolg geregtelike stappe doen=ons sal in die vervolg na die hof gaan om geregtigheid te kry.

Wie in gla(a)shuise woon, moenie klipbers gooi nie=diegene wat dieselfde fout het, moenie kritiseer nie.

Die sieke het die gees gegee=die sieke het gesterf.

Moenie gras onder jou voete laat groei nie=jy moet onmiddellik en geesdriftig te werk gaan.

Daar is 'n slang in die gras=daar is onraad, daar skuil iets agter.

Die kind is so 'n grensballe=die kind huil so baie.

Hy is nou 'n graswewenaar=sy vrou is tydelik weg.

H.

Die huisie staan op die kaal, haal vlakke=die huisie staan op die groot, verlate vlakke.

Geen haan sal daarna kraai nie='n mens sal nooit weer daarvan hoor nie.

Jy's darem 'n ou haan ('n doring, pure perd)=jy het dit darem goed gedoen.

Hy hou hom vreeslik haantjie=hy is parmantig, hy staan sy man (is gereed om te twis).

Hoe meer haas, hoe minder spoed=hoe haastiger jy is, hoe minder voer jy meestal uit.

Sy steek nie haar hande in kou(e) water nie=sy doen niks nie, is lui en op haar gemak.

Hy is 'n halfnaatjie=hy is 'n baster.

Sy het my hand en mond belowe=sy het my baie beslis belowe.

Jy kan nie yster met hande breek nie=jy kan nie die onmoontlike doen nie.

Sy sit met die hande in die hare=sy weet nie wat om te doen nie.

Niemand kan sy hand hou nie=almal is ver benede hom (in arbeid).

Ons sal hom onder hande moet neem=ons sal hom onder (streng) behandeling moet neem.

Hy het die hef in hande=hy het die mag.

Daar haper iets=daar makeer iets.

Hy het harde korsies afgebyt=hy het swaar gekry.

My hart sink in my skoene=my moed begeef my.

Die perd wat die hawer verdien, kry dit nie=die persoon wat die beloning verdien, kry dit nie.

Ons het net vir 'n heen-en-weertjie gekom=ons het net vir 'n oomblik gekom.

Ek sal hemel en aarde beweeg=ek sal alles in my vermoë doen.

Hy smeer net heuning om jou mond=hy vlei jou.

Ek hink al op twee gedagtes=ek kan nie tot 'n besluit kom nie.

Jy kan jou hoed vir hom afhaal=jy kan hom bewonder.

Jy kan jou hoed agterna gooi=jy kan baie bly wees daaroor.

Jy sal daarmee nie hond haar-af maak nie=jy sal daarmee niks uitvoer nie.

Ons is nou oor die hond=ons is nou oor die ergste.

As jy 'n hond wil slaan, kry jy maklik 'n stok=as jy iemand wil kritiseer of benadeel, kry jy maklik 'n oorsaak.

Honger is die beste kok (sous)=as jy honger is, smaak alles lekker.

Hy maak 'n moordkuil van sy hart=hy spreek nie uit wat in sy gemoed omgaan nie.

Die kinders neem die huls op horings=die kinders raas baie.

Die armlankes bly houthakkers en waterputters=die armlankes bly diensknegte.

I.

Sy het my lelik ingeklim=sy het my lelik sleg-gesê.

Ek sal vir die waarheid van sy bewering instaan=ek sal waarborg dat sy bewering waar is.

Dit kan ek nie insien nie=dit kan ek nie verstaan nie.

J.

Hy is mal Jan onder die hoenders = hy is een man onder baie dames.

Sy het jakopeweroë = sy het uitpeuloë.

Is jy 'n vreemdeling in Jerusalem? = weet jy dit wat ons almal weet, nie?

Elkeen staan vir sy eie jukskel = elkeen moet sy eie verantwoordelijkheid nakom.

Jy moet begin by Jerusalem = jy moet by jou eie begin.

K.

Ek het hom kaalkop die waarheid gesê = ek het hom prontuit die waarheid gesê.

Hy speel oop kaarte = hy gaan eerlik te werk, sê openlik wat gaande is.

Dit is 'n deurgestoke kaart = dit is 'n afgesproke, beklonke saak.

Jy sal 'n kafferpak kry = jy sal 'n groot pak kry.

Die kalf is verdronke (die koeël is deur die kerk) = dit is klaar gedoen.

Ek is nie onder 'n kalkoen (skilpad, volstruis) uitgebroei nie = ek is nie so dom soos ek lyk nie.

Jy moet hom kapittel (roskam, die kop was, voor stok kry, die Leviete voorlees) = jy moet hom ernstig berispe.

Sy moet altyd die kastalings uit die vuur krap = sy moet altyd die moeilike, onaangename werk vir 'n ander doen.

As die kat weg is, is die muis baas = as die baas weg is, doen die onderhoriges net wat hul wil.

Ek weet daarvan soveel soos 'n kat van saffraan ('n aap van godsdiens) = ek weet daar niks van nie.

Hy sal jou maklik kaf (disnis) loop = hy sal jou wen, oortref, oorweldig.

By hom kan ek nie kers vashou nie (sy skoenriem kan ek nie ontbind nie, in sy skaduwee kan ek nie staan nie) = hy oortref my ver.

Ons is kiet = ons skuld mekaar niks meer nie.

Dis vir my 'n klap in die gesig = dis vir my 'n belediging.

Dit kan ek nie kleinkry nie = dit kan ek nie begryp nie.

Ek sal vir jou ook 'n klip uit die pad rol = ek sal vir jou ook 'n guns bewys.

Jy het die klok hoor lui maar weet nie waar die bel hang nie=jy weet so iets daarvan, maar nog nie waarom alles gaan nie.

Hy bak nou kluitjies (skiet spek)=hy lieg nou.

Hulle eet van koerland se vleis=hulle is baie lui.

Hy het sy kop in 'n bynes gesteeke=hy het hom in 'n moeilikheid gedompel.

Sit sy kop tussen sy ore=sit hom op sy plek.

Nou gee jy kopskote=nou gee jy rake antwoorde.

Hy gaan die kreeftegang=hy gaan agteruit.

L.

Die mied staan in ligte laaie=die mied is aan die brand.

Moenie jou lyf wegsteek nie=moenie fop by die werk nie.

Dit lyk of hy 'n laaistok ingesluk het=hy is baie styf of ongesellig.

Dis so lank as dit breed is=dit is om die ewe.

Dis somaar twak=dis somaar onsin.

Ek ruik lont=ek gewaar onraad.

Hy is 'n egte ou lunsriem=hy is 'n smerige vent, 'n takhaar, 'n ghwar.

M.

Hy is 'n mandoor=hy is 'n leier, 'n opsigter.

Laat ons die inwendige mens versterk=laat ons eet.

Sy praat hom so na die mond=sy praat soos hy dit wil hê, sy vlel hom.

Ek het haar die mond gesnoer=ek het haar die stilswye opgelê.

Moenie jou mond verby praat (verbrand) nie=moenie iets sê wat jy nie moet sê nie.

Nou is ek in die middel van die wêreld=nou is ek radeloos, weet ek nie wat om aan te vang nie.

Haar kop is vol muisneste=haar kop is vol gedagtes aan die teenoorgestelde geslag.

As die muis dik is, is die koring bitter=as jy genoeg geëet het, smaak die kos nie meer lekker nie.

Klein muisies het groot ore=kinders lulster fyn.

N.

Hy het 'n draad vir elke naald=hy het altyd 'n antwoord gereed.

Dit sal hom die nekslag toedien=dit sal hom heeltemaal oorwin of oorrumpel.

Ek het 'n snuf in die neus=ek bemerk onraad.

Met hom is dit neusie verby=dit het hom misluk (en hy kan dit nie nou doen nie).

Wie sy neus skend, skend sy aangesig=wie sy familie benadeel, benadeel homself.

Druk op sy nommer=roep hom, sê hom om dit te doen, praat hom aan.

Dit is van nul en geen waarde=dit beteken absoluut niks.

O.

Dit is olie in die vuur=dit vererger die saak.

Sy loer al oor die onderdeur=sy soek al man, kyk of daar nie vryers aankom nie.

Die smous het hom onderdeur gespring=die smous het hom bedrieg.

Die fout is baie in-die-oog-lopelend=die fout is baie opmerklik.

Uit die oog, uit die hart=sodra iemand uit die gesig is, word hy vergeet.

Hy is sy vader se oogappel=hy is sy vader se besondere gunsteling.

Die toneelgeselskap maak opgang=die toneelgeselskap gaan vooruit.

Hy sal altyd opkom vir sy vriende=hy sal altyd party kies vir sy vriende.

Moenie die ore laat hang nie=moenie mismoedig wees nie.

Die winkelier het hom die vel oor die ore getrek=die winkelier het hom te veel laat betaal.

Moenie jou ore uitleen nie=moenie na allerhande praatjies luister nie.

Dit gaan orrelstryk met my=dit gaan baie goed met my.

P.

Die oujong dra paljas=die oujong toor.

Moenie jou pèrels vir die swyne werp nie=moenie mense wat dit nie kan waardeer nie, vermaan nie; moenie jou talent gee vir mense wat dit nie kan waardeer nie.

As dit pap reën, moet jy skep=as die kans kom, moet jy daarvan gebruik maak.

Hy is regtig 'n papbroek=hy is regtig 'n lafaard.

Jy probeer nou jou ouma die papepel leer vashou=jy probeer nou iemand leer wat meer as jy van die saak weet.

Jy oorskry nou die perke=jy gaan nou te ver.

Moenie 'n presentperd in die bek kyk nie=moenie 'n geskenk kritiseer nie.

Hulle het kort proses gemaak met die skelms=hulle het die skelms oorrompel (streng opgetree teenoor hulle).

Nou sit ons met die gebakte pere=nou is ons in die moeilikheid (na die verkeerde daad).

Wil jy ook 'n noot in die psalm hê (ook 'n stuiwer in die armbus hê)?=wil jy ook iets te sê hê?

Ek verkoop dit vir dieselfde prys waarvoor ek dit gekry het=ek vertel dit vir net soveel waarheid soos ek dit gehoor het.

R.

Die jongste kind is 'n rabbedoe (robbedoe)=die jongste is 'n baie woelige kind, 'n dogter met seunmaniere.

Ek het 'n renons in hom ('n hekel of die land aan hom)=ek is afkerig van hom.

Die klonkie het die rieme neergesit (die takke ingesit, die wêreld geskeur, laat spaander, laat spat)=die klonkie het die loop geneem.

Hulle rinkink (ravot, kattermaal) nou dat hul kans kry=hulle baljaar, gaan te kere nou dat hulle kans kry.

Rome is nie in een dag gebou nie='n groot werk kom nie in een dag tot stand nie.

Dis 'n hele roesemoes=dis 'n hele verwarring.

Daar is nooit 'n rook nie of daar brand 'n vuurtjie=in elke skinderpraatjie is daar 'n greintjie waarheid.

Vra hom; sy rug is breed=vra hom; hy kan baie laste dra.

Sy het rûensagteroor (reunsagteroor) geslaan=sy het heeltemal agteroor geslaan.

S.

Hy is deur 'n jonger man uit sy saal gelig=hy is deur 'n jonger man van sy pos beroof.

Dis 'n hele sabbatsreis hiervandaan=dis 'n hele afstand hiervandaan.

Die twee klonkies het slaags geraak=die twee klonkies het gebaklei.

Jy moet eers 'n sak sout met hom saam opeet=jy moet eers baie ondervindinge met hom saam opdoen voor jul mekaar goed leer ken.

Meng jou met semels, dan vreet die varke jou=slegte geselskap benadeel jou baie.

Waarom trek julle die kind se siel so uit?=Waarom terg, versondig julle die kind so?

Jy kry sleg-sous (sleg-sop) en braalboud=jy kry sla.

Sy lyk soos 'n nuwe sikspens=sy lyk netjies en windmaker.

Toe, sito-sito=toe, gou-gou.

Skededel nou=loop, of gaan nou weg.

Hy het 'n bek (tong) soos 'n skeermes (is goed van die tongriem gesny, nie op sy mond geval nie, gee nie sy mond verniet kos nie)=hy is wel ter tale.

Skoenmaker hou jou by jou lees=bepaal jou by jou eie vak, gebied.

Ek weet waar die skoen my druk=ek weet waar my moelikhed lê.

Hy is nou skoonveld=hy is nou weg.

Jy soek skoor, nè?=jy soek twis, nè?

Van sit rook die skoorsteen nie=deur te sit sal jy niks gedoen kry nie.

Jy moet die skouer aan die wiel sit=jy moet kragtig, daadwerklik optree.

Daar is lewers 'n skroef los=daar is lewers iets verkeerd.

Hy hou my aan 'n sleeptou=hy hou my aan 'n lyntjie.

Hy is met snaar en stramboel (tamboer) vort=hy is te voet vort.

Hy kan nie sien dat die son in 'n ander se water skyn nie=hy is afgunstig.

Die son trek al water=dit word al laat.

Moenie alles vir soetkoek opeet nie=moenie alles glo nie.

Toemaar, spotter se huis brand ook=toemaar 'n spotter kom ook in die verleentheid.

Die werkgewer het hom stiefmoederlik behandel=die werkgewer het hom sleg behandel.

Jy skop net stofwolke op=jy raas baie en voer min uit.

Sy sit op die stopland (stoppeland) of op die rak=sy is 'n oujongnôl.

Dit sal jou nog suur bekom=jy sal daarvoor nog boet.

Een swael maak nie somer nie=een persoon kan nie veel verrig nie.

In die sweet van jou aangesig sal jy jou brood eet=jy sal baie swaar 'n bestaan maak.

Hy vlleg altyd saam met die swerm=hy gaan altyd met die meerderheid saam.

T.

Hy eet met lang tande=hy eet teensinnig.

Hy wys gou sy tande (sy maanhaar rys gou)=hy word gou kwaad.

Sy kan maar haar testament laat maak=sy sal doodgaan.

Die rok is vol tierlantyntjies (fietertjies)=die rok is vol onnodige versierseltjies.

Moenie op jou tone laat trap nie=staan jou man.

Die beste touleier sit op die voorbok (die beste stuurman staan aan wal)=diegene wat niks met 'n saak te doen het nie, kritiseer die beste.

Daar moet 'n trekpleister wees=daar moet iemand wees wat aantrek.

Jou twak is nat=jy gaan dit nie regkry nie.

U.

Jy sit daar soos 'n ull op 'n kluit=jy sit daar so eensaam; hoog en droog.

Jy moet uitskel met jou grappe=jy moet ophou met jou grappe.

Hy het sy mededingers uitgestof=hy het sy mededingers gewen.

Vader gaan eers 'n uiltjie knip (knap)=vader gaan eers 'n bietjie slaap.

V.

Bly uit my vaalwater (vaarwater)=bly uit my gebied (anders bots ons).

Leë blikke maak die meeste geraas (veel geskree maar weinig wol)=hoe groter die mond, hoe minder word uitgerig.

Jy pronk met 'n ander se vere (ploeg met 'n ander se kalf)=jy kry eer vir iets van iemand anders wat jy gebruik.

Ver van jou goed, naby jou skade=as jy afwesig is, word jy benadeel.

Jy het die stuk werk verfoes=jy het die werk verknoei.

Ek sukkel om jou dit aan die verstand te bring=ek sukkel om jou dit te laat verstaan.

Hy het sy woord verpand=hy het sy woord van eer gegee.

Gee hom die vinger dan neem hy die hele hand=hy maak misbruik van die vryheid (hulp) wat jy hom gee; hy neem (verwag) meer as hom toekom.

Lekker is maar 'n vinger lank=plesier is maar kort van duur.

Die bediende het lang vingers=die bediende is geneig om te steel.

Hy het sy vinger op die wond gelê=hy het presies aangetoon waar die moeilikheid is.

Hy het die mistrap deur die vingers gesien (oogluikend toegelaat)=hy het toegelaat dat die mistrap gebeur, sonder om iets te doen.

Hy speel eerste viool=hy het die meeste te sê.

Hulle het die vlag gestryk=hulle het hul gewonne gegee (kopgegee).

Ek het twee vlieë in een klap geslaan=ek het twee dinge deur een daad gedoen gekry.

Daar's 'n vlieg in die salf=daar is 'n onaangenaamheid wat die saak bederf.

Jy moet jou nou gou uit die voete maak=jy moet nou gou maak dat jy wegkom, vlug.

Ons het so 'n voëltjie hoor fluit ('n windjie hoor waai)=ons het so-iets gehoor.

Vandag moet jy die beste voet voorsit=vandag moet jy die beste indruk probeer maak.

Hy het blykbaar met 'n verkeerde voet uit die bed geklim=hy het blykbaar in 'n slegte bui opgestaan.

Ek weet presies hoe die vurk in die steel steek=ek weet presies hoe sake staan.

Hy is darem 'n voëlverskrikker=hy is darem baie lelik.

W.

Dis 'n vreeslike voor-op-die-wa skepsel=dis 'n vreeslike vry-postige skepsel.

Hy sal nooit warm by die water kom nie=hy sal (goed) sorg dat hy hom nooit vermoei nie.

Hulle sit daar warmpies (goed) in=hulle is welgesteld.

Ek laat nou maar Gods water oor Gods akker loop=ek laat sake nou maar hul gang gaan.

Jy het nou vir wolf skaapwagter gemaak=jy het nou 'n onbetroubare persoon die verantwoordelijkheid gegee.

Sy is 'n wolf in skaapsklere=sy lyk uiterlik onskadelik, maar sy is in werklikheid gevaarlik.

Jy het buiten die waard gereken=jy het jou misgis.

Hy hou darem nog die kop bo water=hy sorg dat hy net nie ten onder gaan nie, dat hy net lewe.

Goeie wyn het g'n krans nodig nie='n goeie saak het geen advertensie nodig nie.

Y.

Smee die yster solank dit warm is=pak die saak aan solank dit nog fris in die geheue is.

Hy ry nou 'n ysterperd—hy ry nou fiets.

Na die ys gebreek is, het die gesprek gevlot=na die moeilike gesprek eers begin is, het dit gevlot.

Idiome en Rym:

Dit is opmerklik hoe baie idlome rymklanke bevat. Hier volg nou voorbeelde waar *die beginklanke rym*. (Geleerdes noem dit alliterasie):

Arbeid adel=werk maak 'n mens edel.

Hulle bak en brou soos hulle wil=hulle maak nou net soos hulle wil.

Dit gaan so tussen die boom en die bas=dit gaan middelmatig.

Ek is vandag belas en belade=ek is vandag vol sorge.

Hy het my bedrieg sonder om te blik of te bloos=hy het my bedrieg sonder om hom te skaam.

Ons sal dit doen, buie of bars=ons sal dit doen, wat ook al gebeur.

Ek sal by jou staan deur dik en dun=ek sal by jou staan, of dit moeilik of maklik gaan.

Jy verdien dit dubbel en dwars=jy verdien dit in alle opsigte.

Ons moes douvoordag opstaan=ons moes vroeg opstaan.

Hy het gesteweld en gespoord daar aangekom=hy het fyn uitgedos daar aangekom.

Die gewoonte maak die gewente = die gewoonte word tweede natuur.

Nou is die gort gaar (die koeël is deur die kerk) = die saak is nou beklonke.

Hy lewe van gunste en gawe = hy lewe van wat die mense hom gee.

Hy het hulle hot en haar beveel = hy het hul links en regs beveel.

Hy het kind nog kraal = hy het hoegenaamd niks.

Dis klaar met Kees (die gort is gaar) = dis klaarpraat.

Hy het kort maar kragtig geantwoord = hy het kort maar pittig geantwoord.

Ek staan kant en klaar = ek staan heeltemal gereed.

Daar is lekkernye te kus en te keur = daar is baie lekkernye.

Ons het lief en leed saam deurgemaak = ons het soet en suur saam deurgemaak.

Die kind is sy lus en lewe = die kind is sy alles.

Die skip het met man en muis vergaan = die skip het met almal aan boord vergaan.

Ek weet daarvan so min as die man in die maan = ek weet daar niks van nie.

Daar sal paal en perk aan hul vryheid gestel moet word = hulle vryheid moet beperk word.

Hy het die seun pimpel en pers geslaan = hy het die seun bont en blou geslaan.

Hulle sit pens en pootjies in die bed = hulle sit met voete en al (met skoene en klere) in die bed.

Alles is in rep en roer = alles is deurmekaar.

Rus roes = van te veel rus versleg 'n mens.

Deur skade en skande word 'n mens wys = deur sware onderlinge doen 'n mens wysheid op.

Die vyand het sonder slag of stoot oorgegee = die vyand het sonder weerstand oorgegee.

Hy sprak geen sprook = hy sê niks.

Ons kon hom met stokke en swaarde nie wegkry nie = ons kon hom met geen mag ter wêreld wegkry nie.

Dit gaan maar met stampe en stote = dit gaan maar sukkelend.

Jy is nooit tevrede nie; dis altyd sus en so = jy is nooit tevrede nie; dis altyd hier te kort en daar te lank.

Ons het taal nog tyding van hom ontvang = ons het niks van hom gehoor nie.

Jy sal nog trane met tuite hull=jy sal nog bale hull.

Hy is vis nog vlees=hy kies nie openlik party nie.

Hy is vuur en vlam vir die saak=hy is bale geesdriftig vir die saak.

Ons het wel en wee saam deurleef=ons het lief en leed saam deurgemaak.

Ons wik en weeg nog=ons prakseer nog heen en weer voor ons besluit.

Hy het hulle gou wild en wakker geskree=hy het hulle gou rond geskree.

In die volgende voorbeelde rym die slotklanke:

Amper is nog nie stamper nie=dis amper, maar nog nie heeltetal nie.

Ek sal jou met raad en daad bystaan=ek sal jou van hulp en raad bedien.

Ons sal met dapper en stapper vertrek=ons sal te voet vertrek.

Elke hart het sy smart=elke mens het sy moellikheid.

Hy sal hulle met hand en tand beveg=hy sal hulle met alle mag beveg.

Sy handel en wandel laat niks te wense oor nie=met sy doen en late is niks verkeerd nie.

Jy kry net stank vir dank=jy kry ondank i.p.v. dank.

Sy het met sak en pak vertrek=sy het met alles wat sy het, vertrek.

Dit word hoe later hoe kwater=dit word hoe later, hoe beter.

Hy praat nou land en sand aanmekaar=hy hou aan met praat sonder ophou.

Dis nie handvol nie, maar landvol=dis nie min nie, maar volop.

Moenie so van die hak op die tak spring nie=moenie so van die een punt (of onderwerp) op die ander spring nie.

Hy is 'n ou kalant, lank in die land=hy is 'n ou vabond, 'n geslepe persoon.

Hoe kaler, hoe rojaler=hoe armer, hoe spandabelriger.

Hy is maer maar daar=hy is maer, maar pure man.

Mooiheid vergaan, maar deug bly staan=deug alleen vergaan nooit nie.

Hy was eers baas, maar nou Klaas=hy was eers die baas, maar is nou 'n bediende (mindere).

Hy is gou by die bak maar lui by die vak=hy is gou om te eet, maar stadig om te werk.

Jakkals verander van hare maar nie van snare nie='n skelm mens verander wat uiterlike betref, maar nie innerlik nie.

Haastigheid is lastigheid (hoe meer haas, hoe minder spoed)=hoe haastiger jy is, hoe minder voer jy gewoonlik uit.

Praatjies vul nie gaatjies nie='n gepraat sonder dae verrig niks nie.

Hy kla steen en been teen die behandeling=hy kla baie teen die behandeling.

Hy is herwaarts en derwaarts gestuur=hy is hiernatoe en daarnatoe gestuur.

Ek moes teen heug en meug gaan=ek moes teen wil en dank gaan.

Hoe geleerder, hoe verkeerder=hoe geleerder, hoe onverstandiger dikwels.

Die poeding smaak na teer; ek lus nog meer=die poeding is so lekker dat ek nog wil hê.

Erfgeld is swerfgeld=geld wat geërf is, word gou uitgegee.

Elke gek het sy gebrek=elke mens het sy tekortkoming.

Les bes=dit is die laaste, maar nie die minste nie.

Ek meneer en jy meneer, wie sal dan die wa moet smeer=as almal net hoë posisies beklee, is daar niemand wat die handewerk doen nie.

Woorde wek; voorbeelde trek=met jou gedrag oefen jy meer invloed uit as met jou woorde.

Son in die weste, lulaard op sy beste=as dit laat word, is die lulaard die fluksste.

Sy is vreeslik eksie-perfeksie=sy is vreeslik presies en net.

Besin eer jy begin=dink voor jy begin.

Hy lieg en bedrieg om elke draai=hy is gedurig oneerlik.

Dis vinkel en koljander; die een is soos die ander=dis maar eenders.

Hy is kort en dik en ongeskik=hy is baie geset.

Hy hiet en gebied almal=hy order (beveel) almal links en regs.

Jy moet leer om die koffie te drink soos die kan dit skink=jy moet leer om met iets tevrede te wees soos jy dit ontvang.

Hy is tingerig maar dwingerig=hy is klein van persoon, maar kan sy man staan.

Al dra 'n aap 'n goue ring, hy bly tog maar 'n lelike ding=lelike mense word deur geen versiersel mooi gemaak nie.

Die mens wik; God beskik = die mens oorweeg om dinge te doen, maar God bestier al ons weë.

Dis laaste sien van die blikkantien = jy sal hom (dit) nooit weer sien nie.

Donkerwerk is konkelwerk = jy knoel as jy in die donker werk.

Hulle het romp en stomp verkoop = hulle het alles verkoop.

Geld wat stom is, maak reg wat krom is = geld bedek baie tekortkominge.

Van die hand tot die mond val die pap op die grond = jou planne word dikwels verydel, wanneer jy byna jou doel bereik het.

Na vrolikheid kom olikheid = na plesier kom soms treurigheid.

Die stoele staan rond en bont in die kamer = die stoele staan orals rond in die kamer.

Hoe kaler jonker, hoe groter pronker = hoe kaler, hoe windmakerder.

Hy is 'n man van toet, was hy beter dan was hy goed = hy is 'n niksbeduidende persoon.

Hoe rooier, hoe mooier (oulap se rooi maak mooi) = rooi trek aandag.

Plesier is nes 'n jong komkommer; pluk jy hom, verlep hy sommer = plesier vergaan baie gou.

Die treine is tjok en blok = die treine is stampvol.

Bitter in die mond maak die hart gesond = onaangename dinge is dikwels goed vir jou karakter.

Boontjie kry sy loontjie = 'n mens kry gewoonlik jou straf of loon.

Die een se dood is die ander se brood = die een se ondergang is die ander se vooruitgang.

Die bruid is in die skuit; nou is die mooi praatjies uit = na die huwelik praat mense gewoonlik nie so mooi soos daarvoor nie.

Jakkals trou met wolf se vrou = die son skyn, terwyl dit reën.

Eers die koutjie, dan die vROUTjie = eers die huis en dan die vrou.

Die môrestond het goud in die mond = soggens vroeg voer jy baie uit.

Hoekom sit jy so hoog en droog daar? = hoekom sit jy so sedig en eensaam daar.

Hy het goed en bloed opgeoffer vir sy vaderland = hy het alles opgeoffer vir sy vaderland.

Elke huis het sy kruis = elke huis het sy moeilikheid.

Hulle moes met huidjie en muidjie laat vat=hulle moes met alles laat vat.

Hulle is van voedsel en deksel voorsien=hulle is van kos en klere voorsien.

Jy moet onderskeid maak tussen myn en dyn=jy moet onderskeid maak tussen myne en joue.

Vra is vry en weier daarby=jy mag enige ding vra, maar mag dit ook enige tyd geweier word.

Sit die tering na die nering=lewe volgens jou inkomste.

Idiome deur die volk geskep:

Omdat ons taal uit Nederlands ontwikkel het, is baie van ons idiome van Nederlandse oorsprong. Hier volg nou egter 'n aantal van suiwer Afrikaanse oorsprong wat langsamerhand algemeen in gebruik gekom het:

Dis nie altemit nie=dis absoluut seker.

Ons speel op 'n akkoord=ons speel lekker.

Hy is 'n ongepoetste aartappel=hy is 'n onbeskofte vent.

Dis nou maar 'n boek=dis nou maar seker.

Hulle het die jong die dood op die lyf geja met die spook=hulle het die jong geweldig laat skrik met die spook.

Dis tot daarnatoe=dit maak nie verder saak nie.

Die vrou dra die broek=die vrou is die baas.

Hy het my een-maniem gekul=hy het my al die tyd gekul.

Moenie sulke esse gooi met die wa nie=moenie sulke draaie maak met die wa nie.

Hulle het geld lank=hulle het baie geld.

Hoekom is jy nou so inkoejawel (inkokkewiet, inskottel)?=hoekom beteken jy nou so min?

Is jou pa 'n glasmaker?=ek kan nie deur jou sien nie (jy staan in my lig of son).

Hy het grond gekoop=hy het geval.

Moenie so inkrul by die onderwyser nie=moenie so die onderwyser se guns probeer soek nie.

Toe ek my kom kry, was dit al donker=toe ek bewus word, was dit al donker.

Die motor het hom so hittete omgery=die motor het hom byna omgery.

Sy gō is skoon uit=hy is flou.

Ek wil hoeka nie gaan nie=ek wil buitendien (reeds) nie gaan nie.

Hy het hom maklik kis geloop=hy het hom maklik oorrompel.

Nou is dit klaarpraat=nou is daar niks meer aan te doen nie.

Nee, dit gaan so op 'n manier=nee, dit gaan nie te sleg nie en nie te goed nie.

Jy vat die woorde uit my mond=ek wou dit net sê; nou sê jy dit.

Jy sal dit nooit maak nie=jy sal dit nooit regkry nie.

Sy oë is groter as sy maag=hy het meer kos geskep as hy kan eet.

Môre-oormôre het jy weer vergeet=een van die dae het jy weer vergeet.

Dis maar klaar=dis seker.

Jy moet hom maar naald steek dat ons kom=jy moet hom maar voorberei vir ons koms.

Sy het nie 'n lui haar op haar kop nie=sy is baie fluks.

Hy gooi my dit altyd voor die kop=hy verwyf my dit altyd.

Dit kos 'n oulap en 'n bokstertjie=dit kos maar baie min, 'n kleinigheid.

Hy wil dit opsluit hê=hy wil dit beslis hê.

Jy sal nog 'n lelike pyp rook=dit sal jou nog suur bekom.

Hy het baie pitte=hy het baie geld.

As dit waar is, sal ek hom (bloots) ry=as dit waar is, sal ek hom dit laat ontgeld, gewaar, boet.

Ek weet dat dit een skoot gebeur het=ek weet dat dit een slag gebeur het.

Jy moenie nou laat sleglê nie=jy moet jou teësit, doen wat jy kan.

Jy moet dadelik trap (laat vat)=jy moet dadelik loop.

Ek sal dit enige tyd (dag) doen=ek sal dit graag doen.

Jy moet nou uitskei daarmee, hoor!=jy moet nou ophou daarmee, hoor!

Hy is so uitgeslaap; julle sal hom nie gou vang nie=hy is so geslepe; julle sal hom nie gou vang nie.

Hy is darem nie vandag se kind nie=hy is al gevorderd in jare.

Jy moet jou voete optel, as jy betyds wil wees=jy moet gou loop, as jy betyds wil wees.

Die halssnoer het voete gekry=die halssnoer het weggeraak.

Hy het somaar uit wans uit saamgestem=hy het sommer uit die staanspoor uit saamgestem.

As ek dit wel het, gaan hul môre = as ek my nie misgis nie gaan hul môre.

Leerlinge sal seker al opgelet het dat daar in afsonderlike streke uitdrukkinge is wat eie is aan die bepaalde omgewing en veral net deur die mense daar gebruik word. Ons dink bv. aan die volgende:

Dit was omtrent mooi = dit was baie mooi.

Hy was nie bletjie snaaks nie = hy was baie snaaks.

Ek het nie ooghare daarvoor nie = ek het nie lus daarvoor nie.

Dit sal nie 'n vaalkol maak nie = dit sal nie saak maak nie.

Hy hou hom asvaal = hy maak asof hy niks van die saak weet nie.

Hy is omgeëllie (om, omgekrap, omgesukkel) = wat hy doen, doen hy besonder goed.

Dit was nie somaarso nie = dit was die moeite werd.

Dis kos vir my = dis waarvan ek hou.

Jy moet kophou = jy moet kalm bly.

Smeer jou lyf maar vet = maak jou maar klaar vir 'n pak.

Opskud = maak gou!

Leerlinge sal dit interessant vind om hierdie lys aan te vul met uitdrukkinge eie aan hul streek.

Namate sulke uitdrukkinge wyer bekend raak, word hul meer en meer eie aan die algemeen-gebruikte taal en algaande groei ons idloom-skat aan.

HOOFSTUK VII

ANGLISISMES

1. Moet jou nie daaroor *worry* nie. *Phone* my vanaand. Ek sal my *bicycle* kom haal.

2. Dit gee 'n verkeerde *impressie*. Ek kom tot die *konklusie*. Die *juts* het die man gevonnys.

3. As jy nie *in tyd* kom nie, sal jy vanmiddag *agter skool* bly. Hoewel die laaste sinne wat afsonderlike woorde betref, suiwer Afrikaans is, bespeur ons by nader ondersoek sterk spore van Engelse invloed:

„If you do not come *in time* you shall stay after school this afternoon.”

„As jy nie *op tyd* (*betyds*) kom nie, sal jy vanmiddag *na skool* bly.”

Hier het ons nou drie verskillende maniere van taalonsuiwerheid pleeg: *direkte ontlening*, *bastervorme* en *anglisismes*. In die eerste geval word 'n Engelse woord onverbloemd in 'n Afrikaanse sin gebruik. In die volgende voorbeeld kry die vreemde woord 'n Afrikaanse baadjie aan en in die laaste geval word die sin woordelik uit die Engels vertaal sodat dit 'n vreemde stempel dra en die suiwer Afrikaanse manier van sê ondermyn word.

Omdat ons taal jonk is en baie vatbaar vir invloed van buite, is dit ons groot stryd om te waak teen onsuilwerhede. Vreemde invloed (soos die bogenoemdes) beveg ons met alle mag waar dit ons taal benadeel deur suiwer Afrikaanse woorde en uitdrukkinge te verdring. So eng is ons egter nie dat ons vreemdelinge bestaansreg sal belet, waar ons geen plaasvervangers het nie en waar die oorneem vir ons dus verrykend is. Ons dink byvoorbeeld aan „gentleman,” „speaker” (parlement), „garage,” „confetti,” „alibi.”

Omdat die vreemde invloed nie so ooglopend is in die geval van direkte vertalings nie, sondig ons baie in dié opsig. Hier volg nou 'n lys van die populêrste anglisismes:

A.

After all.
 She looks after the baby.

Stay after school.
 After you, sir.
 He is called after his father.
 All the veld is covered with
 flowers.
 I have answered the letter.
 I am anxious to know.
 Answer the door-bell.
 Apart from that he knows
4. Kyk nou weer na dieselfde stuk (of 'n ander een), skrywe die hoofgedagtes weer en voeg saam, sodat die lengte van die geheel een-derde van die oorspronklike se lengte uitmaak. (Skrywe volsinne.)
5. Skrywe die hoofgedagtes van 'n preek of toespraak wat jy gehoor het, neer.
6. Probeer enige lang berig telegrafies weergee.
7. „Donker nag. Kampvuur. Wit gedaante. Gille. Vluggende seuns. Ontmaskering. Gelag.” Bou jou eie verhaal.
8. Prakseer ander gevalle soos die vorige een.
9. Luister na gesprekke in die direkte rede of soek soortgelyke gevalle uit boeke uit en verander tot die indirekte rede.
10. Doen die teenoorgestelde van die vorige een.

Grammatika:

Klankleer:

1. Skrywe woorde neer waarin die verskillende klanke in Afrikaans voorkom.
2. Bespreek die kwessie, of ons kan skrywe soos ons praat.
3. Spreek die volgende woorde korrek uit: Kerk, kriool, vaas, veranda, viool, diaken, kriolende, vitriool, rantsoen, konsertina, Desember, Dinsdag, mootjies, mootjies, naaldjies, naeltjies, baadjie, baaitjie, hondjie, paatjie, paadjie, kwaavriende, wildebeeste, eerste minister, argitek, telefoon, telegram, bioskoop, meisie, muisie, kombuis.
4. Teken voorbeelde van verkeerde uitspraak uit jou omgewing aan. Spreek die woorde hard korrek uit.
5. Op watter lettergreep val die nadruk in die volgende woorde:

Positief, masjinerie, katalogus, rebelle, absoluut, ordentlik, senator, senatore, professor, professore, kontrak, kongres, element, naby, minimum, elemente, chemie, limonade, fantasie, biologie, jubileum, parallelle, kabinet, munisipale, munisipaliteit, parlement, parlementêre, parasiet, parasities, republiek, republieke, demokrasie, demokraties, elektriese, elektrisiteit, komitee, kommissie.

6. Verdeel in lettergrepe:

Afrikaanse, kakebeenwa, verdraalings, waentjie, finansiële, elektrisiteit, wie, êe, baadjie, opstootjies, viooltjies, gewetenswroeging, fabrikante, alfabeties, verafgeleë, lektrise, lewenstorme, daeraad, definieer, definisies, mebos, leegleëry, nakomelinge, hartewens, naaldekker, voetpaadjies.

7. Let op die spelling van die volgende woorde:

Periode, appelliefle, veronagsaam, burgemeester, karavane, piramide, geruïneer, ondeund, grassaad, geëerde, menssku, ouderwetsste, ingenieur, eenders, afgeëte, bakterieë, pasiënt, parallelle, paraffien, konser-tina's, karba's, liggaamlik, motorhekke, ysterëe, medisyne, monnike, manelletjie, gaatjies, plakkate, goddelike, dodelike, ammunisie, diëet, grammofoon, redaktrise, senuwees, weduwee, debatteer, subsidieer, ordonnansie, gedissiplineerde, geadresseerde, hernubaar, ruuste, priële, finansiël, finansiële, besproeiingskemas, vlermuise, skaapskêre, niksword, verwerdig, goingsakke, opvlieënde, see-engte, nageaapte, kanonnier, posseëlalbum, doop-seels, tameletjie, korrigeer, meubileer, eksamineer, rûms, fabrikante, Kanaäniete, vabonde, haelgewere, firmas-agteroor, eeue-oue, teëgeëet, wabrûe, eende-eiers, indus-trieë, daarenteë, geallieerdes, inteendeel, verafgeleë.

8. Vul klanknabootsende woorde in by:

Esels, bye, vinke, duiwe, voëltjies, uile, muise, slange, kraaie, donderweer, reëndruppels, vuur, stroompies, golfies, branders, wind deur die blare, graanhalme, satyn, sekels deur graan, masjiene, 'n vuurhoutjie op 'n dosie, henne wat gelê het, 'n klomp vrouens bymekaar.

Buigtngsleer:

1. Die volgende woorde het meer as een betekenis (gewoonlik ook meer as een rededeel). Gebruik hulle nou in sinne in hulle verskillende betekenisse en ook (waar nodig) as verskillende rededele:

Toer, roes, werf, spit, aanleg, wyk, opper, span, roer, aanhang, lees, sport, swik, klop, stryk, pomp, akker, toon, klomp, plaat, toegee, pêrel, pas, lemmetjie, lys, maaier, moer, loop, bars, getroos, vlot, bystaan, agterkom,

raap, bot, skeel, sus, maan, trek, steur, gewas, paar, tas, wyk, esel, pas, gang, oes, haas, opslag, deurslag, kluitjie, oorhaal, kolf, lopers.

2. Vul versamelwoorde in vir die vlg.:

Kinders van dieselfde ouerpaar, 'n aantal gedigte van dieselfde digter, 'n aantal uitgesoekte gedigte van verskillende digters; die mense, motors ens. agter 'n lykwa; rys, koffie, suiker ens.; koppies, pierings ens.; robyne, diamante ens.; koffers, handsakke ens.; hoenders, kalkoene, ganse; kussings, slope, lakens; olifante, renosters, seekoëie; wilde-katte, jakkalse, tiere; trippense, sikspense, shillings; peper, neut, kaneel; hout en steenkool; melk, botter en kaas; krokodille en slange; viole, tjello's en kitare; soldate; berge; skepe; baie aanvallende barbare; onderwysers van dieselfde skool; die eiers onder een hen; varkies van een sog; die vrouens van die Sultan; përels in 'n toutjie ingeryg; baie bome.

3. Wat is die meervoud van:

Vlool, kitaar, luiperd, tier, klavier, monnik, manel, ooi, koei, ploeg, rug, wig, eg, kolonne, adres, jas, das, neus, les, lees, intekenaar, wees, wese, pandoer, kossak, Kosak, konsertina, klong, naturel, inspekteur, altaar, konsonant, maarskalk, lies, lelikerd, lob, resep, mas, matrone, grammofoon, malva, mamba, karba, een, sewe, tien, potlood, voorskoot, gat, aanbod, bod, troos, eer, prinsipale, sekretaresse, matras, akte, amp, dal, vat, lat, meerkat, hef, bef, kreef, neef, teef, kanon, balkon, ballon, kamas, terras, kano, piano, vlies, tiran, kalbas, klos, klas, ras, drievoet, koevoet, pondok, kies, hings, pols, puls, luis, kompas, els, pels.

4. Die volgende paar woorde word net in die meervoud aangetref: Speserye, korente, masels. Vul nou die lys aan.
5. Gebruik die verskillende meervoude van die volgende woorde in sinne:

Bal, stuk, teken, middel, gif, gas, lus, kus, goed, klip, leer, hoop, doel. Kan jy die lys aanvul?

6. Skrywe die belangrikste meervoudsuitgange met voorbeeld neer.
7. Wat verstaan jy onder: Manlik, Vroulik, Gemeenslagtig en Onsydig?

8. Hoe vorm Afrikaans die vroulike?
9. Gee die teenoorgestelde geslag van:

Veldkornet, prinsipaal, president, burgemeester, graaf, christen, slaaf, monnik, bestuurder, regent, bibliotekaresse, voog, outrise, lektrise, inspekteur, vyand, stigter, beer, skoonsuster, strooimeisie, breier, speler, erfgenaam, held, huisbaas, eggenoot, baron, dienaar, digter, hertog, redakteur, gode, assistent, beoordelaar, vorste, profeet, bulkalf, orrelis, heks, klong.
10. Wys met voorbeelde hoe ons verkleinwoorde ook vir iets anders as klein dingetjies gebruik.
11. Wys met voorbeelde hoe Afrikaans verkleinwoorde vorm.
12. Gebruik die volgende woorde in verskillende betekenisse en brei die lys uit: Pampoentjies, lemmetjies, skouertjies, bossie, dassie, bussie, pluimpie, lootjie, kuiltjie, besie, lensie, koutjie, kelkie, pypie, kalkoentjie, oortjie, vlooltjie.
13. Gebruik in sinne:

Staaltjie, opstootjie, titseltjie, krieseltjie, stuitjie, biesie, uintjie, bloutjie, agurkie, stifie, steggie, appellefie. Is hulle almal klein dingetjies?
14. Wat is die verkleinwoord van:

Bruidegom, lokomotief, woning, koning, sening, lantern, pa, ma, pad, gat, vat, lak, vrag, vraag, vlag, vlag, kommando, ram, hond, graf, slaaf, uitweg, leeurik, manel, gesin, woning, boor, boord, boordjie, bad, baal, baadjie, boontjie, ertjie, mandjie, perske, biblioteek, draad, bal, baal, kool, in, cog, boog, oorlog, lam, blom, saag, perske, ouma, skip, laai, toring, bom, rib, nôi, lewe, kostuum, hof, hoof, insek, potlood, kanon.
15. Wat weet jy van naamval in Afrikaans? Is dit nodig om iets daarvan te weet?
16. Wat beteken „ou tweede en ou derde naamvalle“?
17. Vertaal in Afrikaans: „Solomon's wisdom,” „Job's patience,” „for Jesus' sake,” „the people of Moorreesburg,” „the Mowbray golf club,” „Boswell's circus,” „something good.”

18. Gebruik in sinne:

Die sweet des aanskyns, 'n steen des aanstoots, 'n stem des roepende in die woestyn, desnoods, goedsmoeds, om bitter s wil. By name, by magte, in der minne, te goeder trou, ten koste van, ter herinnering aan, ter elfder ure, te alle tye, met dien verstande.

19. Verdeel die voornaamwoorde in klasse met 'n voorbeeld by elk.

20. Vertaal:

He shaves himself. Give us our daily bread. Sir, this book is yours. This one is his and that one is hers. You must sit on it. The man, whose daughter is my friend, is here. Here is the cane, with which I beat him. Show me the chair, on which he sat. Where is his book? Here it is. Please don't sit on it. This is the boy, whom I know. I fear God, Who punishes sins. He is a man, on whom we can rely. There are two birds, of which one is a dove. I did not hear a word of what you said. Look through this. Lean against that. The book, in which I read, is his. This is yours. I did it myself. Those who do not want to work, won't eat. They also serve, who only stand and wait.

21. Onderstreep die voornaamwoorde in die vorige vertaling en benoem hulle.

22. Watter lidwoorde ken jy?

23. Gebruik in sinne om die verskil aan te toon:

Op die stal, op stal; op die skool, op skool; oor die draad, oor draad; op die slot, op slot; in die omtrek, in omtrek.

24. Wat beteken verbuiging?

25. Wat verstaan jy onder die letterlike en die figuurlike gebruik van woorde?

26. Gebruik die volgende byvoeglike naamwoorde eers letterlik en dan figuurlik:

Soet, suur, bitter, kort, lang, groot, nou, los, groen, diep, duur, skoon, swaar, taal.

27. Wanneer word byvoeglike naamwoorde verbuig? (Noem net twee of drie gevalle met voorbeelde).

28. Vul die regte vorm van die byv. nw. in:

(sleg) werksmense, (kou) water, (kou) oggende, (grof) brood, (goud) stroop, (yster) wilskrag, (koper) kleur, (silwer) stem, (nou) hekkie, (nou) ontkomings, die (eng) poort, die (breed) weg, 'n (erg) geval, 'n (nors) vent, so 'n (stuurs) houding, die (oop) deur, 'n (oop) graf, (grou) katte, (grou) newels, (ou) mense, die (ou) tyding, (klein) kinders, (klein) kinderharte, (groot) olifante, (groot) verwoestings, (snaaks) leerlinge, (fluks) perde, (trots) vaders, (rats) apies, (moeg) werksmense, (muf) blare, (fris) seuns, (steeks) perde, (streng) ouers, (enkel) beddens, (dubbel) beddens.

29. Noem 'n paar soorte byvoeglike naamwoorde wat geen trappe van vergelyking het nie.

30. Hoe vorm ons trappe van vergelyking in Afrikaans? Noem 'n paar uitsonderings. Wanneer gebruik ons „meer” en „mees”?

31. Gebruik in sinne:

'n Allertreurigste geval, te gelegener tyd, allermins, 'n opperste vabond, einste, bes-moontlik. Wat het jy aan te merk omtrent hulle as trappe van vergelyking?

32. Wat is die trappe van vergelyking van:

Lelik, arm, snaaks, slu, min, presies, jaloers, kalm, fors, fris, geheimsinnig, rats, lelik, moeg, droog, skeef, los, laag, juls, opgewonde, welkom, eg, tevrede, kwaad, trots, dwaas, lig, sunig, verleë, traag, sku, bedeesd, naak, nugter, vroeg, koud, beleef, brandmaer, bedoord, goue, ellendig, stokoud, vroeg, laat, lig, sag, naby, gerus.

33. Hoeveel soorte werkwoorde ken jy? Gee 'n voorbeeld by elk.

34. Begin by die verste verlede en skrywe al die tye in die eerste persoon van die werkwoord „kom” neer. Doen dieselfde met ander werkwoorde (en vertaal dan die sinne in Engels).

35. Wys met voorbeelde op watter maniere Afrikaans die verlede tyd uitdruk.

36. Soek 'n stuk prosa uit. Onderstreep die werkwoorde en sê in watter tyd hulle is. (Vertaal in Engels of omgekeerd.)

37. Skrywe in die verlede tyd:

Ek kan dit doen, maar ek wil nie. Ek moet dit doen, maar ek durf nie. Jy behoort dit te doen, maar dit blyk dat jy nie die man daarvoor is nie. Hy staan weer en slaap. Hy vertel my alles, voordat hy my herken. Die paartjies glimlag, die sterretjies knipoog, en eenkant herkou die osse. Ons deurstaan baie smart. Sê hom hy moet nou sy skuld kom betaal.

38. Wat beteken „bedrywende en lydende vorm”? Kan alle werkwoorde lygend gebruik word?
39. Skrywe die lydende vorm van 'n paar bekende werkwoorde in alle tye neer.
40. Maak passief:

Toe hy die fluitjie blaas, het ek al die bal geskop. Gister het ons 'n vark geslag. Die Voortrekkers het baie gevare getrotseer. Loop haal die koeie. Ek het hom sien gaan. Ek sal die werk dan al gedoen het. Dit kon hy darem nie doen nie. Het jy hom sien gaan? Sal hy so baie kos kan eet? Het hy gister al sy werk gedoen? Waar sal ons nou weer die ring gaan soek?

41. Gebruik in sinne:

Te wag, te wagte; te ken, te kenne; te dank, te danke, te wye; te hoop, te hope; te keer, te kere; te weet, te wete.

42. Gee 'n paar voorbeelde van 'n swak en 'n sterk verlede deelwoord.
43. Skrywe die teenwoordige deelwoord van die volgende neer (en gebruik ook in sinne):

Sien, gaan, staan, slaan, lê, dien, vertel, dartzel, jubel, vroetel, pynig, toeneem, voorberei, klink, wei, verwoes, minag, vuurspu, twis, afwag, inneem, noodly, nikssê, omlê, terughou, bly, beslis, gloei, afmat, aanhou.

44. Gebruik in sinne:

Nieteenstaande, 'n innemende voorkoms, 'n skreiende onreg, uiteenlopende menings, 'n afdoende bewys, siel-dodende arbeid, hardhorende mense.

45. Gebruik eers die swak en dan die sterk vorm van die volgende werkwoorde se verlede deelwoorde voor naamwoorde in sinne:

Sny, slyp, aftrek, opwen, breek, buig, span, skink, sluit, aflê, opskiet, deursteek, klink, bespreek. Brei die lys uit.

46. Vul die korrekte vorm van die verlede deelwoord in:

(Aanbeveel) boeke. (Aanbid) gode. (Aanbied) geskenke. (Aanneem) kinders. Die (aanwys) persoon. Die (begin) taak. (Doen) sake. (Geniet) spysse. (Glet) yster. (Herwin) vryheid. (Kies) komitee. Gods (uitverkies) volk. (Ly) smart. (Neem) besluite. (Bery) polisie. (Sing) liedere. (Verslyt) klere. Agter (sluit) deure. (Voorskryf) boeke. Die (insluit) briefie. (Steel) vrugte. (Sweer) vriende. (Uitspreek) wense. (Vervlieg) dae. (Vries) vleis.

47. Dieselfde as die vorige oefening:

(Agterbly) dierbares. (Bedrieg) uitkom. (Bewys) diens. (Dwing) onderwys. (Splits) ertjies. (Spreek) woord. (Sterf) vader. (Verberg) sondes. (Verbied) vrugte. (Verkry) geld. (Verskyn) boeke. (Genees) kwale. (Vergaan) skepe. (Volbring) taak.

48. Gebruik in sinne:

Met bewoë stem, 'n veelbewoë loopbaan, 'n uitgestorwe boedel, die besette gebied, 'n voldonge feit, van onbesproke karakter, kortgebonde seuns, uitgeslaapte, uitgeslape, opgeblaaide, opgeblase, die oorledene, die gestorwenes, die wedergeborenes, die ondergetekendes.

49. Vul die korrekte verlede deelwoord in (let veral op *-de* en *-te*):

(ploeg) lande. (Kam) hare. (Kerf) tabak. (Vereis) lengte. (Verys) water. (Stoof) vrugte. (Styf) boordjie. (Kloof) hout. (Sif) meel. (Skif) melk. (Bebloed) gelaat. (Wit) mure. (Haat) vyand. (Skaaf) planke. (Laaf) kinders. (Hak) bal. (Belas) boere. (Aanblaas) vuur. (Verwoes) gebied. (Saag) hout. (Salf) hoof. (Hernu) aanvalle. (Was) hande. (Vergroot) portrette. (Skep) kos. (Beantwoord) vrae.

50. Vul die regte vorm van die verlede deelwoord in (en let veral daarop of dit op 'n *-d* eindig of nie):

Sy is fyn (beskaaf). Ons het (onwek) en (onsteur) voortgegaan. Wat is jy so (stewel) en (spoor)? Die huis

is mooi (meubileer). Ons het die huis (meubileer). Verhuur jy die huis (meubileer)? Hy lyk (leer). Die perd trék lekker; hy is (leer). „Boetie, kyk hoe (besmeer) is jy van die stroop.” Jy weet maar (bedroef) min. Die ryk jongeling het (bedroef) weggegaan. Ons arme volk is nou so (verdeel). Aan sy lawwe praatjies is ek nou al (gewoon). Gaan jy jou vyand (onwapen) tegemoet? Hy het my (verbaas), en toe het ek (verbaas) gelyk. So-iets is darem (onhoor). Nou kan jy (onhinder) voortgaan. Piet is (wil) onder sy maats. Hy straf 'n mens (onverdien). Is sy broer ook so (begaaf)? Daar sit Ouma, (verrimpel) en vaal. Oor sy handelwyse voel ek darem baie (belg). Die Heer het ons (seën). Ons is (seën). Die boer lyk my (seën). Hy is (stel) op sy klere.

51. Gebruik in sinne:

Luidkeels, raadsaam, droogvoets, selde, eersdaags, huiswaarts, gretiglik, voortaan, flussies, aanstons, telkens, gunter, hoogstens, onwillekeurig. Tot watter rededeel behoort hierdie woorde?

52. Vul voorsetsels in en gebruik in sinne:

Besorg —. Begaan —. Verslaaf —. Verstoke —. Ingenome —. Bestand —. Vergeleke —. Gesteld —. Geheg —. Geneig —. Jaloers —. Verbonde —. Voldoen —. Gekant —. Onderwerp —. Beskik —. Herken —. Genees —. Hoop —. Beswyk —. Uitsien —. Treur —. Bestee —. Bemoei —. Verlustig —. Herinner —. Versot —. Verkies —. Ontferm —. Verheug —. Voorsien —.

53. Dieselfde as die vorige oefening:

— spyte —. — herinnering —. — wyse —. — teenstelling —. — naam —. — las —. — midde —. — gevolg —. — gebrek —. — behulp —. — stryd —. — grond —. — gunste —. — antwoord —. — betrekking —.

54. Gebruik in sinne:

Op jou maag skrywe, tot bedaring bring, op tou sit, op gedempte toon, afstand doen van, onder skoot, op goeie voet, aan gevaar blootstel, uiting gee aan, afsteek teen, van die taak kwyt, deur murg en been, in jou spoor trap, aandring op, afskrik van, in die huwelik tree, gras onder jou voete laat groei, meester bo meester,

op die lappe kom, oor die weg kom, in die knyp wees, in dolle vaart, jou op iemand verlaat, in die pad steek, in die geheim inlaat, uit die voete maak, in die war stuur, uit die ou doos, voor op die wa wees, buite die kwessie.

55. Soos die vorige:

Voor oë hou, in die oog hê, in die oog hou, ter ore kom, om die ore kry, deur sy nek praat, agter die rug praat, in die rug steek, op die vingers tik, om die vinger draai, op die been bring, op die been wees, op 'n haar na, na die mond praat, onder hande neem, uit die hand verkoop.

56. Skrywe in woorde:

80, 880, 999; 9,999; 99,999; $\frac{3}{5}$, 5/23, 7.30, 8 n.m.

Woordvorming:

1. Maak deur voorbeelde die verskil duidelik tussen samestelling en afleiding.

2. Vorm samestellings van:

Grote + skuur + hospitaal, nommer + tien + skoene, was + skottel, liefde + gawe, liefde + geskiedenis, merino + skape, biologie + toets, salaris + skaal, besproeiing + skema, stel + werk + boek, rugby + voetbal + klub, tennis + seisoen, christen + studente + vereniging, debat + vereniging, son-dag + skool + piekniek, swart + wit + pens + bok, see + kus + stamme, arm + blanke + vraagstuk, agter + klein + kinders.

3. Vorm samestellings van die volgende:

Traan en klier, traan en dal, siel en stryd, siel en tal, koek en pan (koekpan of koekepan?), haas en bek, haas en lip, woord en voerder, woord en wisseling, mier en hoop, mier en nes, perd en koper, pen en wortel, pen en mes, staat en diens, staat en bybel, mens en vreter, mens en vrees, kind en tuin, kind en been, man en mens, man en taal, vrou en mens, vrou en trou, god en diens, god en loënaar.

4. Soos die vorige:

Groen en voer, blou en vitriool, gedroogde en vrugte en handelaar, growwe en meel en koekies, blou en oog

- en seun, groot en maag en oom, bont en poot en bosluis, lang en been en spinnekop, vaal en haar en nôi.
5. Soek samestellings uit leesboeke, opstelle, kennisgewings ens. en skrywe hulle korrek neer. *Onthou dat 'n samestelling as een woord geskrywe word.*
 6. Illustreer deur voorbeelde die gebruik van die koppelteken. (Dink aan: Oud-leerling, Suid-Afrika, visevoorsitter, see-eend, luitenant-kolonel ens.)
 7. „Rooi”— „bloedrooi.” Nou dieselfde met:
Graag, sedig, vas, hard, nodig, lig, droog, duur, snel, warm, glad, blank, rond, sout, gewoon, oop, orent, weinig, heet, benoud, mak.
 8. Wat is die verskil tussen:
'n Edel man en 'n edelman, vet lammers en vetlammers, groen druiwe en groendruiwe, 'n wit man en 'n witman, 'n rooi hond en rooihond, blink leer en blinkleer, koel kamers en koelkamers, bitter appels en bitterappels? Brei die lys uit.
 9. Soos die vorlge:
So lank en solank, op soek en opsoek, op loop en oploop, alte en al te, mool praat en moolpraat, vry spreek en vryspreek, te na kom en te-na-kom, jou les opsê en les-opsê, kisklere en klerekis, bokmelk en melkbok, taalmanne en mannetaal, te kort en tekort, tentwa en watent, spoorwa en waspoor, tussenin en intussen, uurwerk en werkuur, wolskaap en skaapwol, vakschool en skoolvak.
 10. Wat beteken skeibare en onskeibare werkwoorde?
 11. Skrywe die verlede deelwoord na „het” neer van:
Gekskeer, nagee, omhels, ginnegaap, weergee, knip-oog, kwaaddoen, na-aap, blootstel, gelukwens, volbring, gerusstel, riemspring, kwytskel, voetslaan, bokspring, uitoorlê, voldoen, onderskat, oorbluf, voltooi, volhard.
 12. Gebruik skeibaar en onskeibaar in sinne:
Ondergaan, oortree, voorkom, voorspel, oorlê, cortree, oorstroom, onderteken, oorlaai, deurdring, onderdruk, oorweeg, deursoek, onderskep, omsoom. Brei die lys uit.

13. Skrywe 'n aantal bekende woorde soos „huis,” „man,” „vrou” ens. neer en vorm samestellings deur ander woorde voor- en agteraan te las.
14. Vorm deur middel van klankwisseling afleidinge van:
Gryp, buig, drink, gaan, gebied, beveel, verloor, sit, skiet, breek, byt.
15. Skrywe die voor- en agtervoegsels neer wat jy ken en bou daarmee nuwe woordfamilies.
16. Gebruik in sinne:
Laagte en laagheid, duisternis en duisterheid, opmerkings en aanmerkings, drukking en drukte, onmeetlik en onmeetbaar, geldig en geldelik, rusteloos en onrustig, troosteloos en ontroosbaar, onbeskaamd en skaamteloos, kinderlik en kinderagtig, buigbaar en buigsaam.
17. Vorm persoonsname van:
Sterwe, bank, redeneer, skuld, herberg, winkel, hengel, woes, wreed, doen, ageer, preek, skiet, vlieg, verban, spekuleer, boete, reis, verdrink, eksamineer, dobbel, produseer, inteken, profiteer, moor, vlug, fabriseer, lieg, bedel, leer.
18. Abstrakte selfst. nwe. van:
Lank, groot, breed, belese, raas, verwoes, voltooi, verdraai, dig, geleë, geneë, oud, nasionaal, juis, jonk, musiek, geheg, verkneg, verdraag, onbeskof, onbeskaaf, produseer, nalaat, spreek, vlieg. Brei die lys uit.
19. Vorm werkwoorde van:
Advies, blokkade, meubel(s), punktuasie, rantsoen, argument, kommando, debat, ryk, siel, afgod, blaam, half, datum, kruis, rein, klein, groot, water, goud, pyn, arm, dubbel, helder, lang, balans, hoof, kort.
20. Plaas voor die volgende werkwoorde soveel voorvoegsels soos moontlik en gebruik dan in sinne:
Hou, stel, gaan, haal, ken, staan, sien, sluit, slaan, lê, val, kom, werk, kyk.
21. Vorm byvoeglike naamwoorde van:
Fout, haat, moeder, vlug, kompliment, herhaal, laster, hoofsaak, bevorder, smaak, beswaar, swier, spreek-

woord, mens, rebel, skande, skandaal, gees, matesis, aandag, aansteek, aanvang, armoede, besit, broer, fabel, fantasie, fatsoen, fees, geloof, grammatika, hart, hartstog, horison, humeur, jeug, sap, leuen, klimaat, wetenskap, geheim, glas, wyd, patriot, rebel, koning, priester, pous, hart, hof, rede.

22. Gee die persoonsnaam en die adjektief van die vlg.:

Arabië, Denemarke, Egipte, Italië, Japan, Pole, Brasilië, Java, Kanada, Meksiko, Argentinië, Malta, Siam. Brei die lys uit.

Sinsleer:

1. Wat beteken enkelvoudige, veelvoudige en samegestelde sinne?
2. Gee (in sinne) voorbeelde van: Onderwerp, gesegde, voorwerp, byvoeglike naamwoorde, bywoorde, byvoeglike en bywoordelike bepalings.
3. Maak deur middel van voorbeelde die verskil duidelik tussen hoofsin en bysin.
4. Brei die volgende uit tot samegestelde sinne:
Die *noodlydendes* het hulp nodig. Ons ken die *strydlustiges*. Die ou vader, *gebroke deur smart*, het gesterf. Die *eens so veragte man* is nou beroemd. Ons het *teen sononder* gekom.
5. Maak die volgende sinne enkelvoudig:
Die wat treur, sal lag. *Al het dit gereën*, het hulle gekom. Party mense lewe, *sodat hulle kan eet*. *Die mense wat teen ons speel*, sal verloor. Dit gaan *beter as (wat) ons verwag het*.
6. Gebruik die volgende voegwoorde in sinne:
Dog, maar, want, en.
Tog, nogtans, derhalwe, dus, nietemin, desnietemin.
Egter, daarenteë, trouens, immers, altans.
Opdat, sodat, aangesien, mits, tensy.
(Let op die woordorde en die punktuasie van jou sinne).
7. Vertaal sinne waarin bekende voegwoorde voorkom, in Engels, en let op die verskil in woordorde.

8. Skrywe die volgende oor, maar plaas die skuins-gedrukte woord eerste:

Ek het hom *vanoggend* gesien. Jy mag darem nog *onder* die bome speel. Hy het *gewoonlik* sit en slaap. Ek ken haar, *vandat* sy hier gekom het. Ek weet *waar* jy heengaan.

9. Voltooi die volgende:

Ek sal moet loop, want
 Ek sal moet loop, omdat
 Hy is vir my kwaad, dog
 Hy is vir my kwaad, tog
 Hy doen sy werk, al
 Hy doen sy werk, alhoewel
 Hy skuld vir my; sodus,
 Hy skuld vir my; dus
 Hoe verder jy loop, hoe
 Hy sê dat, as,

10. Vertaal:

He is angry, because I did not wait. Seeing that I know more, he should listen. He talked; so you must punish him. Since I came here, he has never done his best. The man, on whom you rely, cannot help you. What he saw he cannot tell you. That he is rich I cannot believe. Before he came, I had left.

11. Soek uit enige boek sinne uit om te ontleed. Ontleed sinne wat jy vandag geskryf het.
12. Toon deur voorbeelde aan hoe die volgende woordjies verskillende soorte bysinne kan inlei: Of, wanneer, waar, hoe.
13. Skrywe drie enkelvoudige sinne en verbind hulle deur voegwoorde tot een samegestelde sin. Herhaal die oefening.
14. „Ek sal môre perskes gaan haal.” Ontken hierdie sin op vier aparte maniere deur die eerste „nie” elke keer voor ’n ander woord in te skuif.
15. Ontken:

Ek weet iets. Ek sien hom êrens. Hy kan hier lewers wees. Het jy dit al ooit gehoor? Of jy of ek moet gaan.

16. Gaan die uiteensetting van ontleding, voegwoorde en sinsbou weer 'n slag na.

Betekenisleer:

1. Gebruik in sinne:

Tabak en twak, vlees en vleis, bundel en bondel, ledig en leeg, bodem en boom, eindelik en eintlik, daarom en darem, goedere en goeters, tekene en tekens, klippe en klippers, middele en middels, rade en rate, grade en grate, sade en sate.

2. Wat beteken figuurlike taalgebruik?

3. Gebruik die volgende woorde figuurlik in sinne:

Hoof, mond, tand, hand, oor, rots, skakel, golf, uitbars. Brei die lys uit.

4. Soos die vorige:

Afreken, op sy plek sit, inkruip, dit staan vas, uitval, uitslaan, vaar, in sy kraal, aanlê, stukkend knyp, op die afdraand, onderdeur kom, dronkslaan, uitvaar, opstaan, invlie, voorbok, voorstaan, voortrek, uitvind hoe die wind waai, voor die reën tuiskom, daar is 'n skroef los, sy neus optrek, op die drumpel, afsmeer, uitlek, asem ophou, duim vashou, vasbrand, kaf verkoop, knoop, kop uittek.

5. Voltooi die volgende vergelykings en soek nog voorbeelde:

So maer soos —. So vet soos —. So bleek soos —. So sterk soos —. So lelik soos —. Lieg soos —. Praat soos —. Vloek soos —. Rook soos —. Skree soos —. So taal soos —. Groot mond soos —. Plat gesig soos —.

6. Gee woorde met dieselfde betekenis vir:

Naturel, beroemde, vereffen, onmiddellik, bemiddelde, sindelik, wysig, eggenoot, foutief, idioom, beskroomd, geestig, bejaarde, tug, aanwesig, gestalte, per abuis, litteken, vaandel, besorgdheid, neerslagtig, baantjie, agting, verering, spoed, predkant.

Gee die betekenis van bostaande en brei die lys uit:

7. Dieselfde as die vorige:

Prinsipaal, biblioteek, entoesiasme, klimaks, horison, suspisie, admireer, appresieer, outeur, akkuraat, muni-

sipaliteit, finansieel, konklusie, ordinêre, periode, opponent, populasie, dokter, professor, simpatie, korreksies, eleksie, subskripsie, dekorasie, industrie, piano, sillabe, importeer, paraffien, aksent, kwaliteit en kwantiteit, parlement.

8. „Praat,” „spreek,” „babbel,” „gesels,” „klets.” Bou nou soortgelyke woordfamilies i.v.m. die volgende en gebruik hulle dan in sinne:

Loop, eet, slaap, blink, mooi, lelik, dom, groot, werk, beloning, sterwe, kwaad. Brei die lys uit.

9. Gee antonieme (woorde met die teenoorgestelde betekenis) vir:

Minderheid, rykdom, voordeel, profyt, vergroot, vergemaklik, versnel, skriftelik, erns, rustend, direk, versier, ydel, selde, verganklik, skadelik, eb, gewillig, beken, orde, suinig, styging, aankoms, dapper, aanraal, poësie, reus, uitgaaf, te danke, per abuis, teoreties, oorsaak, voorstander, lief en —, voorspoed, vir tyd en —, swart op —, deur dik en —, tydelik, verdonker, vreedsaam, innemend, bemoedig, opgeruimd, bevoordeel, grondig, letterlik, stedelik, spaarsaam, spierwit, papnat.

10. Gaan weer die woorde na wat eenders of byna eenders klink, en maak 'n lys van *f* en *v*, *ei* en *y*, *d* en *t*, *ie* en *u*-gevalle. (Bv. fonds en vonds, lel en ly, mild en milt, sier en suur).

11. Gebruik in sinne (veral om die verskil aan te toon):

Mild, milt; lid, lit; saad, saat; fors, vors; brei, bry; fonkel, vonkel; vier, fier; vaal, faal; vel, fel; dokter, doktor; vee, fee; feit, fyt; vyl, veil, fell; syne, seine; styl, stell; vly, vlei; pyl, pell; ys, eis; ryk, reik; brei, bry.

12. Soos die vorige:

Lid, lit; rand, rant; graad, graat; end, ent; bod, bot; boud, bout; veld, velt; pond, pont; luid, luit; bont, bond; loot, lood; kruid, kruit; moed, moet; skud, skut; boordjie, boortjie; baadjie, baaitjie; paatjie, paadjie; maer, maar; vermaard, vermaerd; neet, neut; keil, kull.

13. Gebruik in sinne:

Oulik, outyds, ouderwets; vrymoedig, vrypostig, voorbarig; brak, braak; swaarte, swaarheid, swarigheid;

vaas, waas; laan, laning; ingetoë, opgetoë; gesag, ontsag; reël, reling, reëling; geroep, geroepe; uitgeslape, uitgeslaapte; bo-op, boonop; eindelik, eintlik; weë, wieë; besoek, besoeking; versoek, versoeking; voorstel, voorstelling; ontdek, uitvind; skyf, skulf; krink, krenk; skenk, skink; verset, versit; begin, beginsel; hoogte, hoogheid; duisternis, duisterheid; bewoners, inwoners; opmerkings, aanmerkings; vyandig, vyandelik; verstandig, verstandelik; afsonderlik, afgesonderd; daaglik, alledaags; bewus, onbewus.

14. Vul passende woorde in:

'n Innemende —. 'n Bevestigende —. Dawerende —. Blakende —. 'n Oorverdwende —. Stralende —. Sprekende —. In klinkende —. Afbrekende —. Dobberende —. Versengende —. Fonkelende —. Uit ons prille —. Die gryse —. Wulwende —. Koepelende —. 'n Skreulende —.

15. Soos die vorige:

Eksamens —. Verbeteringe —. Belastings —. Plekke —. Kennis —. Verkoue —. 'n Trein —. Stappe —. 'n Rigting —. Wrok —. Ontslag —. Vrees —. Agting —. Foute —. Besware —. 'n Eed —. Die aftog —. Die onderspit —. Probleme —. Punte —. Aandag —. 'n Standbeeld —. 'n Vlag —. 'n Voorstel —. 'n Vergadering —. Protes —. Die laaste asem —. Die tydelike met die ewige —. Besin, eer jy —. Iemand in die nek —. Iemand die nek vol —. Onderhandelings —. 'n Gesprek —. Die stryd —. Die toon —. 'n Voorbeeld —. 'n Kontrak —. 'n Tere snaar —. Gaste —. 'n Beëdigde —. 'n Onbestrede —. Weerklank —. Voorbereidsels —. Verklarings —. Onbekende woorde —.

16. Gee een woord vir dié tussen hakies:

(Wat een-en-twintig jaar oud is) meisies. 'n (Wat oor see kom) mode. 'n (Wat altyd betyds is) seun. (Wat niks verdra nie) mense. (Wat nie herroep kan word nie) kinderdag. (Wat nooit vergaan nie) liefde. (Wat graag werk) boere. (Wat graag praat) vrouens. 'n (Wat hom met alles bemoei) skepsel. (Wat jy kan jammer kry) kinders. (Wat geen troos bring nie) oostewind. (Wat nie getroos kan word nie) kinders. (Wat onheil voor-

spel) tekens. (Wat nie uitgehou kan word nie) pyn. 'n (Wat nie uitgeput kan word nie) voorraad. 'n (Wat nie genees kan word nie) kwaal. 'n (Wat jy nie kan beweeg nie) man. 'n (Met baie kleure) rok. 'n (Wat middernag plaasvind) gedoente. 'n (Wat 'n groot indruk maak) skouspel. (Wat altyd gereed is om te help) bure. (Wat baie graag wil leer) leerlinge. (Wat die moeite werd is om te prys) dade. (Wat die waarheid liefhet) skrywers. (Wat jou voed) kosse. (Wat jy jou maar net verbeel) besware.

17. Gee een woord vir:

Iemand wat 'n motor bestuur. Die bestuurder van 'n vliegtuig. Die bestuurder van 'n lokomotief. Die hoof van 'n bank. Die hoof van 'n stasie. Die eerste burger van 'n dorp of stad. Die eerste burger van 'n provinsie. Die eerste burger van ons land. 'n Persoon wat sonder doktersertifikate medisyne gee. 'n Man wat kollekteer. 'n Baie nuuskierige persoon. 'n Baie suinige persoon. 'n Persoon wat baie waag. 'n Mens wat baie lol. 'n Persoon wat baie eet. Die persoon wat by my kuler. Die man en die vrou by wie ek kuler. Nuwe soldate. Ou soldate. 'n Man wat bagasie op die stasie rondstoot. 'n Dame wat sake in 'n biblioteek reël. 'n Persoon wat net die donker kant van 'n saak raaksien. Die man wat net die „blink” kant raaksien. 'n Man wat oor 'n kind gestel word, as sy ouers sterf. Mense wat na die nagmaal kom. Mense wat te voet loop. Kinders wat in 'n koshuis loseer. Mense wat ander mense begrawe. 'n Man wat hom anders voordoen as hy werklik is. Mense wat met hout werk. En met lood? Mense wat vakansie hou. Mense wat baie spot. En vir alles bang is?

18. Wat noem ons:

Die ding waarop jy die datum lees. Die instrument om die lugdruk te meet. En die temperatuur? Die goed wat die son verhinder om in die kamer te skyn (buite en binne). Die plek waar ou dokumente bewaar word. En waar jy na die sterre kyk? Die ding waarmee jy tennis speel. En krikeket? Die plek waar nonne woon. En primêre onderwysers(-esse) opgelei word? En predikante opgelei word? Die plek waar baie Kaffers

woon. Die gebied waar wild nie mag geskiet word nie. Die plek waar proewe in chemie uitgevoer word. En waar Jode kerk hou? Waar baie mense gaan vakansie hou? En waar teringlyers gaan om gesond te word? Waar kranksinnige mense gaan? 'n Boek waarin mense aantekene wat elke dag gebeur.

19. Maak 'n lys van persone en sake wat jy i.v.m. die volgende sal sien:

'n Winkel, 'n garage, 'n wamakery, 'n barbierwinkel, 'n bank, 'n skool, 'n poskantoor, 'n stasie, 'n kafee, die parlamentshuis. Brei die lys uit.

20. Wat beteken die volgende:

'n Brandwag, 'n tergee, 'n kelner, 'n evangelis, 'n tronkvoël, 'n rampokker, 'n penkop, kuikenmoord, bokkie, niksnuits, smeerlap, skorriemorrie, tjankbalie, werkesel, babbelkous, manteldraaier, domoor, jibroer, kafferpak, wynvlieg, sondebok, knapsakboer, geluksvoël.

21. Watter metodes volg jy om jou woordeskat uit te brei? Watter pogings wend jy aan om presies te leer sê wat jy voel?

22. Gebruik in sinne:

Aandeel, aanspraak, aflos, akkoord, bedlënd, benul, beslag, boedel, in duie val, op die duim ken, die daad by die woord voeg, ten einde raad, geld in die water gooi, meer geluk as wysheid, uit die hand verkoop, oor jou hart kry, lewende hawe, inteken op, die bal aan die rol sit, 'n klip uit die pad rol, met jou talente woeker, afrokkel, voortaan, peetoom, sluipe, hink, winddroog, boesemvriend, swakkeling, voorbode, 'n rooskleurige toekoms, dis moeite tevergeefs.

Puntuasie en Hoofletters:

1. Noem die verskillende puntuasie-tekens.
2. Skrywe sinne neer om die verskillende gebruike van elkeen te illustreer.
3. Soek enige stuk prosa uit en let op hoe die skrywer punteer. (Skrywe oor, indien nodig.)
4. Laat iemand 'n stuk uit enige boek voorlees, sodat die klas dit kan oorskryf en punteer.
5. Skrywe voorbeelde neer om die verskillende gebruike van hoofletters te illustreer.

Idiome:

1. Gaan weer die hoofstuk oor idiome na.
2. Maak 'n lys van idiome wat rym.
3. Maak 'n lys van plaaslike idiome, d.w.s. idiome wat waarskynlik net in jou omgewing bekend is.
4. Wat beteken:

Jou kop lelik stamp, met modder gooi, afgerem lyk, oor 'n boeg werk, die plan val in duie, uit sy duim suig, op sy duim ken, iemand dit op die hart druk, jou hoed agterna gooi, op jou maag skrywe, baie kaf verkoop, dit gaan nie sonder klere skeur nie, nie kop of stert uitmaak nie, skel uit, 'n ongemaklike vent, moord en brand skree, die laaste asem uitblaas, eers daaroor slaap, jou lyf wegsteek; daar haak niks, nie laat sleglê nie, laat vat, die Leviete voorlees, hom nie van Adam se kant ken nie; gee hom die pinkle, dan neem hy die hele hand; in die slag bly, van die toneel verdwyn, lelik bontstaan, iemand se oogappel, hondmaak, druipstert aankom, nie 'n flenter omgee nie, gee die duiwel wat hom toekom, dis meer geluk as wysheid, onbekend maak onbemind, met jou mond vol tande sit, uitgebak wees, jou lelik vasloop, doekies omdraai, vir iemand kers vashou, op twee stoele sit, bobaas wees, iemand uitstof, 'n bitter pil om te sluk, jou nie tweemaal laat nooi nie, jou hart daarop sit, die dood op die lyf ja, net goed om die dood te gaan haal, so gemaak en so laat staan.

Anglisismes:

1. Gaan weer die lys anglisismes na.
2. Vertaal:

Last week. The hall is lit up. Brave soldiers. To catch the bus. To miss the bus. After supper we go for a walk. What do you mean? That means nothing to me. You had better do it now. To book seats. For this reason I am sorry. It is all the same. You must not put yourself out for me. I made him do it. Do you take sugar? That will do. He called me by my name. Answer my question. Have you made out my account? On the other hand it is hard on him. The boys stand in a line. Write out twenty lines after school. The bell

has gone. I caught a cold. Take off your hat and put on your jacket. To grow apples. To tear up a letter. He pleases his parents. You must ring up your friend. He picked up the language soon.

Vertalings:

1. Maak 'n lys van die Engelse woorde wat in jou omgewing tussen die Afrikaanse gehoor word.

2. Maak 'n lys van mooi Afrikaanse woorde i.v.m.:

Kruidentersware, die poskantoor, die spoorweë, die verskillende vertakkinge van sport, klerasie, kosse, strande, motorkarre, vliegtuie ens.

3. Wat dink leerlinge van die volgende:

Hensop, boikot, disnis, uit wans uit, kaboedel, boksendais, opfleks, uitpaas, uitplek, top, bokskyn, horssweep?

4. Vertaal:

Tonic solfa, keen, flower-girls and page-boys, elevator, fly-wheel, spring (of a watch), cold storage, home-sick, side-car, posy, plug, that is the limit, gangway please, a pointless draw, float, studs, cuffs, breakfast and supper, cruet stand, hall stand, postal order, money-order, good-bye, to spend weekends, sleeveless, tap-dancing, show, show-windows, pavilion, switches and bulbs, in the lobby, strawberries and ice-cream.

Afkortings:

Gaan weer die hoofstuk oor afkortings na.

Oor Literatuur:

1. Maak 'n lysie van ons Afrikaanse tydskrifte (nie dag-blaaie nie). Watter van hulle lees jy?
2. Maak 'n lys van ons digters, kortverhaalskrywers, roman-skrywers ens. met hulle werke wat standaard-ses-leerlinge sal interesseer.
3. Watter woordeboeke ken jy, en watter gebruik jy?
4. Organiseer 'n voordragwedstryd om mooi dinge uit ons letterkunde onder die klas se aandag te bring.
5. Organiseer een of ander skryfkompetisie.

HOOFSTUK XII

ALGEMEEN

Hoe leer 'n mens 'n taal aan:

By die aanleer van 'n taal behoort 'n mens jou oor, jou oog, jou tong (en jou hand) te gebruik. Dit beteken dat jy moet *luister, lees, praat en skrywe*. Al vier is belangrik vir die ontwikkeling van taalgevoel, en leerlinge wat nie van al vier middele gebruik maak nie, vertraag onnodig hulle eie ontwikkeling. Miskien speel die oor, veral in ons eeu van die radio, die belangrikste rol, want ons is maar gedurig geneig om i.v.m. taal na te boots. Ons praat soos ander mense praat. (Daarom praat ons ook graag so verkeerd soos ander mense). Gevolglik is dit goed om navolgenswaardige voorbeelde te hê. En hoe kan leerlinge wat nie die geleentheid het om na mooi Afrikaans te luister nie, nou vergoed vir die verkeerde taal wat hulle heeldag in hulle omgewing hoor? Daar is net een weg en dit is die boek en die tydskrif wat in 'n keurige taal geskrywe is. *As leerlinge, die korrekte en mooi dinge hard lees en konsentreer op die manier waarop die skrywer skrywe, sal hulle taal vanself verbeter.*

Ons Taalfoute:

Bale mense word oud met hulle taalfoute. Hulle is eens op 'n tyd daarop gewys, maar hulle het òf kwaad geword òf halsstarrig op die verkeerde weg voortgegaan. Dit is só maklik om te verbeter: *Skrywe die korrekte gebruik 'n paar keer neer of sê dit hard, en die korrekte vorm word bestendig*. Sommige mense maak nie juis taalfoute nie, maar hulle woordeskat is so beperk en hulle styl so armoedig, dat hulle niemand kan roer nie. Hulle moet stelselmatig hulle woordeskat uitbrei en mooi dinge uit ons letterkunde lees.

Grammatika en die lewende taal:

Dit is belangrik om grammatika te ken, want anders weet 'n mens nie wat die regte gebruik is nie, maar dit is belangriker

om in die lewende taal belang te stel. Taal is nie iets wat in die klaskamer gemaak word nie, *maar dit is iets van die lewe*. Wat beteken dit? Dit beteken dat leerlinge moet leer *luister, opmerk en aanteken*. Skaf aantekeningboekies aan ten einde die interesanthede in die taal van ons onderwysers, ons ouers, ons maats, ons winkels, ons strate te versamel en na die klaskamer te bring. *Verbeter die taal van jou omgewing in die klaskamer, en dan sal die volgende geslag meer taalbewus wees.*

Handhaaf en Bou:

Al hierdie dinge sal egter eers dan regkom, as ons gesindheid teenoor ons moedertaal reg is. Dis vir alle mense 'n skande om te sê: „Give me that ‚kryt;’” maar vir baie mense is dit heeltemal in orde om te sê: „Gaan haal vir my ‚chalk.’” As ons respek begin ontwikkel vir die woorde van ons mond, sal al die ander dinge vanself kom. Handhaaf! Praat jou taal sulwer en keurig. Maar moenie vergeet om te bou nie. Ontwikkel jou uitdrukkingsvermoë op alle moontlike maniere. En skep! Skrywe! Daardie gedagtes en gevoelens en drange in jou is gemaak om uitgedruk te word. *Sê wat jy te sê het, so mooi en treffend soos jy kan.* Op dié manier leer jy eendag jou plek inneem in die ry van groot Afrikaanse kunstenaars.

